FERDINAND POSTMA-BIBLIOTEEK

DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KONINKLIKE KOMMISSIE VAN 1881 IN TRANSVAAL.

Deur.

NICOLAAS JOHANNES DE JAGER.

Verhandeling voorgelê ter verkryging van die M.A.-graad in die departement Geskiedenis, Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelik Hoër Onderwys.

21 Januarie 1959.

INHOUDSOPGAWE.

Bladsy.

VOORWOORD

HOOFSTUK I.

VREDE..... 1- 24.

(i) Boere besluit om tot wapengeweld oor te gaan... 1.

(ii) Britse Imperialiste ten gunste van anneksasie.. 2.

(iii) Liberaliste teen anneksasie gekant..... 3.

(iv) Gladstone verander beleid na verkiesing van 1880 4.

(v) Die Vryheidsoorlog en sy invloed op die Britse buitelandse beleid..... 4.

(vi) Vredesonderhandelings..... 6.

(vii) Twee belangrike telegramme van Kimberley..... 15.

(viii) Die vredesverdrag..... 21.

HOOFSTUK II.

OORSPRONG, SAMESTELLING EN ALGEMENE OORSIG OOR DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KONINKLIKE KOMMISSIE.....25- 38.

(i) Die oorsprong..... 25.

(ii) Samestelling van die Koninklike Kommissie..... 33.

(iii) Die Kommissarisse..... 34.

(iv) Algemene oorsig oor die werksaamhede van die Koninklike Kommissie..... 35.

HOOFSTUK III.

ERKENNING VAN DIE BOERE-AFVAARDIGING.....39- 45.

(i) Name van die Boere-afvaardiging voor die Koninklike Kommissie gelê..... 39.

(ii) Die Boere se standpunt..... 39.

(iii) Die standpunt van die Koninklike Kommissie..... 42.

HOOFSTUK IV.

BEWEERDE OORLOGSMISDADE.

(i) Kimberley se opdrag aan die Koninklike Kommissie 46.

(ii) Probleme in verband met die verhoor van beweerde oortreders..... 46.

(iii) Beweerde misdade..... 51.

a. Gevalle waar die Koninklike Kommissie sowel as die Boere-afvaardiging dit eens was dat 'n daad gepleeg is, wat strydig was met die gebruike van beskaafde oorlogvoering.... 52.

b. Gevalle waar die Koninklike Kommissie 'n strydige optrede beweer het, maar waar die Boere-afvaardiging dit ontken en beweer het dat daar nie strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering gehandel is nie ..... 59.

c. Gevalle waar die Koninklike Kommissie 'n strydige optrede vermoed het maar later saam met die Boere-verteenwoordigers moes erken dat dit nie die geval was nie..... 62.

d. Gevalle waar die vermoede bestaan het dat die gebruike van beskaafde oorlogvoering oortree is, maar waar by verdere ondersoek geblyk het dat dit 'n gewone misdaad was..... 64.

HOOFSTUK V.

BRITSE SOESEREINITEIT EN NATURELLE AANGELEENTHEDE. ..... 66-76.

(i) Wat Britse soesereiniteit beteken het..... 66.

(ii) Die Resident..... 69.

a. Beheer oor buitelandse aangeleenthede van die staat..... 70.

b. Beheer oor sake rakende die grense van die staat..... 70.

c. Beskerming van die naturellebelange in die staat..... 71.

HOOFSTUK VI.

DIE OOSGRENSVRAAGSTUK..... 77-91.

(i) Voorgestelde verdeling van Transvaal..... 77.

(ii) Opdrag van Kimberley aan die Koninklike Kommissie. 77.

(iii) Redes waarom die Boere 'n verdeling van Transvaal teengestaan het..... 81.

(iv) Faktore wat die Koninklike Kommissie ten gunste van afskeiding aangevoer het..... 86.

(v) Redes waarom die Koninklike Kommissie nie ten gunste van afskeiding besluit het nie..... 88.

HOOFSTUK VII.

DIE WESGRENSVRAAGSTUK .....92-110.

(i) Hoe die wesgrensvraagstuk ontstaan het..... 92.

(ii) Die wesgrensvraagstuk tydens die Britse bewind.... 97.

(iii) Die Koninklike Kommissie en die wesgrens..... 107.

HOOFSTUK VIII.

FINANSIES.....111-119.

(i) Skadevergoeding..... 111.

(ii) Staatsskuld..... 115.

HOOFSTUK IX.

BEKRAGTIGING VAN DIE PRETORIA-KONVENSIE.....120-128.

(i) Die Driemanskap onderteken die Pretoria-konvensie onder protes..... 120.

(ii) Besware van die Volksraad teen die Konvensie..... 121.

(iii) Die Volksraad bekragtig die Pretoria-konvensie.... 125.

SLOT.....129-131.

BIBLIOGRAFIE. .....132-134.

KAARTE.

1. Bevolkingskaart..... 79.

2. Besette en onbesette plase op die Wesgrens.....,. 100.

3. Gebiede waarop verskillende natureilestamme aanspraak gemaak het..... 101.

4. Gebied wat deur Blankes bewoon is by anneksasie en daarna..... 102.

5. Moysey se voorgestelde Wesgrens..... 103.

6. Grens soos deur die Koninklike Kommissie aanvaar. 104.

7. Grens vervolg..... 105.

8. Transvaal soos deur die Koninklike Kommissie in die Pretoria-konvensie beskryf..... 106.

Al hierdie kaarte is fotostatiese afdrukke van kaarte wat voorkom in C. 3114.

VOORWOORD.

Hoewel in haas elke boek oor Suid-Afrikaanse geskiedenis ruimte aan die Eerste Vryheidsoorlog en die Pretoria-konvensie afgestaan word, word daar in die meeste gevalle net terloops van die Koninklike Kommissie, die opstellers van die Pretoria-konvensie, melding gemaak.

Wat in hierdie werk aangebied word, is 'n historiese ondersoek na die werk en betekenis van die Koninklike Kommissie.
Die enigste werke wat meer as slegs 'n toevallige verwysing na die Koninklike Kommissie aanbied is „De Eerste Annexatie van de Transvaal" van dr. W.L.Leyds, „Transvaal en Britse Soesereiniteit" van D.J.Pieterse, „Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek" van J.F.van Oordt en die werk van Eric A.Walker, „Lord De Villiers and his Times". In alle gevalle is daar egter baie oorsigtelik te werk gegaan en is die onderwerp nie grondig bestudeer nie.

Die vernaamste bronne wat geraadpleeg is, is die Britse Blouboeke, die Joubert-versameling en die Volksraadsnotule in die argiefdepot te Pretoria. Verder het die Staatskoerant en die genoemde werk van dr. Leyds kostelike informasie gebied.

By die voorlegging van hierdie verhandeling is dit vir my aangenaam om my promotor, dr.J.S.du Plessis baie hartlik te bedank vir sy bekwame leiding en opbouende kritiek.

Aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing betuig ek my innige dank vir die finansiële steun waardeur ek instaat gestel is om navorsing te doen.

N.J.de Jager.

GERMISTON,
21 Januarie 1959.

HOOFSTUK I.

VREDE.

(i) Boere besluit om tot wapengeweld oor te gaan.

Teen hulle sin, maar met 'n vaste vertroue op God, het die Boereleiers uiteindelik op 16 Desember 1880 besluit om tot wapengeweld oor te gaan.

Vir bykans vier jaar het die Boerevolk tevergeefs op die regverdigheidssin van Brittanje staatgemaak en het hulle alles in hulle vermoë gedoen om die magtige Engeland te oortuig dat hulle nie geannekseer wou wees nie; dat hulle wel in hulle eie behoeftes kon voorsien en dat hulle nie in gevaar gestaan het om deur Bantoerasse verdelg te word nie. Hulle het letterlik geen steen onaangeroerd gelaat in hulle pogings om die onafhanklikheid van die Republiek op vreedsame wyse herstel te kry nie.

Toe lydelike verset nie wou slaag nie, en eers nadat dit geblyk het dat Gladstone se beloftes slegs ydele woorde was, het die Boere hulle tot die wapen gewend .

Treffend is dan ook S.J.P. Kruger se woorde tydens 'n toespraak gehou op 13 Desember 1880: "Het volk heeft nooit den weg der wet verlaten. Na de annexatie ,geprotesteerd, lijdelijk zich verzet, en zou mischien nog andere vreedzame middelen hebben verkozen,ware het niet dat de Engelsche outoriteit in Pretoria dit onmogelijk maakt. Het recht der volker is aan onze zijde en hoe zwak wij zijn onze God is een rechtvaardig God!" [1]

Hoewel die Boere met 'n onwrikbare geloof tot die stryd toegetree het, is die wapen alleen opgeneem om Engeland se oë te open en die ware toedrag van sake onder hulle aandag te bring; alleen om langs hierdie weg die leuenagtige aantygings van die kant van die Britse gesagvoerders in Suid-Afrika die nek in te slaan, en nie omdat hulle die hoop gekoester het dat Engeland op die lang duur deur hulle verslaan kon word nie.

---

1. B.V., 8: Kopie van Kruger se toespraak te Paardekraal, d.d. 13 Desember 1880.

Vandaar dan ook dat die Boereleiers selfs die geringste moontlikheid aangegryp het om vrede te bewerkstellig.

(ii) Britse Imperialiste ten gunste van anneksasie.

Aan die anderkant was daar in Engeland groot verdeeldheid oor die teruggawe van onafhanklikheid aan die Republiek. Die bewindsaanvaarding van Benjamin Disraeli[2] het nuwe lewe in die Britse imperiale politiek gebring. Nie alleen het Egipte en Afghanistan die Britse imperialisme ten prooi geval nie,[3] maar ook in Suid-Afrika is 'n beleid gevolg wat min of meer die insluiting van die hele Suid-Afrika beoog het. Lord Carnarvon, die nuwe Koloniale Sekretaris en getroue dissipel van Disraeli, was reeds onder die vorige regering behulpsaam met die federasie van die Kanadese kolonies, en as amptenaar in die departement van koloniale sake was hy oortuig dat 'n soortgelyke skema ook met groot sukses in Suid-Afrika toegepas kon word. Toe sy fyn uitgewerkte skema egter nie wou slaag nie, het hy drastieser opgetree en op geweldadige wyse probeer om 'n federasie op die Suid-Afrikaanse state af te dwing. Vandaar dat hy, met die goedkeuring van Disraeli, dit aan Shepstone opgedra het om Transvaal te gaan annekseer en selfs die redes daarvoor te vind.[4]

Die Republiek moes dus geannekseer word omdat die koloniale politiek in Suid-Afrika dit vereis het en nie omdat die ingesetenes dit verlang of begeer het, of omdat die onafhanklike bestaan daarvan 'n bedreiging vir die res van Suid-Afrika was nie. Dit was dus nie die Republiek se swakheid en dreigende bankrotskap wat die werklike redes vir die anneksasie was nie, maar juis sy sterkte, sy onafhanklikheid en die moontlikheid van 'n eie weg na die see, wat in die pad van 'n federasie gestaan het.[5]

Vir die Tories was die anneksasie dus slegs 'n middel tot

---

2. Leyds, dr. W.J.: De Eerste Annexatie van de Transvaal (Allert de Lange, Amsterdam, 1906), bl. 184.

3. Meiklejohn, J.M.D.: History of England and Great Britain (Alfred M. Holden, London, 1897), bl. 608-612.

4. Engelbrecht, dr. S.P.: Thomas Francois Burgers; 'n Lewenskets (J.H. de Bussy, Kaapstad, 1933) bl. 229-230.

5. Van der Walt, A.J.H. Wiid, J.A. Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika I (Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1951), bl. 395.

'n doel en dit het vir hulle nie saak gemaak nie „...of de Transvaal hetzij door zwarten of door blanken, door Engelschen of wel door Afrikaanders bewoond werd; of de meerderheid ten gunste van Engelsch bestuur gestemd was of dat haatte, of Shepstone naar waarheid dan wel in strijd daarmede gerapporteerd had - dat dit alles absoluut niets te maken had met hun gedragslijn. Tot welken prys ,dat scheen bij hen geen onderwerp van overweging".[6]

(iii) Liberaliste teen anneksasie gekant.

Teenoor die Tories se imperialisme het die Liberales gestaan wat die anneksasie van Transvaal ten sterkste afgekeur het. Tydens 'n verkiesingstoespraak in 1879 het Gladstone, leier van die opposisie, die anneksasie van Transvaal baie ondubbelsinnig veroordeel en selfs aangevoer dat,al sou Transvaal ewe kosbaar vir Engeland wees as wat dit op daardie oomblik waardeloos was, hy nog die inbesitname daarvan sou veroordeel aangesien die anneksasie op 'n wyse geskied het wat die karakter van die Engelse volk oneer aangedoen het.[7]

In die Laerhuis het ook Chaimberlain en die Hertog van Devoshire(destyds Markies van Hartington) die anneksasie teengestaan. In sy antwoord op die troonrede het die Hertog van Devonshire,as leier van 'n opposisieparty,[8] in 1880 aangetoon dat dit volkome duidelik was dat die anneksasie van Transvaal bekragtig is op grond van verkeerde indrukke en onjuiste informasie. Hy het beweer dat, hoewel die Tories die Republiek geannekseer het omdat hulle die Boere se naturellebeleid nie kon duld nie, hulle sedertdien tog verplig was om 'n soortgelyke beleid ten opsigte van die naturelle te volg.[9]

---

6. Leyds: a.w., bl.393.

7. Ibid., bl.386.

8. Volgens Meiklejohn se "History of England" was Gladstone die leier van die "Gladstonian Liberals" terwyl die Hertog van Devonshire die leier van die"Liberal Unionists" was. (Meiklejohn: a.w., bl.615.

9. Leyds: a.w., bl.387.

(iv) Gladstone verander beleid na verkiesing van 1880.

Sedert die verkiesing waardeur Gladstone in April 1880 eerste minister geword het, het hy en sy regering egter skielik hulle beleid ten opsigte van die anneksasie verander. Lord Kimberley, die nuwe koloniale sekretaris, wat pas voor die verkiesing nog die anneksasie sterk veroordeel het, moes skielik erken dat die nuwe regering, nadat hulle die saak sorgvuldig oorweeg het, besluit het dat dit nóg verstandig, nóg veilig sou wees om die onafhanklikheid van die Republiek te erken.[10]

Dit is nie heeltemal duidelik waarom Gladstone en sy ministerie so 'n skielike regsomkeer gemaak het nie, maar dit kan tog wees dat hulle intussen beindruk is deur die verdraaide en misleidende verslae wat Britse amptenare oor toestande in die Republiek, na Engeland gestuur het.

(v) Die Vryheidsoorlog en sy invloed op die Britse buitelandse beleid.

Die diepgaande verskil oor die beleid wat in Transvaal gevolg moes word, is verskerp toe die Boere uiteindelik teen die einde van 1880 besluit het om tot gewapende verset oor te gaan.

Die Tories was nog steeds ten gunste van anneksasie en soos verwag kon word, het die nuus dat die Britse magte by drie geleenthede verslaan is, groot beroering in hulle geledere teweeggebring. Selfs die Koningin was teen die herstel van onafhanklikheid:.." the determined lady , in whose name ministers spoke, resented all idea of withdrawal; only one third of his(Gladstone) following in the Commons supported the idea of Transvaal independence, and the fiercest opponents of such a policy were radical philanthropists who feared for the natives. To withdraw meant a terrible blow to British prestige in the eyes of the whites and blacks alike".[11]

Waar dit voorheen vir hulle gegaan het om die handhawing van 'n bepaalde beleid, was die Britse prestige nou ook op die

---

10. Ibid; a.w., bl.388.

11. Walker, Eric A.: Lord De Villiers and his Times (Constable & Company Ltd. London, 1925), bl. 154.

spel en daar was 'n algemene gevoel dat Majuba gewreek moes word. Veral majoor-generaal sir Evelyn Wood, die opvolger van generaal Colley, het steeds na die geleentheid gesoek om die neerlae wat die Britse magte teen die Boere gelei het, te wreek.

Op Gladstone en sy volgelinge het die Vryheidstryd egter 'n verrassende uitwerking gehad. Sondermeer, en asof hulle dit nog nooit besef het nie, het hulle erken dat hulle, wat die anneksasie betref, mislei was en dat dit hulle plig was om die anneksasie van Transvaal ongedaan te maak.[12]

Toe sir Michael Hicks-Beach[13] in die Britse laerhuis 'n aanval op Gladstone se beleid gemaak het, het hy in heftige taal daarop gewys dat hulle deur rapporte van Lanyon oor toestande in Transvaal mislei is, en dat die oorlog aan hulle getoon het wat die houding van die Boere was. Hy het aangevoer dat die Boere alleen selfverdedigend opgetree het en dat dit onregvordig sou wees om onderhandelings as gevolg daarvan te staak.[14]

By 'n ander geleentheid het hy aan ene Tompkinson geskrywe: " I can assure you that when we come to the discussion in the House of Commons, I shall adopt no apologetic tone. It was a question of saving the country from sheer blood-guiltiness".[15]

In 'n toespraak te Birmingham het Chaimberlain op 7 Junie 1881 die bekentenis gedoen dat die Boere hulle dapperheid en vaardigheid met vuurwapens bewys het. Verder het hy betoog dat, indien hulle die Boere met geweld wou onderwerp, hulle na die onderwerping minstens 20,000 man sou benodig om die Boere in bedwang te hou - veral aangesien die Oranje-Vrystaat in so 'n geval gemene saak met die Transvalers sou maak.[16]

Bewus of onbewus kon die Boere ook geen beter tyd kies om tot gewapende verset oor te gaan nie. Die tweede Afghanistan-oor-

---

12. Leyds: a.w., bl. 391.
13. Hy het in Januarie 1878 vir Carnarvon as Koloniale Sekretaris opgevolg.
14. Nixon, John: The Complete Story of the Transvaal,(Sampson Low,Marston, Searle and Rivington, London, 1885), bl. 292.
15. Ibid; bl. 288.
16. Leyds: a.w., bl. 388.

log, wat veral as gevolg van inmenging van die kant van Rusland, uitgebreek het,[17] het miljoene ponde gekos terwyl die "Land league" in Ierland steeds 'n bron van moeilikheid was.[18] Verder was die Britse tesourie reeds moeg vir, wat hulle genoem het:.. „expensive South African adventures." Basoetoeland was nog steeds 'n bron van moeilikheid[19] terwyl die onrus in die buiteland - veral die toenemende spanning in Egipte[20] tot gevolg gehad het dat Engeland sy magte in Suid-Afrika moes verminder tot vyf bataljons wat maar swak gedissiplineerd was.[21]

(vi) Vredesonderhandelings.

Hoewel Gladstone deur die slag van Majuba in die baie ongemaklike posisie geplaas is, waar hy bykans moreel verplig was om die stryd voort te sit, het dit hom nie van beleid laat verander nie en het hy alke geleentheid te baat geneem om vrede te bewerkstellig.

Tydens die onderhandelinge wat daar gevoer is om vrede te verkry, was president Brand die vernaamste bemiddelaar. Hierdie Vrystaatse president het geen moeite of tyd ontsien om die twee vegtende partye tot 'n verstandhouding te beweeg nie en hoewel die motiewe vir sy optrede in die meeste gevalle selfsugtig was, kan sy aandeel in die uiteindelike verkryging van vrede nie oorskat word nie.

Brand het gewerk vir die onafhanklikheid van sy eie geliefde Republiek, en hy het maar al te goed besef dat, indien die oorlog groter afmetings sou aanneem , die Vrystaat ook daarin betrokke sou raak en dat die onafhanklikheid van die Vrystaat dan ook in gevaar sou kom.[22]

---

17. Meiklejohn: a.w., bl. 611. Vgl. ook Walker: a.w., bl.150

18. Gardiner, Samuel R.: A Students History of England. (Longmans, Green and Co.,London, 1902), bl. 970.

19. Walker: a.w., bl. 156.

20. Gardiner: a.w., bl. 971.

21. Walker: a.w., bl. 150.

22. Scholtz,dr. G.D.: President Johannes Henrikus Brand, 1823-1888,(Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1957), bl. 200 - 204. Vgl. ook Van Jaarsveld,F.A.: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn 1868-1881, (Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1957), bl.124-138.

Volgens Morley het Brand reeds voor die uitbreek van vyandelikhede gepoog om toenadering tussen die Brise regering en die Boere-voormanne te bewerkstellig,[23] dog sonder sukses, want op 11 Januarie het hy in 'n telegram aan die Vrystaatse Konsul in London 'n dringende beroep op die Britse regering gemaak om so spoedig moontlik iemand na Transvaal te stuur om sake te ondersoek en 'n aanneemlik vredesvoorstel te maak.[24]

Die koloniale sekretaris, lord Kimberley, was onmiddellik bereid om aan sy regering se koloniale beleid uitvoering te gee en het aan Blyth, die Vrystaatse konsul, getelegrafeer dat die Britse regering met genoë aan Brand se voorstelle sou voldoen, indien die Boere-opstandelinge hulle gewapende verset sou staak.[25]

Ook aan sir Hercules Robinson, goewerneur van die Kaap en Britse Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika, het hy getelegrafeer: „I have to instruct you to inform president Brand that if armed opposition should at once cease, Her Majesty's Government would there upon endeavour to frame such a scheme as in their belief should satisfy all enlightened friends of the Transvaal community.[26]"

Hierdie telegram van Kimberley het Brand baie optimisties gestem want hy het onverwyld aan sir Hercules Robinson getelegrafeer dat hy so spoedig moontlik die antwoord van Kimberley onder die Boere se aandag moes bring, want volgens telegramme wat hy uit Pietermaritzburg ontvang het, het dit gelyk asof Colley op die punt gestaan het om Transvaal binne te val, en Brand het maar al te goed geweet dat verdere botsings die vredesonderhandelings sou bemoeilik of selfs skipbreuk kon laat ly . Ongelukkig vir Brand moes hy op dieselfde dag nog van Robinson verneem dat daar,volgens berigte ,op daardie oomblik op Laing's nek geveg word.[27]

Die slae van Laing's nek en Ingogo het vir 'n wyle gedreig

---

23. Morley,John: The life of William Ewart Gladstone,Vol.111 (Macmillan & Co. Ltd.,London,1903), bl. 32.

24. C. 2783, bl.57.

25. Heyns,dr. M.: Die Eerste Vryheidsoorlog 1877- 1881,(Ongepubliseerde D.Phil.- proefskrif,Universiteit van S.A.,1941), bl. 340.

26. C. 2783, bl. 58. Vgl.ook Heyns: a.w.,bl.342.

27. Heyns: a.w.,bl.343.

om die voorgenome onderhandelings vir vrede skipbreuk te laat ly. Ten spyte daarvan dat Colley onomwonde te kenne gegee het dat alle onderhandelings van die baan is, het Kimberley egter weer 'n telegram aan Colley gestuur, waaruit geblyk het dat die Koloniale Kantoor met onderhandelings voortgaan.

By herhaling het Kimberley belowe dat, indien die Boere van gewapende verset sou afsien, hulle 'n skema sou voorlê wat die geskil op 'n vriendskaplike wyse sou oplos.[28]

Colley, hoewel effens teësinnig, was verplig om bevele te gehoorsaam en moes die aanbod van Kimberley aan die Boere oordra.

Op 12 Februarie het Kruger vanuit die Boerekamp, 'n brief van groot betekenis aan Colley gerig.[29] Nadat hy homself bereid verklaar het om met die Engelse te onderhandel, het hy die belangrike uitlating gemaak dat die Boere hulleself aan die beslissing van 'n Koninklike Kommissie sou onderwerp. Verder het hy gemeld dat die Boere gewillig sou wees om hulle stellings in die Drakensberge te verlaat mits die Engelse troepe die land sou ontruim.

Kruger het 'n onwrikbare vertroue in die regverdigheidssin van sy medemens gehad en omdat hy bewus was van die feit dat Engeland wel verkeerd ingelig was, kon hy nie anders as om te glo dat, sodra die Britse regering van die waarheid bewus word, hulle die onafhanklikheid van die Republiek sou herstel nie.

As hy egter beweer dat die Boere gewillig sou wees om hulle saak aan die beslissing van 'n Koninklike Kommissie te onderwerp, bedoel hy nie dat dit 'n al-Engelse kommissie moes wees nie maar wel 'n kommissie waarop die Boere ook verteenwoordig sou wees.[30]

Op 14 Februarie het Colley aan die Koloniale Kantoor getelegrafeer dat Kruger bereid was om die saak aan die beslissing

---

28. Leyds: a.w., bl. 355.

29. Staats-Courant Der Zuid-Afrikaansche Republiek- Buitengewone uitgawe, d.d. 2 Maart 1881. bl. 33. Vgl. ook C. 2866, bl. 186. (Vir 'n breedvoerige uiteensetting van hierdie saak, sien bl. 30. hieronder.)

30. Sien hieronder, bl. 30-32.

van 'n Koninklike Kommissie te onderwerp mits die Britse troepe Transvaal sou verlaat.[31]

Indien Colley deur die skrywe van Kruger onder 'n wanindruk gebring is aangaande die samestelling van die Koninklike Kommissie, het hy op sy beurt weer vir Kimberley onder 'n wanindruk gebring, want op 16 Februarie het Kimberley hom bereid verklaar om 'n Koninklike Kommissie met uitgebreide magte aan te stel om die saak te ondersoek. Die voorwaarde daaraan verbonde was egter dat die Boere onmiddellik gewapende verset moes staak. Kimberley het in dieselfde telegram aan Colley volmag verleen om, indien die Boere sy aanbod aanvaar, die weg na vrede voor te berei.[32]

Hierdie brief van Kimberley het in die Suid-Afrikaanse geweste tot groot blydskap aanleiding gegee en veral Brand, wat in baie gevalle as die mondstuk vir die ander Suid-Afrikaanse state opgetree het, was baie optimisties. Hy het onmiddellik aangebied om as bemiddelaar tussen die twee vegtende partye op te tree om sodoende as vriendskaplike staat beide kante te adviseer.[33]

Op 21 Februarie het Colley uiteindelik die besluit van die Koloniale Kantoor aan Kruger bekend gestel, maar om die een of ander rede daarop aangedring dat hy binne 48 uur 'n antwoord daarop moes ontvang.[34]

Dit wil voorkom asof Colley nie kon glo dat die onderhandelings sou slaag nie, of dit mag ook wees dat Colley op daardie tydstip teen verdere onderhandelings gekant was, want sy optrede onmiddellik na die voorstel aan Kruger het geensins op 'n moontlike vredesverdrag afgestuur nie. Hy het voortgegaan om sy magte teenoor die Transvaalse grense te versterk en blykbaar net op 'n geskikte moment gewag om die weerstandsmagte 'n nekslag toe te dien.

---

31. C. 2837, No.35, bl. 10.

32. C. 2837, No.36, bl. 10. Vgl. ook Nixon: a.w., bl. 258.

33. Leyds: a.w., bl. 357.

34. Nathan, Manfred: Paul Kruger, His Life and Times, (The Knox Publishing Company , Durban, 1926), bl.163. Vgl. ook Scholtz: a.w., bl. 205.

In 'n brief aan Wolseley word sy sienswyse baie duidelik omskryf: "I am now getting together a force with which I think, I could command success, but the Home Government seem so anxious to terminate the contest, that I am daily expecting to find ourselves negotiating with the Triumvirate as the acknowledged rulers of a victorious people, in which case my failure at Laing's Nek will have inflicted a deep and permanent injury on the British name and power in South Africa which it is not pleasant to contemplate."[35)]

Nathan beweer.- en dit is ook baie moontlik - dat die afkeur wat Colley in die onderhandelings geopenbaar het, selfs toegeskrywe kan word aan die feit dat Colley verneem het dat lord Roberts hom as opperbevelhebber oor die vegtende magte sou opvolg en dat hy 'n beslissende oorwinning oor die Boere wou behaal voor hy die bevel aan Roberts sou moes oorgee.[36)]

Die feit bly egter staan dat Colley normaalweg met sy militêre verrigtings voortgegaan het asof daar geen sprake van onderhandelings was nie.

Kruger, wat tydens Colley se skrywe in Rustenburg was, waar hy met Magato oor beweerde opstandigheid onderhandel het, kon nie binne die bepaalde tyd 'n antwoord aan Colley verstrek nie.[37)] Maar intussen, sonder om op die antwoord van Kruger te wag, het Colley Majuba bestyg met die klaarblyklike doel om die Boere nie alleen te verras nie, maar hulle 'n verpletterende neerlaag toe te dien.

Die besliste en dappere optrede van die Boere se kant het egter die slinkse optrede van Colley laat skipbreuk ly. Colley is nie alleen gestuit nie maar hierdie keer het die Boere 'n besliste oorwinning oor die Engelse magte behaal.

Hierdie verpletterende neerlaag wat die Engelse magte gely het, het die ganse Boerevolk van Suid-Afrika met vreugde en trots

---

35. Butler, sir William: An Autobiography by Lieut.General, The Rt. Hon. Sir W.F. Butler.G.B.C.(Constable & Co. Ltd., London, 1911), bl. 342-343.

36. Nathan: a.w., bl. 165.

37. Heyns: a.w., bl. 385.

vervul en selfs Kruger,wat hom maar baie min aan mensevereering skuldig gemaak het, kon 'n lofrede vanuit Heidelberg nie weerstaan nie. Hy het nie alleen die dapperheid van die Boerestryders geprys nie maar ook as volg spesiaal van Joubert melding gemaak:„Mijne achting voor hem is groot, hun namen behoeft in heldenmoed niet onder te doen voor een Wellington of een Napoleon".38)

Aan die anderkant het die slag van Majuba die vredesonderhandelings nie alleen vertraag nie maar selfs gedreig om dit te laat misluk. Die Boere het aan die opregtheid van sy teenstander begin twyfel, terwyl die prestige en trots van Engeland 'n verdere knou toegedien is. Waar Gladstone se politieke teenstanders voorheen daarop aangedring het dat Bronkhorstspruit gewreek moes word, het bykans die hele Britse gemeenskap - die Koningin inkluis - nou gevoel dat Majuba eers van hulle gewete moes kom alvorens verdere onderhandelings oorweeg moes word.

„The exitement in England, at the news of Majuba was intense, and it was fully believed the Government intended to repair the disaster by force of arms. But Traitorous counsels within the Liberal ranks which were strengthened by vacillation and absence of any sense of national honour on part of ministry, prevailed".39) Dit was juis hierdie „national honour" wat op hierdie tydstip die grootste struikelblok in die weg na vrede was.

Gelukkig vir die Boere was die maghebbers in Engeland, hoewel in die minderheid, 'n ander sienswyse toegedaan. Statham getuig dan ook: „The moment was undoubtedly one to try to the very utmost the moral courage of a government , conscientiously and humanely bent on finding some amicable method of settling a controversy into which it had been so unhappily betrayed. Fortunately the morale courage of Mr. Gladstone's ministry was equal to the occasion. Disregarding the outcry raised in the military circles and by the noisier section of their Parliamentary

---

38. Staats-Courant Der Zuid-Afrikaansche Republiek, d.d. 9 Maart 1881 , bl. 38. Vgl. ook Heyns:a.w., bl. 380.

39. Nixon : a.w., bl. 259.

opponents, they decided that there was nothing in the fresh situation that had risen to put an end to negotiations which had been tentatively in progress for several weeks".[40]

Vir Gladstone wat op hierdie tydstip onder groot druk moes optree, het die slag van Majuba dus nie die beëindiging van onderhandelings beteken nie. Reeds op 1 Maart het hy in 'n telegram aan Wood, wat intussen die bevel oorgeneem het, daarop aangedring dat die onderhandelings hervat moes word. Hy was nl. baie begerig om te weet wat Kruger se antwoord op die aanbod van Colley was.[41]

Soos dit oorwinnaars betaam, het ook Joubert en Kruger onmiddellik na die slag van Majuba te kenne gegee dat hulle bereid was om die onderhandelings te hervat. In 'n brief aan Brand het Kruger o.a. die innige wens uitgespreek: „Wij willen alles doen wat mogelijk is om het voor de eer van Engeland zoo gemakkelijk mogelijk te maken om toegevend te zijn".[42]

Brand, wat besef het dat hy nie meer veel langer daarin sou slaag om die Vrystaat uit die stryd te hou nie, het hom nou nog in groter mate beywer om rigting aan die onderhandelings te gee. Hy was dan ook die eerste persoon om 'n wapenstilstand voor te stel. „The only way which I now see for prevention of further bloodshed, is to have an armistice for a certain fixed time, to try to come to a settlement".[43]

Op meesterlike wyse het hy daarin geslaag om gemoedere aan beide kante te kalmeer en hulle in telegrafiese verbinding met mekaar te stel. Die uiteindelike gevolg was dat Wood op 5 Maart aan Joubert getelegrafeer het dat, indien hy voor die aand van hom hoor, hy bereid sou wees om hom die volgende dag om twaalf uur te ontmoet met die doel om oor 'n wapenstilstand te besluit. Hy het verder voorgestel dat Joubert en drie ander Boere hom die

---

40. Statham, F.Reginald: Paul Kruger and his Times (T.Fisher Urwin, London,1898), bl. 137.

41. C.2837,No.74, bl. 18.

42. Staats-Courant, d.d. 9 Maart 1881, bl. 37. Vgl. ook Heyns: a.w., bl. 381.

43. C.2866, No. 63, bl.85. Telegram van Brand aan Donald Currie d.d. 2 Maart 1881.

volgende dag halfpad tussen Mount Prospect en Laing's Nek moes ontmoet.[44]

Joubert was baie ingenome met die voorstel, want nog daardie selfde aand het hy aan Wood getelegrafeer dat hy sy aanbod aanvaar en dat hy hom die volgende dag op die bestemde tyd sou ontmoet.[45]

By die ontmoeting op 6 Maart was die Engelse magte verteenwoordig deur sir E.Wood, majoor Fraser, kaptein Maude en 'n mnr. Thornborough Cropper terwyl die Boere deur komdt-genl. Piet Joubert, D.C.Uys, C.J.Joubert en G.H.Fouclere verteenwoordig is. Mnr.A.J.Forster het as tolk opgetree.

Om aan Kruger die geleentheid te gee om op die telegram van Colley van 21 Februarie te antwoord, en om verdere vredesonderhandelings te oorweeg, is besluit om die wapenstilstand vir 8 dae op die volgende voorwaardes aan te gaan:[46]

1. Beide kante onderneem om tydens die bestemde tyd geen voorwaartse beweging, van watter aard ook al, te maak nie.
2. Sir.E.Wood, of sy opvolger, sou by magte wees om proviand en vuurmaakhout vir agt dae na al die garnisoene in Transvaal te stuur op voorwaarde dat alle persone, wat vir die aflewerings verantwoordelik is, met hulle waens en trekdiere , weer sou moes terugkeer en nie sou agterbly om die garnisoene te versterk nie. Die Boere onderneem om aan die genoemde sendings 'n onbelemmerde deurtog te verseker en sou hulle as neutraal beskou totdat hulle weer by die Britse magte sou aansluit. Nadat die proviand en vuurmaakhout afgelewer is, sou ook die garnisoene 'n wapenstilstand van agt dae aangaan - beginnende op die dag waarop die aflewerings gemaak is.
3. Piet Joubert onderneem om onmiddellik die voorwaardes van die wapenstilstand aan die garnisoene bekend te stel en om toe te sien dat alle gewondes in die verskillende garnisoene na die

---

44. C. 2950, No.30, bl. 83; bylaag No. 7.
45. C. 2950, No.30, bl. 84; bylaag No. 10.
46. C. 2950, No. 30, bl. 84; bylaag No. 11. Vgl. ook C.2950, No.35, bl. 102.

Britse linies in Natal oorgebring word.

Toe Kruger,wat toe in Heidelberg was, van die wapenstilstand verneem, was hy verslae en verpletter.„Dat is de Nekslag!" was sy uitroep.[47)]

Dit mag ons verbaas dat dit sy reaksie op die berig was, en dit wil ook vir 'n oomblik lyk asof hy die geleentheid om vrede te verkry nie verwelkom het nie; maar dit was nie die geval nie.Kruger het geweet dat hoe langer die stryd uitgerek sou word hoe moeiliker dit vir die Boeremagte sou wees om die steeds groter wordende oormag te stuit , want hoewel onderneem is om geen voorwaartse beweging te maak nie, het die wapenstilstand nie verhoed dat versterking aangebring kon word nie.Die wapenstilstand sou aan die Engelse magte, wat met die slag van Majuba erg gedisorganiseer is, die geleentheid bied om hulleself te reorganiseer en te versterk. Hierdie vrees van Kruger was nie ongegrond nie want op dieselfde dag waarop die wapenstilstand gesluit is, het Wood aan die Koloniale Kantoor beken dat hy buitendien binne tien dae geen aanval kon loods nie, maar terselfdertyd die hoop uitgespreek om die Boeremagte binne 14 dae tot 'n onvoorwaardelike oorgawe te dwing.[48)]

Kruger kon ook nie vergeet hoe hulle amper met rampspoedige gevolge vir hulle deur Colley se vredesaanbod voor die slag van Majuba aan die slaap gesus is nie.

Kruger en lede van sy regering het onmiddellik, nadat hulle van die wapenstilstand verneem het, na die Boerelaers by Laing's Nek afgereis. Weens ongunstige weer en slegte paaie is hulle baie vertraag en was dit eers teen die aand van die 14 de Maart, die dag waarop die wapenstilstansooreenkoms sou verval, dat hulle in die nabyheid van die kamp gekom het. Hier het hulle egter verneem dat die wapenstilstand intussen met vier dae verleng is om aan hulle die geleentheid te gee om die kamp te bereik en ook om op 'n antwoord vanuit London te wag.[49)]

---

47. Jorisson,dr.E.J.P.: De Vredeonderhandelingen op Lange Nek Maart 1881 (J.F.Celliers,Gouwernementsdrukkers,Pretoria, 1885) bl.

48. C.2837, No. 89, bl. 21.

49. C. 2950,No. 30, bl. 84. Vgl. ook Statham: a.w., bl. 139.

Op 15 Maart is Wood van Kruger se aankoms in kennis gestel en is daar besluit dat die onderhandelings die volgende dag in aanvang sou neem, en wel op 'n plek halfpad tussen die twee vyandelike laers - egter nie in die huis van O'Neil, soos deur Wood aanvanklik voorgestel is nie.

(vii) Twee belangrike telegramme van Kimberley.

Dit was by hierdie geleentheid dat Wood twee telegramme van die uiterste belang aan die Boerevoormanne gestuur het. Daarin is nie alleen die voorwaardes vir vrede uiteengesit nie maar dit het ook die grondslag gelê, waarop verdere onderhandelings sou geskied.

In die eerste telegram, gedateer 8 Maart, word amnestie aan alle Boere beloof, behalwe aan persone wat dade gepleeg het wat teenstrydig was met die beskaafde manier van oorlogvoering. Verder is die bereidwilligheid uitgespreek om met enige persone die vredesonderhandelings te open, mits hulle wettiglik as verteenwoordigers van die Boere gekies en gemagtig is om verbintenisse aan te gaan. Hulle spreek hulle dank uit dat Kruger hom bereid verklaar het om die saak aan die beslissing van 'n Koninklike Kommissie te onderwerp, maar laat ook baie duidelik blyk dat hulle nie van plan was om Boereverteenwoordigers op die Kommissie te benoem nie.[50] Die Boere sou alleen by magte wees om met die Kommissie oorleg te pleeg en hulle van advies te bedien. Die enigste voorwaarde wat gestel word, is dat die Boere gewapende verset moes staak en hulle magte van die Natalse grense moes onttrek.

In die tweede telegram wat op 12 Maart ontvang is, word die name van die Koninklike Kommissie bekend gemaak en word Brand uitgenooi om as verteenwoordiger van 'n onpartydige en bevriende staat die sittings by te woon.

Die Kommissie wat sou bestaan uit sir H.Robinson, voorsitter, hoofregter J.H. de Villiers en sir E.Wood, sou by magte wees om te oorweeg of algehele selfbestuur van die Republiek onder Britse soesereiniteit met 'n Britse Resident in Pretoria verleen moes word.

---

50. Sien hierbo, bl. 8.

Verder sou hulle moes toesien dat die belange van die naturelle beskerm, en die nodige grensskikkings getref word. Uiteindelik word die beheer oor die toekomstige betrekkinge van die Republiek met buitelandse moonthede deur die Brise regering voorbehou.[51]

16 Maart 1881 moes vir die Boere 'n blye dag gewees het want uiteindelik sou op daardie dag met samesprekings begin word wat daarop gemik sou wees om die onafhanklikheid van die Republiek te herstel. Reeds vroeg die oggend het die afgevaardigdes van beide kante hulle gereed gemaak en afgereis na die bestemde plek alwaar die samesprekings gevoer sou word.

Die Boere sou verteenwoordig word deur vise-president S.J. P.Kruger, M.W.Pretorius, komdt-genl. P.J.joubert, dr. Jorissen, C.J.Joubert,J.Maré, D.Uys terwyl 'n sekere mnr.Rood as tolk sou optree.Uit die Blouboeke blyk dit dat ds. W. Ackerman die vergadering as 'n vriend bygewoon het.
Die Engelse afvaardiging het bestaan uit generaal E.Wood, kol. Buller, majoor Clarke, majoor Fraser, mnr.Thornborough Cropper en mnr. Roberts, wat as tolk sou dien.[52]

Dit was vir Wood van groot belang om te weet wat die Boere se reaksie sou wees op die twee telegramme wat hy die vorige dag aan hulle gestuur het. Daarom het hy onmiddellik nadat die samesprekings 'n aanvang geneem het, gevra wat hulle antwoord op die telegramme was. Kruger was onmiddellik in 'n moeilike posisie geplaas want deur te weier om die aanbod te aanvaar, kon die hele saak skipbreuk ly, óf, deur die aanbod te aanvaar, kon hy 'n geleentheid om beter voorwaardes te bekom deur sy vingers laat glip. Hy was aanvanklik dus effens huiwerig om sommer sy bevinding te gee en het dit eintlik aan Jorissen oorgelaat om hulle siening van die saak te stel. Hoewel aanvanklik huiwerig en versigtig, het hulle egter baie beslis beswaar gemaak teen 'n eensydige Koninklike Kommissie. Hulle het daarop aangedring dat terugtrekking en uiteengaan van die gewapende Boere afhanklik gemaak moes word

---

51. C.2839, bl. 24-25. Vgl.ook C. 3114, bl. 49; Nixon: a.w., bl. 260 ; Statham;a.w., bl. 140.

52. C. 2950, No. 30, bl. 85.

van die voorwaarde dat ook die Boere op die Kommissie verteenwoordig moes word en dat die Britse garnisoene , voor die afloop van die sitting van die Koninklike Kommissie , Transvaal moes ontruim.[53]

Sir E.Wood het van die standpunt uitgegaan dat dit Kruger was wat die Koninklike Kommissie voorgestel het en dat hy derhalwe by Kimberley se voorstel moes berus. Hy het hom selfs daarvan beskuldig dat hy, sedert hy sy voorstel aan Colley op 12 Februarie gemaak het, van beleid verander het.[54]
Niks was egter verder van die waarheid nie want hoewel Kruger in sy brief aan Colley,[55] hom bereid verklaar het om hulle saak aan die beslissing van 'n Koninklike Kommissie te onderwerp, het hy steeds 'n gemengde kommissie, waarop ook die Boere sitting sou hê, in die vooruitsig gestel. In sy laaste brief aan Colley het hy dit dan ook baie duidelik laat blyk: „Dat door u en ons gecommitteerden zullen worden aangewezen met behoorlijk en voldoende volmacht om de hoofdbeginselen van een eervollenvrede vast te stellen en te ratificeeren".[56] Dit is dan ook waarop die Boere aangedring het. Verder het die Boere die mening gehuldig dat dit tot wydverspreide ontevredenheid sou lei indien hulle sou toelaat dat hulle magte op Laing's Nek ontbind word, terwyl die verskillende Britse garnisoene nog op volle sterkte in Transvaal gehou word.

Dit was terwyl hulle hierdie saak bespreek het dat Kruger se spitsvondigheid andermaal na vore gekom het toe hy op die volgende vraag van Wood moes antwoord: „Then do you expect the British troops to retire from the Transvaal, before the Commission have decided what the Transvaal is?"
Mr. Kruger: „The Transvaal is where it is , just as you annexed it. From that territory we expect the English troops to withdraw".[57]

Na ure lange bespreking het majoor Fraser uiteindelik 'n

---

53. C. 2956, NO.30,bl.85. Vgl. ook C.2950, bl. 102; Joubert-versameling,2543.d.d. 16 Maart 1881.

54. C.2950,bl. 85. Vgl. ook Heyns : a,w.,bl. 387.

55. Sien hierbo, bl. 8.

56. Staats-Courant, d.d. 2 Maart 1881 (Deur my onderstreep)

57. C. 2950, No. 30, bl. 86.

telegram aan Kimberley opgestel. Hierin het die Boere die algemene voorwaardes, vervat in die telegramme van Kimberley, aanvaar maar geëis dat hulle verteenwoordiging op die Koninklike Kommissie moes kry in die verhouding van 2 tot 3, en dat die Britse garnisoene Transvaal moes verlaat. Na verdere beraadslaging is egter besluit om die telegram effens te wysig en „.....in order that they may have a fair chance of keeping order, they hope that the British Government will withdraw their garrison from the Transvaal".[58]

Alles sou nou afhang van Kimberley se antwoord, wat dan ook die volgende dag deur Wood ontvang is.

Weens aanhoudende reëns, die ongesteldheid van Kruger en omdat op president Brand se koms gewag is, het net P.J. en C. Joubert die volgende dag vir Wood ontmoet. Om die Boere geleentheid te gee om Kimberley se telegram te oorweeg en daaroor te besluit en om aan Brand die geleentheid te gee om die kamp te bereik, is onderling ooreengekom dat die wapenstilstand verder tot 21 Maart verleng sou word.[59]

Vir die Boere wat so baie verwag het, was Kimberley se antwoord uiters teleurstellend. Dit was baie duidelik dat die Britse gesagvoerders graag vrede wou bewerkstellig maar dit was ewe duidelik dat hulle hulself so min moontlik wou bind. Hulle wou soveel as moontlik aan die beslissing van die Koninklike Kommissie onderwerp en op hulle aanbevelings wag alvorens hulleself tot 'n beslissing geraak. Kimberley was baie gretig om te aanvaar wat die Boere bereid was om te gee, maar van sy kant was daar geen toegewings nie.

Die Kommissie sou voorstelle oorweeg en aanbevelings maak maar sou geen finale beslissings vel nie. Geen Boereverteenwoordigers sou op die Kommissie sitting neem nie, hoewel hulle toegelaat sou word om die sittings by te woon en advies te gee.

---

58. C. 2950, bl. 87. Vgl. ook C. 2950, No. 35, bl. 102. (Deur my onderstreep.)

59. C.2950, No.35, bl. 102. Vgl. ook Jorissen : a.w., bl. 29.

Die kommissie sou verder vasstel hoeveel, indien enige, van die grondgebied ten ooste van die dertigste lengtegraad in die hande van die Boere moes bly, want Kimberley was van mening dat 'n skeiding tussen die Transvaalse grondgebied en dié van die Zoeloes en Swasies vir die Boere van net soveel, indien nie van meer belang as vir die Engelse kon wees.

Uiteindelik het die Koloniale Kantoor volgehou dat die Britse troepe in Transvaal moes bly totdat finale skikkings deur die Koninklike Kommissie getref is.[60]

Die Boere was veral ontevrede omdat daar geen melding van 'n Boereregering gemaak is nie en omdat die belangrikste saak oor die verdeling van Transvaal, aan die Kommissie oorgelaat is. Soos een man het hulle besluit: „Liefs 'n verwoeste vaderland as geen vaderland".[61]

Dit was in hierdie donkere uur dat Jorissen op versoek van die Driemanskap die beroemde „Derde Proklamasie "[62] opgestel en laat goedkeur het.

Dié indrukwekkende oomblik word pragtig deur Jorissen beskryf :„Toen las ik, op verzoek van den heer Kruger, de Derde Proklamatie voor. De President zat links van mij, bij een dier hooge kisten waarop het licht was nedergezet; om en rondom ons de mannen die grootendeels allen in den strijd hun leven hadden gewaagd; wij allen, sedert drie maanden getoond hebbende dat wij onze woorden konden waar maken. Ik geloof niet, dat daar iemand was, die niet begreep dat wij over de toekomst niet alleen van ons zelven, maar van Zuid-Afrika beraadslaagden. Ik las met een zachte en diepe stem; ik wilde elk woord doen doordringen; was het niet als met ons hartebloed geschreven? Men kon een speld hooren vallen. Bij het eind beurde Brand het naar beneden gezonken hoofd op; de anders hem zoo eigen gejaagdheid was weg.

---

60. C.2950, No. 35, bl. 102. Vgl. ook Statham :a.w., bl. 144; Nathan: a.w., bl. 174 ; Joubertversameling, 2545. d.d. 17 Maart, 1881.

61. Beroemde woorde van Willem van Oranje aangehaal by Statham; a.w., bl. 147.

62. Joubertversameling, 2374.

Stil sprak hij meer voor zich zelf heen, dan tot ons het woord richtende: „Daar beware ons God voor!"[63]

Met hierdie paar woorde het Brand die hele spannende situasie opgesom. Die Transvaalse Boere het geweet dat dit in hierdie geval 'n geveg tot die dood toe sou wees terwyl Brand maar al te bewus was dat indien die stryd andermaal sou ontbrand, die Oranje-Vrystaat skouer aan skouer met Transvaal sou veg. „Ja hij wist meer, hij wist dat hij zelf aan hun hoofd zou staan".[64]

Eenvoudig, eerlik en korrek het die volk sy saak gestel dog onweerstaanbaar dringend en beslis was die oproep wat van die „Derde Proklamasie" uitgegaan het tot die ganse Boerevolk van Suid-Afrika.

21 Maart het aangebreek. Dié dag sou bepaal of daar 'n einde aan die bloedvergieting gemaak kon word en of die stryd, wat in omvang kon toeneem, voortgesit sou word.
Hierdie byeenkoms het op O'Neill se plaas plaasgevind. Die Engelse was verteenwoordig deur sir E.Wood, majoors Clarke en Fraser en hulle personeel terwyl die Driemanskap S.J.P.Kruger, M.W.Pretorius, P.J.Joubert bygestaan deur dr. Jorissen, Dirk Uys, J.P.Maré en C.Joubert as verteenwoordigers van die Boere opgetree het.[65]

Daar het 'n gespanne atmosfeer geheers want dit was duidelik dat Wood nie baie begerig was om die onderhandelings te laat slaag nie terwyl die Boereverteenwoordiging rede gehad het om hulle teenstanders met agterdog te bejeen. Dit sou andermaal die taak van president Brand wees om die vure aan beide kante dood te slaan en 'n goeie verstandhouding op te bou.

Die Boere het gemeen dat Kimberley deur sy telegram van die 17de Maart,[66] dié van die 8ste en 12de[67] gekanselleer het. Derhalwe het Brand, om die agterdog van die Boere enigsins uit die

---

63. Jorissen, dr.E.J.P.: Transvaalsche Herinneringen 1876 - 1896 (J.H.de Bussy, Amsterdam, 1897), bl.101. Vgl ook Statham: a.w., bl.146.

64. Jorissen: a.w., bl.29. Vgl. ook Statham: a.w., bl. 145.

65. De Volkstem, d.d.13 April 1881. Vgl. ook Joubertversameling 2555, d.d. 21 Maart 1881.; C.2950, bl. 120.

66. Sien hierbo, bl. 18.

67. Sien hierbo, bl. 15.

weg te ruim, voorgestel dat di e voorwaardes vervat in die genoemde twee telegramme op skrif gestel moes word en dat die telegram van die 17de dan teen die agtergrond daarvan bespreek moes word.[68]

Na 'n weldeurdagte bespreking het die Boere, omdat hulle werklik na vrede verlang het, besluit om hulle eise betreffende die verteenwoordiging op die Koninklike Kommissie en die terugtrekking van Britse garnisoene te laat vaar en 'n nuwe ooreenkoms is aangegaan.[69]

(viii) Die Vredesverdrag.

1. Sir E. Wood het die Boere-afvaardiging as die wettige verteenwoordigers van die vegtende Boere aanvaar.

2. Kruger, Pretorius en Joubert het die soesereiniteit van Groot Brittanje en Ierland, soos deur Wood op 16 Maart uiteengesit , aanvaar en ook die Britse Resident met funksies , soos deur die Koninklike Kommissie bepaal sou word, erken. Hulle onderneem verder om aan die Koninklike Kommissie die reg te verleen om voorsorg vir die beskerming van belanghebbende inboorlinge te tref terwyl betrekkinge met buitelandse moonthede onder toesig van die soeserein sou staan.

3. Sir E. Wood het die reg van die volk op volkome selfregering, onderhewig aan die soesereine regte, erken.

4. Die Driemanskap onderneem om met die Britse regering saam te werk sodat alle persone wat inbreuk gemaak het op die gebruike van beskaafde oorlogvoering, aan die man gebring kon word.

5. Sir E. Wood belowe dat hy nie Laing's Nek sou beset indien die Boere dit sou ontruim nie en dat hy geen ammunisie na Transvaal sou stuur nie.

6. Die Boereleiers het die algemene voorwaardes, soos in Kimberley se telegram van 17 Maart vervat, aanvaar maar die hoop uitgespreek dat selfregering so spoedig moontlik aan hulle gegee sou word - op die langste nie later as ses maande nadat vrede ge-

---

68. C. 2950, No. 40, bl. 119. Vgl ook Heyns: a.w., bl. 391.

69. C. 2950, bl. 120. Vgl ook Joubertversameling 2555, d.d. 21 Maart 1881; Leyds: a.w., bl. 361.

sluit is nie.

Hulle het dit gedoen met die verstandhouding dat geen siviele aksie na aanleiding van oorlogsdade of belasting geneem sou word, tot tyd en wyl hulle eie regering toegestaan is nie.

Verder het hulle die vertroue uitgespreek dat die Koninklike Kommissie, indien hulle die afskeiding van grondgebied ten ooste van die dertigste lengtegraad vir Britse doeleindes nodig ag, nie meer grond sou afbaken as wat vir die Britse politiek nodig was nie.

7. Sir E. Wood het belowe dat die Koninklike Kommissie so spoedig moontlik met sy sittings sou begin en dat die land binne ses maande na ondertekening van die vredesverdrag, teruggegee sou word.

8. Onder die omstandighede het die Boere onderneem om dadelik hulle magte te ontbind en besluit om die verskillende sake, soos uiteengesit, aan die Koninklike Kommissie oor te laat en hulle besluit af te wag.

9. Verder het die Boereleiers onderneem om alle Britse besittings soos oorlogsvoorrade en wapens wat tydens die oorlog in Boerehande geval het, terug te gee en dat die uitwisseling sou plaasvind nadat die Boereregering herstel is.

Onmiddellik na die ondertekening van die verdrag is dit aan Londen getelegrafeer en is die wapenstilstand tot die 23ste verleng om sodoende aan Kimberley geleentheid te gee om daarop te aantwoord.

Op die oggend van 23 Maart, nadat die antwoord van Kimberley intussen ontvang is, is die konferensie voortgesit. Kimberley het oor die algemeen die voorwaardes van 21 Maart aanvaar, maar gevoel dat alle siviele oortredings en eise om skadevergoeding deur die Koninklike Kommissie self behandel moes word. Die Koninklike Kommissie sou dus vooraf moes besluit of eise om skadevergoeding geregverdig is en of dit deur die oorlog genoodsaak is.[70]

---

70. C. 2950, bl. 120. Vgl. ook De Volksstem, d.d. 13 April 1881.

Kruger was aanvanklik 'n bietjie huiwerig om alle eise om skadevergoeding aan die Koninklike Kommissie oor te laat, veral omdat hy maar baie min geloof in die onpartydigheid van die Kommissie gehad het, maar nadat hy die versekering ontvang het dat hulle alleen sake sou behandel waar skadevergoeding geregverdig is, het hy toegestem en is die volgende bewoording aanvaar „.... to the Royal Commission be remitted all questions of compensation for damage or other proceedings on either side so far as in the judgement of the Royal Commission, these acts were not justified by the neccessities of war and are fairly subjects for compensation." 71)

Kimberley het verder voorgestel dat aangesien dit hom ter ore gekom het dat daar reeds vir alle wapens wat tydens die anneksasie oorgeneem is, betaal is, die kwessie oor die teruggawe van genoemde wapens ook aan die Koninklike Kommissie vir beslissing oorgelaat moes word.72)

Uiteindelik, nadat daar aan beide kante algemene tevredenheid was, het verteenwoordigers van albei partye die vredesooreenkoms onderteken en is daarmee die vrede formeel bekragtig.73)

Dieselfde dag nog het die Driemanskap 'n proklamasie uitgevaardig waarin hulle die krygswet van 16 Desember 1880 , asook alle instruksies en proklamasies in verband daarmee herroep het. Verder is die handelsverkeer en alle ander verkeer herstel en en alles is weer onder die gewone beskerming van die wet geplaas.74)

„At daylight of the 29th, they fulfilled their engagement to the letter, by quitting their position at Laing's Nek ; by 10 o'clock not a Boer was to be seen there, but the road to the Transvaal was studded with a long chain of oxwaggons which

---

71. C.2950, bl. 120.

72. Ibid.

73. De Volksstem, d.d. 13 April, 1881. Vgl. ook Heyns: a.w., bl.392

74. Joubertversameling 2379, d.d. 23 Maart 1881. Vgl ook Staats-Courant der Z.A.R. d.d. 30 Maart, 1881.

snakelike slowly treaded the undulating plain until almost lost on the distant horizon".[75]

In 'n kragtige stem het Kruger op 15 April 1881 die Volksraad toegespreek :„Uit de vredesovereenkomst zult U Ed.Achtb. zien, dat nog een belangrijk deel voor de regeling der zaken in dit land is overgelaten aan een Koninklijke Commissie. Ik spreek vrijmoedig mijn volkomen vertrouwen uit, dat deze Koninklijke Commissie tot den einde toe en in alle punten het werk der regtvaardigheid zal voltooijen, zoo edelmoedig begonnen op den 21sten en 23sten Maart jl".[76]

---

75. C.2950, bl. 141.

76. Staats-Courant der Z.A.R., d.d. 30 April, 1881.
Vgl. ook Nathan : a.w., bl. 178.

HOOFSTUK II.

DIE OORSPRONG, SAMESTELLING EN ALGEMENE OORSIG OOR DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KONINKLIKE KOMMISSIE.

(i) Die oorsprong.

Nadat Carnarvon se federasieskema misluk het, wou hy 'n federasie op die Suid-Afrikaanse state forseer en het hy aan Shepstone opdrag gegee om die Zuid-Afrikaanse Republiek te annekseer. Uit die aard van die saak sou dit vir Shepstone fataal wees om die werklike rede vir sy anneksasie rugbaar te maak en moes hy sy anneksasiedaad agter 'n aantal valse motiewe verskans.[1] Die waarheid omtrent die anneksasie sou nie alleen so 'n gedwonge federasie laat skipbreuk ly nie, maar sou hom ook aan die oordeel en kritiek van die buitewêreld blootstel.[2]

In plaas van egter na die anneksasie 'n konsiliasiebeleid te volg en 'n poging aan te wend om 'n eerlike en vir die Boere aanneemlike, koloniale politiek daar te stel, het die Britse bewindhebbers in Transvaal verkies om 'n skewe beeld aangaande toestande in Transvaal, in Engeland te behou en het hulle die Boere steeds meer van hulle vervreem.

Die slotsom waartoe die Transvalers uiteindelik moes kom, was : „De tyd voor memories aan de Engelsche Regering is voorbij, langs dien weg is geen redding mogelijk".[3] Verder: „Wij vertrouwen op de Koning der Koningen .....met vertrouwen leggen wij onze zaak open voor de geheele wereld. Hetzij wij overwinnen hetzij wij sterven; de Vryheid zal in Afrika rijzen als de zon uit de morgen wolken, als de Vryheid reas in de Vereenigde Staten van Noord-Amerika. Dan zal het zijn van Zambesi tot Simonsbaai: Afrika voor den Afrikaner".[4]

---

1. Leyds: a.w.,bl. 211. Leyds toon duidelik aan waarom die motiewe, deur Shepstone vir anneksasie aangevoer, nie die werklike motiewe vir die anneksasie was nie.

2. C. 2695, bl. 14.

3. Leyds: a.w., bl. 312.

4. Gouwernements Kennisgewing, d.d. 29 September 1880.(Staats-Courant, d.d. 16 Februarie 1881.)

Die regverdige saak van Transvaal en die wyse waarop hulle hulle onafhanklikheid verloor het, het die ganse Boeredom van Suid-Afrika aangegryp en hulle tot dade aangespoor.[5]

In „Het Volksblad" van 28 Februarie 1880 reeds word gewag gemaak van 'n skrifstuk wat deur 'n groot persentasie van die bevolking van die Kaapkolonie gesteun is, en waarin vuriglik gepleit word vir die onafhanklikheid van die vroeëre Republiek.[6]

Die „Cape Argus" het die anneksasie as 'n flagrante fout bestempel en die vrees uitgespreek dat die anneksasie, indien daarmee volgehou sou word, die rassehaat tussen die twee bevolkingsgroepe in al die kolonies sou aanblaas : „If however the Imperial Government persists on a forward policy, persists on forcing a Confederation in spite of all local opinions, a few years will unquestionably prove that the Transvaal error, great as it was, was nothing in comparison with the error which is now being apparently forced on to its consummation".[7]

Van verskillende kante[8] is beswaar gemaak teen die Britse optrede in die gebied noord van die Vaalrivier en selfs die waarnemende goewerneur, sir G.C. Straham, moes aan Kimberley berig : „There can be no doubt that there is a strong sympathy among those of Dutch descent in this colony, with the Boers in the Transvaal and indeed it could scarcely be otherwise, inasmuch as, I believe, there is scarcely a family of Dutch descent in one colony which has not relations or connections in the other".[9]

Dit is dus heel natuurlik dat die idee van 'n Koninklike Kommissie sy oorsprong juis in die Kaapkolonie gehad het. Daar was nie alleen die algemene vrees dat die Boere van die Kaapkolonie gemene saak met die Transvalers kon maak nie, maar daar is ook

---

5. Boeseken, dr.A.J., Kruger, dr.D.W., Kieser, dr.A: Drie Eeue; Die Verhaal van ons Vaderland (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1952), bl. 178. Vgl. ook Scholtz: a.w., bl. 241-243. Ook Van Rensveld: a.w., bl. 124-138.
6. C.2695, bl. 14 - 15.
7. Ibid.
8. Kaapkolonie, Oranje Vrystaat en selfs in Natal.
9. C. 2783, No. 39, bl. 67. Vgl. ook Pieterse: a.w., bl. 8.

gevrees dat 'n oorlog noord van die Vaal ernstige gevolge op ekonomiese sowel as politieke gebied vir die Kaapkolonie kon hê.

Reeds op 9 Desember 1880, nog voordat die oorlog uitgebreek het, het 'n Paarlse deputasie bestaande uit mnre. Marais, De Villiers en Fourie[10] na baie oponthoud, daarin geslaag om 'n onderhoud met waarnemende goewerneur G.C. Strahan te kry. Hulle het nie alleen hulle simpatie met die Vryheidstrydders betuig nie maar ook voorgestel dat die Britse regering 'n kommissie moes benoem wat geskille op onpartydige wyse kon ondersoek en voorstelle vir 'n permanente vrede kon maak.[11]

Die Goewerneur was hulle egter nie baie goedgesind nie en hulle moes maar die aftog blaas, sonder om selfs 'n belofte te verkry dat die saak onder die aandag van die Britse regering gebring sou word.

Die Kolonialers het die saak egter nie daarby gelaat nie want hulle volksgenote, geesverwante en in baie gevalle selfs bloedverwante, was in 'n ongelyke stryd gewikkel terwyl hulle die REG aan hulle kant gehad het.

Op 21 Desember 1881 het twee baie verteenwoordigende deputasies , hoofsaaklik lede van die Kaapse parlement, 'n onderhoud met die waarnemende goewerneur gehad.[12] Die eerste deputasie was van Stellenbosch afkomstig en het uit die volgende persone bestaan: mnr. J.H.Hofmeyer voorsitter, mnre. Van der Bijl, P. Myburgh, G. Krige en J.W. Hofmeyer.[13]

Omdat twee lede van die eerste deputasie ook gekies was as lede van die tweede deputasie wat direk na die eerste 'n onderhoud met die Goewerneur sou voer, het die Goewerneur besluit dat die hele deputasie, nadat hulle besprekings afgehandel is, maar

---

10. C. 2783, No. 36, bl. 61. Ongelukkig word nie gemeld wie die voorsitter was, wat hulle voorletters was, of watter ampte hulle beklee het nie. Volgens die Blouboek is ds. Du Toit oorspronklik gekies om op die deputasie te diem maar omdat hy nie kon gaan nie is mnr. Fourie in sy plek gekies.

11. Ibid.

12. Ibid. bl. 69.

13. Mnr. J.H.Hofmeyer en mnr. Van der Bijl was lede van die Kaapse parlement.

kon agterbly en verneem wat die tweede deputasie verlang.[14]

Die eerste deputasie het geen definitiewe voorstel aan die Goewerneur voorgelê nie, maar dit is baie interessant om te verneem wat elke lid in verband met 'n voorgestelde kommissie na die noorde te sê gehad het.

J.H.Hofmeyer het eerste sy standpunt gestel: Hy was die mening toegedaan dat oorlog noord van die Vaal alleen vermy kon word deur die tussenkoms van 'n spesiale kommissaris , wat op onpartydige wyse toestande kon ondersoek en aanbevelings kon maak wat tot uiteindelike vrede kon lei. Volgens hom was sir Henry de Villiers, 'n Afrikaner van geboorte maar 'n persoon wat sy opleiding in Engeland ontvang en die vertoue van sowel die Afrikaanse as die Engelse gemeenskap geniet het, beter as enige ander persoon toegerus om as bemiddelaar op te tree. Hofmeyer was oortuig daarvan dat sir H. de Villiers instaat sou wees om die Transvalers die hopeloosheid van hulle stryd te laat insien en hulle te wen vir 'n skema waarvolgens groter vryhede onder 'n Britse vlag aan hulle toegeken sou word.[15]

Hier word dus nie alleen die sending van 'n kommissie bepleit nie, maar word ook gewag gemaak van 'n Britse soesereiniteit, soos later deur Brittanje toegepas.

Mnr. Van der Bijl het die sienswyse van Hofmeyer onderskryf maar hy het die sending van 'n kommissie bestaande uit nege lede voorgestaan. Die Imperiale regering moes drie lede kies, die Kaapkolonie moes deur drie lede verteenwoordig word terwyl Transvaal self drie lede moes aanwys. Van der Bijl was vas oortuig dat indien so 'n kommissie in Pretoria of Potchefstroom vergader, hulle nie alleen daarin sou slaag om vrede te bewerkstellig nie maar dat hulle ook 'n konstitusie sou kon saamstel wat algemene tevredenheid sou gee.[16]

---

14. C. 2783, No. 39, bl. 69.

15. Ibid.

16. Ibid. bl. 70.

Hier word vir die eerste keer gewag gemaak van 'n verteenwoordigende kommissie min of meer soos wat die Transvalers later voorgestel het.

Mnr. Myburgh het dieselfde sienswyse as die twee vorige sprekers gehuldig maar net bygevoeg :„If your Excellency thinks proper, the sooner it is sent, the better".[17]

Hoewel daar nie eenstemmigheid onder die lede van die deputasie oor die samestelling van die voorgestelde kommissie was nie, was almal dit egter roerend eens dat die sending van so 'n kommissie uiters noodsaaklik was en dat dit spoedig moes geskied.

Die tweede deputasie wat van Kaapstad en omgewing afkomstig was, het uit die volgende persone - almal parlementslede - bestaan: Mnre J.K.Merriman (voorsitter) Saul Solomon,Bergh, De Smidt, Auret, Stegnant, Fuller, Scanlan, Goldsmidt, Louw, Wilman, Proctor, De Villiers, asook lede van die eerste deputasie en lede van die pers.

Mnr. Merriman het as spreker opgetree en het ter inleiding gewys op die groot gevaar wat 'n stryd noord van die Vaal vir die Kaapkolonie kon inhou: „Every shot fired up there will find its echo down here in the Cape Colony and every drop of blood that is shed there, will sow the seeds for continuance of that bitter feeling which existed before, but which happily was dying away between Dutch and English".[18]

Merriman het, netsoos die lede van die eerste deputasie, gevoel dat die sending van 'n kommissaris noodsaaklik was, dat dit 'n persoon moes wees wat deur albei bevolkingsgroepe vertrou sou word en wat vertroud is met die behoefte en probleme van die Transvalers.

Uiteindelik het hy daartoe oorgegaan om 'n resolusie vir deursending aan die Britse regering voor te lees. Hierin word nie alleen die noodsaaklikheid van die sending van 'n kommissaris na die noorde uiteengesit nie, maar kom die deputasie met 'n definitiewe voorstel: „.... that the Chief Justice of the Cape Colony sir J.H.de Villiers possesses in an eminent degree the qualifica-

---

17. Ibid. bl. 70.

18. Ibid. bl. 71.

tions required for such an office".[19]

Dit is baie duidelik dat die Kolonialers in die sending van 'n kommissaris of kommissie die enigste oplossing vir die moeilikhede noord van die Vaalrivier gesien het. Aangesien daar op daardie tydstip nog nie gewapende botsings plaasgevind het nie, sou die vernaamste taak van so 'n kommissie wees om die oorlog te verhoed.

Kimberley wou egter nie aan hierdie redelike oproep gehoor gee nie en dit was dan ook met 'n tikkie leedvermaak dat Statham hom die volgende woorde laat ontval het: "A Royal Commission had been rejected by Lord Kimberley as unoppertune. Whether four British defeats had rendered it more oppertune, might be a somewhat nice question to decide!" [20]

Intussen het die oorlog uitgebreek en dit was nie voor 31 Januarie 1881 dat daar weer pogings aangewend is om 'n kommissie benoem te kry nie. Hierdie keer het die voorstel van president Brand gekom. In 'n brief aan sir H. de Villiers skryf hy: "I still think that the best course is to send you at once to speak to the Transvaal people and to come without the least delay to an agreement as to the terms upon which there shall be a cessation of hostilities upon both sides with a view to bring about a settlement".[21]

Dit was egter eers nadat die Boere self van 'n Koninklike Kommissie gewag gemaak het, dat die idee aanvaar is en daar ook in hierdie rigting gewerk is.

Op 12 Februarie 1881 het Kruger 'n skrywe aan Colley gerig wat inderdaad 'n keerpunt in die stryd teweeggebring het en direk daartoe gelei het dat 'n Koninklike Kommissie uiteindelik benoem is. Hy skryf: "wij wonschen geen stryd te zoeken met het Imperiale Gouvernement, maar kunnen niets anders dan tot den laatsten droppel bloed geven voor ons goedrecht, waarvoor elke Engelschman ook het zijne geven zou. Wij weten dat het edele Engelsche volk,

---

19. Ibid., bl. 67.

20. Statham: a.w., bl. 140.

21. Aangehaal by Walker: a.w., bl. 151.

wanneer eenmaal de waarheid en recht tot hetzelve kan doordringen, aan onze zijde zal staan.

Wij zijn zoo sterk in deze overtuiging dat wij niet zouden schromen, het onderzoek eener Koninklijke Commissie die, wij weten het, ons in ons goed recht zal herstellen".[22]

Colley het egter nie die juiste bewoording van die brief aan Kimberley getelegrafeer nie met die gevolg dat daar 'n misverstand oor die samestelling van die Kommissie ontstaan het. Volgens sy telegram aan Kimberley wou Colley te kenne gee dat Kruger met 'n kommissie , uitsluitlik deur Engeland saamgestel, tevrede sou wees.[23]

Kimberley was onmiddellik gereed om Kruger se aanbod, soos deur Colley aan hom oorgedra, aan te neem, en het derhalwe aan Kruger laat weet dat indien die Boere gewapende verset sou staak, die Britse regering bereid sou wees om 'n Koninklike Kommissie met uitgebreide magte aan te stel.[24]

Met hierdie voorstel van Kimberley kon Kruger nie tevrede wees nie, want op 26 Februarie ('n dag na die Majubaslag) het hy 'n skrywe aan Colley gerig[25] waarin hy baie duidelik sê: „Dat door u en ons gecommitteerden zullen worden aangewezen".[26]

Engeland het egter, wat benoeming en samestelling van die Koninklike Kommissie betref, 'n ander sienswyse gehuldig. Duidelik is dit weerspieël in 'n memorandum wat op 8 Maart 1881 aan die Koningin voorgelê is: " Mr. Gladstone has always urged, and still feels that the proposal of the Boers for the appointment of commissioners, was fortunate on this among other grounds, that it involved a recognition of your Majesty's de facto authority on the Transvaal".[27]

---

22. Staats-Courant, d.d. 2 Maart 1881.(Brief van Kruger aan Colley) Vgl. ook Leyds: a.w., bl. 357. (Deur my onderstreep.)

23. Boere-Voormanne 3:Colley aan Kimberley, d.d. 13 Februarie 1881. Vgl. ook Pieterse: a.w., bl. 19.

24. Staats-Courant, d.d. 2 Maart 1881. Kimberley aan Colley.

25. Kruger was toe nog nie bewus van die slag waartydens Colley gesneuwel het nie.

26. Staats-Courant, d.d. 2 Maart 1881. Vgl. ook Jorissen: a.w., bl. 84. (Deur my onderstreep)

27. Morley: a.w., bl. 40.

Die Boere aan die anderkant was ewe vasberade en het sir E. Wood gelas om aan Kimberley te telegrafeer dat die Boere sy voorwaardes, vervat in die telegramme van die 8ste en 12de Maart,[28] in hoofsaak aanvaar, maar dat hulle alleen hulle troepe op Laing's Nek kan ontruim indien " de Boeren vertegenwoordigd worden in de Commissie in die verhouding van twee tot drie".[29]

Die volgende dag (17 Maart) het Kimberley aan die Boere 'n antwoord verstrek wat daarop neergekom het dat aangesien die gedagte van 'n Koninklike Kommissie by die Boere ontstaan het, hulle tevrede moes wees dat so 'n kommissie deur Engeland benoem word en hoewel die Boere nie op die Kommissie verteenwoordig kon word nie, hulle tog by magte sou wees om met die Kommissie te onderhandel en hulle van advies te bedien.[30]

Vir die Boere was dit 'n bittere teleurstelling want dit was duidelik dat wat Engeland betref, dit alleen 'n saak van eer was. Blykbaar moes die vrede en herstel van die volksbestaan voor alles die vrye beskikking van die groot moontheid(in dié geval, Engeland) bly en is dit om dié rede dat die voorstelle van die Boere handig verwerk is.

Eerder egter as om hulle aan die vernederende voorwaardes te onderwerp, sou hulle veg tot die bittere einde. Die stryd-kreet daarvoor was die beroemde " Derde Proklamasie".[31] In die aangesig van die dood het die Boere andermaal besluit om hulle vryheid eerste te stel.

Dit was hier waar Brand sy bekwaamheid as bemiddelaar bewys het. Van Oordt sê van hom in hierdie verband: „ De taak die Jan Brand, in het belang van Zuid-Afrika, vrywilliglijk op zich genomen had, was niet gemakkelijk. Hy was inderdaad in dezelfde positie als iemand die op twee stoelen tegelijk wil zitten ;

---

28. Sien hierbo, bl. 15.

29. Staats-Courant, d.d. 30 April 1881. Vgl. ook Joubertversameling, 2544 ; Statham: a.w., bl. 141-142.

30. Joubertversameling, 2545. Telegram van Kimberley aan Wood.

31. Sien hierbo, bl. 19.

er bestond alle kans dat hy tusschen de stoelen op den grond zou vallen".[32]

Na ure van ononderbroke bespreking[33] en onderhandeling het Brand uiteindelik daarin geslaag om die Boereleiers, wat baie na vrede verlang het, oor te haal om hulle eise in verband met die samestelling van die Koninklike Kommissie te laat vaar. Hulle het die toegewings egter alleen gedoen op voorwaarde dat die Kommissie streng volgens die vredesvoorwaardes sou handel.

(ii) Samestelling van die Koninklike Kommissie.

Op 12 Maart 1881 is 'n memorandum aan die Koningin voorgelê, waarin Gladstone vir sir Hercules Robinson, sir E. Wood en sir J.H. de Villiers met president Brand as „Amicus Curial" sterk aanbeveel as lede van die Koninklike Kommissie.[34] Op dieselfde dag nog is Gladstone se aanbeveling deur Kimberley aan sir E. Wood getelegrafeer en is elke lid afsonderlik in kennis gestel.[35] Dit was egter nie voor 5 April dat die aanstellings formeel bekragtig is nie.[36]

Op 16 April is die name van die Koninklike Kommissie in die Staatskoerant gepubliseer[37] en is bepaal dat hulle om en by die 28ste April met hulle sittings sou begin.[38]

Op 29 April 1881 is sir E. Wood skriftelik in kennis gestel dat die volgende Boere deur die Volksraad afgevaardig is om met die Koninklike Kommissie te onderhandel:[39]

---

32. Van Oordt, J.S.: Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek(Hollandsch Afrikaansche Uitgewers-maatschappij, Amsterdam, 1898), bl. 344-345.

33. Die besprekings het op O'Neill se plaas plaasgevind.

34. Morley: a.w., bl. 40-41.

35. C.2873, bl. 24.

36. C.2950, No.41, Bl. 127. Vgl. ook Statham: a.w., bl. 150.

37. Transvaalsche Gouvernements Courant, d.d. 17 Mei 1881.

38. C. 3114, Bl. 12.

39. Sien Hoofstuk III vir verdere besonderhede.

S.J.P.Kruger. :
M.W.Pretorius. :- Driemanskap.
P.J.Joubert. :
asook: C.J.Joubert, E.J.P.Jorissen, J.S.Joubert(senior) Tielman N. de Villiers en G.H.Buskes. [40]

(iii) Die kommissarisse.

Die Kommissarisse het nie gelukkig saamgewerk nie. Wood het sy werk gehaat „...and hankered to the last for a route-march in force through the Transvaal as a warning to all whom it ought concern". [41] Hy het in baie gevalle van Robinson verskil en het omtrent altyd met De Villiers gebots, vir wie hy daarvan verdink het dat hy besig was om Britse oppergesag uit Suid-Afrika te weer. [42] „Once he differed so bluntly that Robinson privately urged him to be more accommodating.,How can I?' blurted out the unhappy soldier. ,That glib lawyers tongue talks me round every time - and he's always right'". [43] Later het hy selfs vir Robinson gevra om hom van sy pligte te onthef. „Dont say that", het Robinson geskree, „I have just spent half the morning persuading De Villiers to stay on". [44]

Hoofregter De Villiers was in die eerste instansie onpartydig, soos dit immers ook 'n regter betaam, maar hy het altyd die beskouing gehuldig dat hulle hulle streng aan die vredesbepalings moes hou. Omdat hy 'n Afrikaner was, kon dit so maklik gesê word dat hy die Boere wou bevoordeel en daarom het hy hulle soms onnodiglik op 'n afstand gehou. Die gevolg was dat hy hom die lewenslange agterdog van Kruger en sy makkers op die hals gehaal het. Hy het sy taak nougeset en met die grootste ernst verrig en steeds probeer om 'n saak van albei kante te beskou. Tipies was dan ook sy uitlating aan hoofregter Kotze in Pretoria: „Legally you are right, logically you are right. Unfortunately we have to think

---

40. C. 3114,No. 6, Bl. 60.

41. Walker: a.w., bl. 158.

42. Veral in die gevalle waar oor die oosgrens van Transvaal besluit moes word, het hy en De Villiers hewige botsings gehad; vandaar ook sy agterdog.

43. Walker: a.w., bl. 158.

44. Ibid. Vgl. ook Statham: a.w., bl. 154.

politically. You here are not the only people to be satisfied. The people over there must be satisfied too.[45]

Sir Hercules Robinson moes as voorsitter die meeste kritiek verduur. Hy het altyd probeer om eerlik en opreg in sy optrede te wees en het nooit toegelaat dat sy eie opvattings sy werk beinvloed nie. Dit was net wanneer hy „ the people over there" ook moes tevrede stel , dat hy vir hom die ontevredenheid van die Boere-afvaardiging op die hals gehaal het. De Villiers het eenmaal teenoor sy vrou opgemerk: „No one knows what a sterling good man he is, so anxious to do what is right".[46]

(iv) Algemene oorsig oor die werksaamhede van die Koninklike Kommissie.

Een van die bepalings van die vredesverdrag lui dat 'n Koninklike Kommissie so spoedig moontlik byeen sou kom om oor die verskillende sake te besluit en dat die land binne ses maande aan die Boereregering teruggegee sou word. Indien die Koninklike Kommissie dus hulle taak voor die bepaalde tyd wou afhandel, sou hulle so spoedig moontlik na die vredesluiting met hulle sitting 'n aanvang moes neem.

Wood het belowe dat die Koninklike Kommissie, soos deur die Britse regering benoem, op 23 April amptelik met sy werksaamhede sou begin.[47]

Sir J.H. de Villiers het onmiddellik per skip na Durban vertrek, maar Robinson, wie se aandag op daardie oomblik deur politieke verwikkelinge in die Kaapkolonie besig gehou is,[48] sou nie voor 30 April die Kaapkolonie kon verlaat nie.[49]

Intussen het 'n ander probleem op die voorgrond getree: Weens sy sentrale ligging, wat die insameling van getuienis sou

---

45. Aangehaal by Walker: a.w., bl. 156.

46. Ibid.

47. C.3114, bl. 11. Vgl. ook Walker: a.w., bl. 158.

48. Walker: a.w., bl. 157. In parlementêre kringe was daar groot ontevredenheid oor die Sprigg-regering se spoorwegbeleid en sy onvermoë om die Basoetovraagstuk op te los. In sy poging om 'n mosie van vertroue aangeneem te kry, is die Sprigg-regering op 27 April verslaan en moes Sprigg bedank.

49. C. 3114, bl. 12.

vergemaklik, was Pretoria die aangewese plek vir die Koninklike Kommissie om met sy sittings te begin. 'n Aantal praktiese probleme het Pretoria, as vergaderplek op daardie moment, egter ondoeltreffend gemaak. Pretoria is tydens die oorlog, weens die vernietiging van sy telegraaflyne, totaal van die buitewêreld afgesny en gevolglik vir die Kommissie as vergaderplek, ongeskik aangesien hulle voortdurend met Engeland in verbinding moes bly. Vir Robinson was verbinding met die Kaapkolonie ewe naodsaaklik want nie alleen het sy amp as goewerneur van die Kaap dit vereis nie, maar veral omdat 'n nuwe regering pas in die Kolonie bewind aanvaar het, het probleme daagliks opgeduik en moes 'n plek gevind word wat telegrafies met die Kaapkolonie verbind was. Uiteindelik is besluit dat Newcastle onder omstandighede die beste vergaderplek sou wees.[50)]

Toe dit duidelik word dat toestande aan die Kaap die onmiddelikke aandag van Robinson vereis en hy dus nie op die bepaalde tyd in Newcastle kon wees nie, het hy van die Staatsekretaris verlof gevra dat Wood en De Villiers voorlopig met die sittings 'n aanvang kon neem. Hulle sou dan intussen sake wat geen onmiddellike beslissings verg nie met die Boereafvaardiging kon bespreek.

Die Staatsekretaris het sy toestemming verleen en op 21 April 1881 met Wood as waarnemende voorsitter, het die eerste vergadering van die Koninklike Kommissie plaasgevind.[51)]

Die twee kommissarisse, Wood en De Villiers, het intussen voorbereidende samesprekings met die Boere-afvaardiging gehou. Sake wat in hierdie tydperk bespreek is, was in die meeste gevalle alleen van voorlopige aard. Geen besluite is geneem nie en in gevalle waar besluite genoodsaak was, is dit uitgestel totdat Robinson sy voorsitterstoel kon inneem.

Op 8 Mei het Robinson in Newcastle aangekom en op 10 Mei het hy vir die eerste keer sy plek as voorsitter van die Kommissie ingeneem.[52)] Van toe af het besprekings en onderhandelings in alle erns begin.

---

50. C. 3114, bl. 12. Wood het bowendien berig dat dit ongeveer £19,000 sou kos om die telegraafverbinding te herstel.
51. Ibid. Vgl. ook Walker: a.w., bl. 157.
52. C. 3098, bl. 3. Vgl. ook Nixon: a.w., bl. 268.

Dit was egter baie gou duidelik dat Newcastle nie die aangewese plek vir hulle vergaderings was nie en dat hulle om verskillende redes genoodsaak sou wees om so spoedig moontlik na Pretoria te verskuif. Dit was gebiedend noodsaaklik dat die staatsamptenare in Pretoria van tyd tot tyd geraadpleeg sou word en in sommige gevalle is deurtastende ondersoeke van bepaalde dokumente, wat alleen in Pretoria beskikbaar was, vereis. Pretoria is min of meer sentraal geleë en sou groot ongerief en onkoste uitskakel - veral in gevalle waar persone of afvaardigings 'n persoonlike onderhoud met die Kommissie moes voer." Added moreover to these grounds of minor convenience, there appeared to be broader considerations of policy which pointed to Pretoria as the most fitting place for the sittings of the Commission".[53] Pretoria is beskou as die natuurlike setel van die hoogste gesag in Transvaal en by almal wat persoonlike belang by die skikking van toestande in Transvaal gehad het.- veral die groot naturellebevolking - sou daar 'n mate van onsekerheid gewees het indien belangrike besluite, soos die oordrag van regeringsmag en verdeling van grondgebied, geneem sou word deur 'n Kommissie wat buite die landgrense sou sit.[54]

Die Kommissie het derhalwe besluit om so gou as moontlik na Pretoria te verhuis ; en het selfs op een stadium gehoop dat dit voor die 23ste Mei sou kon geskied. Onvoorsiene omstandighede het verskuiwing egter vertraag. Nie alleen moes gewag word totdat die telegraaflyn weer herstel is nie, maar daar is ook besluit dat die Kommissie Transvaal nie sou binnekom alvorens die ammunisie , wat deur kommandant Piet Cronje by Potchefstroom gebuit is, weer aan die Engelse in Standerton teruggegee is nie.[55]

Die gevolg was dat die Kommissie nie voor 1 Junie Newcastle kon verlaat op hulle reis na Pretoria nie.[56]

---

53. C. 3114, bl.12.

54. Ibid. bl. 13. Vgl.ook Nathan: a.w., 188 ; Statham : a.w., bl. 155.

55. Leyds: a.w., bl. 339- 344. Hier word 'n volledige beskrywing van die Potchefstroomkwessie gegee.

56. Nixon: a.w., bl. 270.

Die Koninklike Kommissie en die Boere-afvaardiging het op 13 Junie in Pretoria aangekom en die volgende dag hulle sittings hervat.[57] Hier het hulle gebly tot na 3 Augustus toe hulle taak met die ondertekening van die Pretoria-konvensie afgehandel is.[58]

---

57. Ibid. bl. 271. Vgl. ook Kotze, Sir John : Biographical Memoirs and Reminiscences (Maskew Miller Ltd.,Capetown), bl. 785.

58. C. 3114, bl. 13.

HOOFSTUK III.

ERKENNING VAN DIE BOERE-AFVAARDIGING.

(i) Name van die Boere-afvaardiging voor die Kommissie gelê.

„It has been agreed that the Commission should meet such representatives as the Boers may select to express their views, and should fully discuss with them the questions wich have to be settled",[1] Dit was die opdrag wat die Koninklike Kommissie van die Koloniale Kantoor ontvang het.

Op 29 April 1881, tydens die eerste sitting van die Koninklike Kommissie, het Kruger dan ook 'n skrywe aan Wood voorgelê waarin die name van die Boere-afvaardiging, soos deur die Volksraad benoem, bekend gemaak word.[2]

Omdat sir Hercules Robinson op daardie tydstip nog nie die voorsitterstoel kon inneem nie,[3] het Wood en De Villiers ooreengekom om voorlopig alleen met die, tot dusver erkende verteenwoordigers van die Boere, nl. die wat die vredesverdrag onderteken het, te onderhandel en die kwessie oor die erkenning van die ander afgevaardigdes te laat oorstaan totdat Robinson by hulle kon aansluit.[4]

Op die oggend van 10 Mei, nadat Robinson uiteindelik sy plek in die Kommissie kon inneem, is die saak andermaal te berde gebring en het diepgaande meningsverskille tussen die Boere-verteenwoordigers en die Kommissie oor die wettigheid van die afvaardiging ontstaan.

(ii) Die Boere se standpunt.

Die Boere het die standpunt gehuldig dat die wettige volksraad (soos dit voor die anneksasie bestaan het) tydens die anneksasie nooit ontbind is nie, maar alleen vir 'n tydperk van drie en 'n half jaar verdaag het en dat die Engelse regering (wat die Transvalers nooit erken het nie) alleen vir daardie tydperk waargeneem het. Volgens die Boere het die ou Volksraad, wat onder die

---

1. C. 3114, bl. 6.
2. C. 3114, bl. 61. (Sien hierbo, bl.34 vir name van afvaardiging)
3. Sien hierbo, bl. 33.
4. C. 3114, bl. 14.

tragiese omstandighede in April 1877 verdaag is, na die vredesluiting nog altyd as die hoogste wetgewende gesag in Transvaal byeengekom en dus op wettige wyse afgevaardigdes gekies om hulle by die Koninklike Kommissie te verteenwoordig. Die afgevaardigdes was dus by magte om namens die volk besluite te neem en verdrae aan te gaan.[5]

Staatsregtelik was die Boere heeltemal geregverdig om hierdie standpunt in te neem want hoewel die Boere na die anneksasie skynbaar berus het, het die Boereleiers deur geen woord of daad laat blyk dat hulle die Britse gesag aanvaar het nie. Hulle het alleen gehoop dat Gladstone, wat gedurende sy eleksiekampanje die anneksasie sterk veroordeel het, die oorwinning sou behaal en dat hulle weer in hulle reg herstel sou word. Nadat twee deputasies sonder sukses na Engeland gegaan het, en dit duidelik was dat die Gladstone-kabinet nie van plan was om volgens beloftes te handel nie, het die Boere die wapen opgeneem en die stryd teen die vreemde regeerders van sy land met sukses gevoer.[6] Die berusting (onder protes) het dus kragtens 'n definitiewe besluit van die Republikeinse Regering self geskied, en met 'n bepaalde doel.[7]

In dieselfde gees het die Driemanskap op 16 Desember 1880 geproklameer[8] dat die Regering herstel is; dat Kruger as visepresident opgetree het (d.w.s. dat hy dit al die tyd gebly het en slegs tydelik verhinder was om sy amp te vervul) ; dat hy met twee ander as Driemanskap, die bestuur van die land sou uitvoer. Hulle het baie duidelik en onomwonde verklaar : „ De Volksraad heeft zijne zitting hervat".

---

5. Van der Walt, Wiid en Geyer: a.w., bl. 424.

6. Leyds: a.w., bl. 258-329.

7. Hofmeyr, dr. S.: Die Boere-Republieke en die Volkereg.(Kemink en Zoon.N.V.-Over den Dom, Utrecht, 1933), bl. 16.
Op 15 Des. 1879, is die Republiek se vlag te Wonderfontein gehys en is formeel besluit dat:
a. hulle nooit onderdane van Haar Majesteit was nie, en ook nie wil wees nie ;
b. die volk verlang dat die Regering van die Z.A.R. so spoedig moontlik sy werksaamhede sal hervat ;
c. die Volk verlang dat die Volksraad so spoedig moontlik weer byeen geroep sal word. (Leyds: a.w., bl. 317. Vgl. ook Hofmeyr: a.w., bl. 16.)

8. Aangehaal by Leyds : a.w., bl. 321-325.Vgl. ook. Hofmeyr: a.w., bl.17.

Om die regsgeldigheid van die herstelde Transvaalse regering te bewys, verwys Hofmeyr na die anneksasie van Finland 1808/09.[9] Op daardie datum het Rusland vir Finland, wat regtens gelyk gestaan het aan 'n Sweedse provinsie, geproklameer tot 'n Russiese provinsie. Deur aan die Finse bevolking behoud van Godsdiens, die grondwette en voorregte te beloof, het Alexander I. die Finse volk versoen. Dit was egter nie genoeg om die Sweedse regte op Finland te beëindig nie, want eers met die Frederikhammer-Vrede van 1809 „....erhielt die Endigung der Zugehörigkeit Finnlands zu Schweden ihre - unerlässliche - völkerechtliche Sanktion".[10] Die Suid-Afrikaanse Republiek het nooit hierdie „noodsaaklike" volkeregtelike bekragtiging gegee nie en daarom was die Republiek in werklikheid nie 'n Britse kolonie nie.

'n Verdere voorbeeld wat Hofmeyr aanhaal is die geval van Georgië wat in 1783 'n verdrag van proteksie met Rusland gesluit het. Kragtens die verdrag is aan Rusland sekere bevoegdhede verleen soos o.a. beheer oor die buitelandse verhoudings van Georgië. Daar is egter baie duidelik bepaal dat geen modifikasie in hulle onderlinge verhouding ingevoer mag word sonder die toestemming van beide partye nie. In stryd met die verdrag het Rusland egter in 1801 vir Georgië geannekseer. Georgië self het in die loop van meer as 100 jaar nooit die inlywing aanvaar nie en het verskeie kere in opstand daarteen gekom. Op die vredeskonferensie van Den Haag (1907) het Georgië met 'n petisie nog geprotesteer. Eers met die rewolusie van die Bolsjewiste(Nov. 1917) het die feitlike mag van Rusland in Georgië geëindig en op 26 Maart 1918 het die Nasionale Raad van Georgië haar onafhanklikheid geproklameer. Juridies het dieselfde Georgië van voor die verdrag van 1783 dus bly voortbestaan, totdat hy feitlik weer sy onafhanklikheid herwin het.[11]

Hoeveel te meer moet ons dan nie aanvaar dat die Transvaal van vóór die inlywing en die Transvaal van ná die inlywing dieselfde staat was nie?

---

9. Hofmeyr: a.w., bl. 15.

10. Ibid.

11. Ibid. bl. 17.

Waar die onderbreking in die geval van Georgië meer as 'n eeu geduur het, het dit in die geval van Transvaal slegs drie en 'n half jaar geduur. Hofmeyr meen dat die korte duur van die onderbreking, op sigself al 'n bewys is dat daar in 1881 eenvoudig 'n herlewing van die Republiek plaasgevind het.

Ten slotte kan net genoem word dat hoofregter Kotzé na die herstel van onafhanklikheid 'n uitspraak gegee het waarin hy duidelik aantoon dat die Volksraad van voor die anneksasie, na herstel van onafhanklikheid nog alle wettigheid van bestaan gehad het.[12)]

(iii) Die standpunt wat die Koninklike Kommissie ingeneem het.

Die lede van die Koninklike Kommissie het egter van 'n ander standpunt uitgegaan. Hulle het die mening gehuldig dat die Volksraad, soos dit na die vredesluiting voortbestaan het, geen wettige bestaansreg gehad het nie en derhalwe nie by magte was om persone namens die volk as afgevaardigdes te benoem nie. In die eerste plek, volgens hulle, is daar duidelik in die vredesverdrag genoem dat die land onder Britse bewind sou staan, tot tyd en wyl die Koninklike Kommissie sou besluit op welke voorwaardes die Britse gesag onttrek sou word. Hulle sou gevolglik geen ander regering as dié deur die Koningin benoem, kon erken nie. In die tweede plek het die Kommissie beweer dat die Volksraad se dienstermyn tydens die anneksasie omtrent verstreke was en dat die „Romp"volksraad sy dienstermyn met min of meer drie en 'n half jaar oorskry het. Hulle het dus tot die slotsom geraak dat: „Those who remained out of a body selected so long ago and at such a different time, could by no colour of constitutional usage, be regarded, without some further popular sanction, as accredited representatives of an unconsulted constituancy in an unparalleled crisis".13) Indien die Boere sou aanvoer dat die algemene goedkeuring van die oorlog en die algemene steun tydens die oorlog as so 'n „popular sanction" kon dien, sou hulle op hulle beurt

---

12. Van der Walt, Wiid en Geyer: a.w., bl. 424.

13. C.3219, bl. 18. Vgl. ook C.3114, bl. 15.; Nixon: a.w., bl. 275.

kon verklaar dat dit nie vir die oorlog was dat hulle die toestemming van die volk verlang nie, maar wel vir die skikking ná die oorlog.[14)]

Die Koninklike Kommissie was egter deeglik bewus van die feit dat indien hulle nie die Boere-verteenwoordigers wou erken, soos deur die Volksraad benoem is nie, hulle deur middel van 'n Order-in-Rade of plaaslike ordonansie 'n verkiesing sou moes uitskryf om 'n beter verteenwoordigende liggaam te verkry. Verder sou 'n verkiesing, terwyl die algemene toestande nog geensins gunstig was nie, nie alleen tot hernieude onluste kon lei nie, maar ook baie kostbare tyd in beslag neem. "Your Commissioners decided therefore not to arrest the returning quiet of the country by the excitement of a popular election, and agreed that they would recognise, for the present, as representatives, with whom they should confer, the gentlemen reported in Mr. Kruger's letter of the 29th April, as having been appointed to meet the Royal Commission".[15)]

Die Koninklike Kommissie het die bestaande volksraad dus bevoeg geag om verteenwoordigers te kies om met hulle te onderhandel, maar was nie bereid om die bestaande volksraad as wetlik bevoeg te beskou om die Konvensie in sy finale vorm te bekragtig nie. "Your Commissioners decided that they would regard the leaders of the Boers in arms, namely Mr. Kruger, Mr. Pretorius and Mr. Joubert as outhorised exponents of the will of the people for this purpose, pending the ratification of the Convention by a new Volksraad, or popular assembly, regularly elected and convened according to the laws of the South African Republic existing at the time of annexation"[16)]

Die Boere was gewillig om die voorstel van die Koninklike kommissie dat die Konvensie deur 'n nuutgekose Volksraad bekragtig moes word, te aanvaar, maar het geëis dat die ratifikasie nie moes plaasvind terwyl Transvaal nog onder Britse bestuur ge-

---

14. C.3114, bl. 15.

15. Ibid. Vgl. ook C. 3219, Bl. 18.

16. Ibid. bl. 25.

staan het nie. Na ondertekening van die Konvensie moes die regering van Transvaal aan die Boere oorgemaak word "...and there upon either your Majesty's troops should be withdrawn to Natal to await the ratification, or that until the ratification, the military occupation of the country should be retained".[17)]

Die Koninklike Kommissie het voor drie moontlikhede te staan gekom: óf hulle moes die Boere se voorstel aanvaar en die Konvensie deur 'n nuutgekose volksraad laat bekragtig, nadat die Britse besetting van Transvaal opgehef is, óf hulle kon die Konvensie voor 'n massavergadering, soortgelyk aan dié wat by Paardekraal op 16 Desember 1880 byeengekom het, vir bekragtiging voorlê, óf hulle kon 'n volksraadsverkiesing uitskryf voordat die Britse magte in Transvaal onttrek sou word.

Na 'n langdurige bespreking is die idee van 'n massavergadering om die volgende redes verwerp: „A massmeeting would have been attended by obvious evils. It would have been a tumultuary form of representative assembly, possessing in part only a stifled voice, and it would have been a danger to the cause of reviving amity and quiet".[18)] Dit was die gebruik van die Boere om ten volle gewapen na sulke vergaderings te gaan en al sou daar nie werklike botsings tussen die Boere en die Britse troepe plaasvind nie, sou gewapende optogte in tyd van publieke spanning tog 'n mate van onrus skep. Verder sou daar die gevaar bestaan dat ingeval daar verdeeldheid onder die Boere sou ontstaan, die minderheidsparty óf die vergadering nie sou bywoon nie, óf nie hulle stem sou kon laat hoor nie.[19)]

Die tweede moontlikheid, nl. om 'n volksraadsverkiesing te hou nog voordat die Britse gesag opgehef is, het ewe ernstige probleme na vore gebring. „A Volksraad, or popular assembly, distinct from the legislative Assembly, constituted in the Transvaal by letters patent from the Crown, could only have been called into being under a British Government in the Transvaal, by an Act of Legislation. Such an act of Legislation might have been either

---

17. Ibid.

18. Ibid.

19. Ibd. bl. 26.

imperial or local".[20] Voordat dit egter moontlik sou wees, moes die wetgewende vergadering eers 'n wet aanneem waardeur hy homself likwideer om sodoende plek te maak vir die Volksraad wat dan deur 'n algemene verkiesing in die lewe geroep sou word.

Alles dus in aanmerking geneem, het die Koninklike Kommissie dit raadsaam geag om liewers volgens die wense van die Boere te handel en 'n verkiesing na die onttrekking van die Britse magte uit Transvaal voor te staan. "It appeared to Your Commission to be a matter of particular moment that, in all the proceedings connected with the presentation of the Convention to the Transvaal people for acceptance, there should be no point which could conflict either with any reasonable view of legal right, or with popular sentiment".[21] Die Republikeinse grondwet het bepaal dat alle verdrae en konvensies deur hulle volksraad bekragtig moes word en dit is seker dat "...the people of the country themselves would never have deemed any ratification to be final, and lawful, and sufficient, but such as come from the formal act of their own Volksraad, elected and convened according to their own fundamental law".[22]

Op 28 Junie 1881 het die Koninklike Kommissie hulle aanbeveling[23] aan die Koloniale Kantoor gestuur en op 2 Julie 1881 het lord Kimberley sy goedkeuring daaraan geheg.[24]

Artikel 32 van die Pretoria-konvensie bepaal baie duidelik: "Deze Conventie zal bekrachtigd worden door een nieuw te verkiezen Volksraad binnen den tijd van drie maanden na hare onderteekening, en by gebreke van zoodanige bekrachtiging zal deze Conventie van nul en geener waarde zijn".[25]

---

20. Ibid.
21. Ibid.
22. Ibid. (Deur my onderstreep.)
23. C. 3114, No. 10, bl. 98.
24. Ibid. No. 10 a. Bl. 98.
25. Aangehaal by Leyds: a.w., bl. 379. Vgl. ook Eybers: a.w., bl. 463.

HOOFSTUK IV.

BEWEERDE OORLOGSMISDADE.

(i) Kimberley se opdrag aan die Koninklike Kommissie.

Tydens die oorlog het daar 'n hele paar gevalle voorgekom in verband waarmee daar 'n vermoede bestaan het dat daar strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering gehandel is.

Op 31 Maart is die volgende opdrag deur Kimberley aan die Koninklike Kommissie gestuur: "You will make every effort to bring to justice those who are accused of the murder of Captains Elliot and Mr. Barber or of any similar acts, and you will call on the Boer leaders in accordance with their engagement to sir E. Wood, to afford you their assistance in tracing out and arresting the offenders".[1)]

In die vredesverdrag het die Boere belowe: "gladly(to) co-operate with Her Majesty's Government in bringing to justice those who had committed or were directly responsible for acts contrary to the rules of civilised warfare".[2)]

(ii) Probleme in verband met die verhoor van beweerde oortreders.

Voordat oor sake van bogenoemde aard beslis kon word, was dit noodsaaklik dat die Koninklike Kommissie eers moes bepaal in watter gevalle daar wel strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering gehandel is.

Dit op sigself was alreeds 'n moeilike taak, want hoewel daar bepaald sekere gebruike vir beskaafde oorlogvoering bestaan het, was dit nie omskryf nie en het die vermeende strydige handelings onder baie buitengewone omstandighede geskied.

'n Tweede probleem waarmee die Kommissie te kampe gehad het, was om te besluit welke regsprosedure in gevalle van oortredings gevolg sou word. Moes die sake deur die gewone howe van die land verhoor word, of moes daar 'n buitengewone hof vir die doel in die lewe geroep word?

Om hulle beslissings te vergemaklik het die Koninklike Kommissie aan die Prokureur-Generaal, W.B.Morcom, opdrag gegee om verder op die saak in te gaan en 'n rapport uit te bring wat tot beskikking van die Kommissie gestel sou kon word.[3)]

1. C.3114, bl. 9.
2. Ibid. Ook aangehaal by Leyds: a.w., bl. 362.
3. C. 3114, bl. 59.

Die Prokureur-Generaal het die opdrag onmiddellik ten uitvoer gebring en op 7 Mei 1881 het hy 'n weldeurdagte bevinding voor die Kommissie te Newcastle gelê.[4] "For offences committed in the Transvaal, the High Court is the Court of ordinary jurisdiction which would try all serious crimes ; the trials would take place before a jury, and be presidede over by a singly judge ; they may be held in any part of the province. I see objections to these cases (which are in reality quasi-political, or would be so regarded) being submitted to a judge and jury. After a civil war, in which all the inhabitants of a country , with few exceptions, have taken part, a jury of fair and impartial men, truly inbiassed, will be very difficult to get together".

Die besware wat Morcom teen die verhoor in die gewone geregshowe van die land geopper het, was nie uit die lug gegryp nie. Politieke beskouinge sou seer seker 'n groot rol speel en dit is twyfelagtig of enige juriê onder die toe heersende omstandighede objektief sou kon oordeel.

Maar hy gaan toe verder: "There is no doubt that everyone of those engaged in the recent rising against Her Majesty's authority in the Transvaal has become amenable to the laws of the country, and is liable to be prosecuted. The terms of peace have had the effect of a general amnesty, and the clemency of the Crown has granted emmunity from prosecution for all the acts not contrary to the usages of civilised warfare".[5]
Hier gaan Morcom nog steeds van die standpunt uit dat die Boere rebelle is en wil hy dus voorgee dat hulle as sodanig die wette van die land oortree het en strafbaar was indien daar nie 'n algemene amnestie verleen is nie. Hiermee kan egter nie saamgestem word nie, want deur die vredesonderhandelings en deur die ondertekening van die vredesverdrag daarna, het Engeland tog immers die Boere as gewettigde teenstanders beskou.

Morcom wys op 'n baie interessante situasie wat nou sou ontstaan: Volgens hom sou dit die taak van die Koninklike Kommissie

4. C. 3114, 59.
5. Ibid. bl. 57.

wees om te bepaal in watter gevalle daar strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering gehandel is. „The Royal Commission will, therefore exercise the duty which in ordinary cases would devolve upon the Attorney-General, with the exception, that instead of the Attorney-General determening after a preliminary examination whether a prosecution will lie, the Royal Commission will have to determine in the first place whether an arrest and preliminary examination shall take place".[6)]

Morcom meen verder dat, indien 'n landros onder daardie omstandighede (lawless state) die gewone prosedure sou volg deur oortreders te arresteer, getuienis in te samel en getuies te dagvaar, daar ongetwyfeld 'n mate van weerstand ondervind sou word. Volgens sy mening sou die Boere selfs kon aanvoer dat die vredesooreenkoms deur so'n optrede verbreek sou word.[7)]

'n Krygshof is deur Morcom sondermeer verwerp omdat Engeland en Transvaal op daardie oomblik nie meer in 'n staat van oorlog verkeer het nie.[8)]

Nadat al die moeilikhede en besware in ag geneem is, het Morcom tot die oortuiging gekom dat die enigste wyse waarop 'n regverdige en onpartydige regspraak gelewer kon word, die skepping van 'n buitengewone hof sou wees. Dit kon geskied deur die uitvaardiging van 'n plaaslike ordonansie[9)] of 'n Britse Order-in-Rade. Hy moes egter onmiddellik erken dat hoewel die buitengewone hof sekere voordele sou inhou, die insameling van getuienis nog steeds sekere probleme sou skep. Hy was egter van mening dat 'n buitengewone hof, indien dit in die lewe geroep sou word, so gekonstitueer moes word dat dit die mag sou hê om self te besluit watter dade teen die gebruike van beskaafde oorlogvoering gepleeg is.

---

6. Ibid. bl. 59.

7. Ibid. In sy verslag gebruik Morcom hierdie woorde: „The difficulty of procuring evidence will be very great; there will be reluctance on the part of men who have been engaged in the hostilities to give evidence against their fellows for offences similar in kind, though possibly different in degree, to those of which they may themselves have been guilty". (C.3114,Bl.57.)

8. Krygswet is reeds op 23 Maart opgehef, Sien Heyns: a.w., bl. 99.

9. Uitgevaardig deur die plaaslike Britse bewindhebbers.

Morcom het sy aanbeveling met die volgende woorde afgesluit: „I am aware that strong arguments can be urged against ex post facto legislation, but I think the case of a rebellion or civil war effecting every person in a community, is exceptional, and justifies such special legislation. It was so considered when the Irish Coercion Act of 1838 was passed".[10)]

Die Koninklike Kommissie het hierdie aanbeveling van Morcom baie ernstig oorweeg aleer hulle tot 'n besluit gekom het, en in hierdie verband moet nie uit die oog verloor word dat sir J.H. de Villiers een van die bekwaamste regsgeleerdes van sy tyd was nie.

Die meerderheid van die Kommissie, met uitsondering van Wood wat ten gunste van 'n buitengewone hof was, was van mening dat die politieke omstandighede in Transvaal die skepping van 'n buitengewone hof bykans onmoontlik gemaak het aangesien „...the creation of a special tribunal for the trial of these cases would defeat rather than fulfil the ends of justice".[11)]

Wetgewing, volgens hulle, hetsy deur 'n Britse Order-in-Rade of deur die uitvaardiging van 'n plaaslike ordonansie, was nodig om so 'n buitengewone hof in die lewe te roep en afgesien van watter weg gevolg sou word, sou dit nog 'n verspilling van kosbare tyd meebring. Die uitvaardiging van 'n plaaslike ordonansie sou miskien die minste tyd in beslag neem, maar dit sou te betwyfel wees of die Boere, wat juis teen die plaaslike owerhede in opstand gekom het, wetgewing van so 'n buitengewone en arbitrêre aard as komend van hulle sou aanvaar. „Such a measure flowing from these disputed sources, would have commanded no respect andno general obedience".[12)]

Volgens die Kommissie sou die skepping van 'n spesiale hof nie net die insameling van getuienis bemoeilik nie, maar sou dit onder omstandighede bykans onmoontlik wees. „In their opinion popular odum would have closed the avenues to the strange tribunal".[13)]

---

10. C. 3114, bl. 60, No. 5 in Bylaag.

11. C. 3114, bl. 13. Vgl. ook C.2959, bl. 11-13. Nixon: a.w., bl. 278.

12. C. 3114, bl. 13.

13. Ibid. bl. 14.

Maar, gaan die Kommissie verder, „It was however, perhaps just possible to suppose that this estimate of practical obstacles was exaggerated, and that a sufficient general acquiscence in an unwanted mode of a trial might have been obtained to allow of the working of a special tribunal. But even if this had been so, if the event should have so far falsified anticipation, there would still have resulted, according to the judgement of the majority of your commissioners, a preponderating evil".[14] Hulle was oortuig dat niks die Boere sou oorreed om te glo dat hierdie nuwe metode van regspraak regverdig was nie. Indien so 'n hof die beskuldigdes dan sou vryspreek, sou die Boere dit as 'n oorwinning van die natuurlike billikheidsreg oor die kunsmatige en arbitrêre regspraak van die Britte beskou. Aan die ander kant sou die skuldigbevinding as 'n immorele daad, van alle regverdigheid ontbloot, vertolk word. So 'n skuldigbevinding sou as 'n strafmaatreël so goed as waardeloos wees terwyl dit op politieke gebied rampspoedige gevolge kon hê. In plaas van om oortreders te veroordeel, sou daar 'n algemene gevoel van simpatie vir hulle by die volk gewek word terwyl die Britse regering van 'n wraaksugtige optrede beskuldig sou word.

Alles in ag geneem, het die meerderheid van die Kommissie[15] op 10 Mei tot die besluit gekom dat alle vermeende oortreders deur die gewone hooggeregshof van die land verhoor moes word.

Uit die aard van die saak blyk dit dat mnr. Morcom heeltemal geregverdig was om aan te beveel dat die buitengewone omstandighede 'n buitengewone optrede verg, maar die Koninklike Kommissie het egter gemeen dat die buitengewone omstandighede in daardie bepaalde geval juis van so 'n politieke aard was, dat dit die skepping van 'n buitengewone hof onmoontlik gemaak het.

---

14. Ibid.

15. C. 3114, bl. 15. Nadat die Konvensie opgestel is, het Wood in sy sogenaamde „Dissent" aan die Koloniale Kantoor berig dat hy die besluit van die ander twee lede van die Kommissie in verband met die verhoor van die vermeende oortreders afgekeur het en dat hy persoonlik ten gunste van 'n buitengewone hof was. Vgl. ook C.2959, bl. 11-13.

(iii) Beweerde misdade.

Veral van die kant van die naturelle het daar verskillende beskuldigings teen die Boere ingekom, maar na vele oorwegings is besluit dat daar in die volgende gevalle strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering gehandel is:

1. Die geval van kaptein Elliot wat na bewering deur 'n Boere-eskort geskiet is terwyl hy besig was om die Vaalrivier oor te steek.

2. 'n Beweerde moord op mnr. Barber(ook soms bekend as dr. Barber)wat na beweer is, deur die Boere-eskort, wat hom na die Oranje-Vrystaat moes neem, geskiet is.

3. Die geval van Christiaan Woite wat deur 'n krygshof weens hoogverraad ter dood veroordeel en te Potchefstroom tereggestel is.

4. Die geval van Johannes van der Linden wat,ewe as Woite, weens hoogverraad aangekla, deur 'n krygshof ter dood veroordeel en te Potchefstroom tereggestel is.

5. Die geval van Carolus wat, netsoos Woite en Van der Linden ter dood veroordeel en tereggestel is.

6. 'n Beweerde ongerymdheid in die geval van William Findlay wat op aanklag van geweld teen die Republiek deur 'n krygshof skuldig bevind en hardepad opgelê is ; wat gedwing is om loopgrawe vir die Boere te grawe en per ongeluk deur die Engelse garnisoen in Potchefstroom dood geskiet is.

7. Die geval van nege naturelle(naturelle het beweer dat dit tien was) wat na bewering deur Boere op die Potchefstroom-Kimberley pad, 'n paar myl buite Potchefstroom doodgeskiet is.

8. 'n Beweerde moord op John Green wat deur die Boeremagte te Lydenburg doodgeskiet is.

9. Die verwonding van Andries, 'n naturel, wat deur ene Hermanus Botha naby Heidelberg ernstig verwond is.

10. Die geval van Andrew Malcolm wat na bewering deur 'n aantal Boere tussen Pretoria en Potchefstroom aangerand en aan sy wonde beswyk het.[16)]

---

16. C. 3114, bl. 23. Vgl ook Leyds, a.w., bl. 344-352.Ook Walker: a.w., bl. 159.

Hierdie verskillende sake kan onder vier hoofde saamgevat en behandel word:-

a. Gevalle waar die Koninklike Kommissie sowel as die Boere-afvaardiging dit eens was dat 'n daad gepleeg is wat strydig was met die gebruike van beskaafde oorlogvoering.

b. Gevalle waar die Koninklike Kommissie beweer het dat die gebruike van beskaafde oorlogvoering verbreek is, maar deur die Boere-afvaardiging ontken is.

c. Gevalle waar die Kommissie 'n strydigheid vermoed het, maar later met die Boere-verteenwoordigers moes saamstem dat dit nie die geval was nie.

d. Gevalle waar 'n strydige optrede vermoed is, maar later geblyk het 'n gewone misdaad sonder politieke of militêre motiewe te wees.

a. Gevalle waar die Koninklike Kommissie sowel as die Boere-afvaardiging dit eens was dat 'n daad gepleeg is, wat strydig was met die gebruike van beskaafde oorlogvoering.

Van al die sake wat volgens die Koninklike Kommissie strydig was met die gebruike van beskaafde oorlogvoering, het die Elliot-saak seker die meeste aandag geniet - plaaslik sowel as in Engeland.

Kaptein Elliot en kaptein Lambart is as krygsgevangenes na Heidelberg geneem en is deur komdt-genl. Joubert die keuse gestel om, óf in Heidelberg as gevangenes aan te bly óf 'n „parole d' honeur" te onderteken, en op eie verantwoordelikheid oor die Transvaalse grens geplaas te word.[17]

Aangesien hulle verkies het om oor die grens geplaas te word het kommandant Marais op 27 Desember aan ene P.Deyzel en W.Fourie opdrag gegee om hulle oor die Transvaal-Vrystaatse grens te plaas en onmiddellik daarna verslag te doen.

Omdat hulle die pad byster geraak het, het die geselskap eers die volgende dag by Pistorius se drif aangekom. Hier het 'n sekere mnr. Weilbach aangebied om die gevangenes eers per boot oor die

---

17. De Volksstem, d.d. 14 Mei 1881.

rivier te neem en daarna hulle perde te laat deurswem. Omdat die rivier op daardie oomblik te sterk gevloei het, sou hulle karreers by 'n latere geleentheid oorgebring kon word terwyl mnr. Weilbach intussen bereid sou wees om vir die gevangenes te sorg.[18]

Volgens Lambart self, het die twee gevangenes egter geweier om die grens by Pistorius se drif oor te steek omdat dit aan hulle belowe is dat hulle langs 'n ander weg oor die Vrystaatse grens geneem sou word.

Nadat die ander twee Boere wat teenwoordig was,[19] belowe het dat hulle later sou kon bevestig dat die gevangenes geweier het om die rivier oor te steek, het die eskorte na Heidelberg terug gekeer en aan kommandant Marais verslag gedoen.

Nadat generaal Hercules Malan die verslag aangehoor het, het hy die volgende dag vier persone, R. van Nieuwenhuyzen, P. Deyzel, P.van der Merwe en A.van Niekerk gestuur om toe te sien dat die twee kapteins oor die grens geplaas word.
Indien die gevangenes sou weier, moes hulle na Heidelberg terug gebring word. As opdrag aan die twee kapteins het die eskort die volgende brief van Komdt-genl. P.J.Joubert met hulle meegeneem:
"Mnere, ons is in kennis gestel dat u geweier het om die Vaalrivier by die aangewese plek oor te steek. Ons is bereid om te aanvaar dat daar om die een of ander rede 'n misverstand ontstaan het en dat u nie van plan was om die "parole" te verbreek nie. Ons versoek u om onmiddellik die Vaalrivier, by 'n plek wat vir u aangedui sal word, oor te steek anders sal ons u optrede as troubreuk beskou en verplig wees om u as krygsgevangenes terug te bring".[20]

---

18. De Volksstem, d.d. 24 Mei 1881. In hierdie blad word die hele aangeleentheid taamlik breedvoerig bespreek.

19. Ibid. n Sekere mnr. Heunis het intussen by die groepie aangesluit en was teenwoordig toe die gevangenes geweier het om die rivier oor te steek.

20. De Volksstem, d.d. 14 Mei 1881. (Deur my vertaal)

Hierdie tweede eskort het die twee kapteins op die plaas van 'n sekere mnr. Lombaard aangetref en hulle onmiddellik gelas om hulle na die aangewese drif te vergesel.

Volgens Lambart het daar, onderwyl hulle op pad na die rivier toe was, ongeveer agt ander gewapende persone by die eskort aangesluit. By hulle aankoms by die drif was dit reeds donker,maar die twee kapteins is onmiddellik beveel om die rivier oor te steek. Dit was terwyl hulle besig was om hierdie bevel te gehoorsaam dat daar,volgens die getuienis van Lambart, deur die eskort op hulle geskiet, en kaptein Elliot gedood is.[21)]

Twee of drie dae later het die eskort hulleself in Heidelberg aangemeld en in hulle verslag laat blyk dat hulle die twee kapteins oor die grens geplaas het.

Soos aanvanklik genoem, het hierdie saak groot opspraak in die Britse geledere veroorsaak en het Kimberley in sy opdrag aan die Koninklike Kommissie spesiaal na hierdie saak verwys:„ You will make any effort to bring to justice , those who are accused of the murder of captain Elliot".[22)]

Dit was dan ook een van die eerste sake wat deur die Kommissie bespreek is, want reeds op die eerste dag (29 April 1881) is die saak te berde gebring en het Wood al dadelik die Boereleiers daarvan beskuldig dat hulle nie hulle volle medewerking in die saak gegee het nie. Volgens hom is die Boere-owerhede reeds op 8 April formeel in kennis gestel van die vermeende moord terwyl daar op daardie oomblik nog niks gedoen is om die beweerde moordenaars aan die man te bring nie.[23)]

Nadat daar vir etlike ure 'n hewige woordewisseling oor die saak plaasgevind het, het Jorissen, wat weens sy welsprekenheid in die meeste gevalle as mondstuk vir die Boere opgetree het, tot die slotsom geraak dat 'n verdere bespreking van die saak op daardie oomblik nutteloos was, dat hulle soos voorheen hulle medewerking in die saak belowe en alles in hulle vermoë sal doen om die skuldiges aan die man te bring.[24)]

---

21. Leyds: a.w., bl.348. Vgl.ook De Volksstem, d.d. 14 Mei 1881.
22. C. 3114, bl. 23.
23. C. 3219, Bl. 5. (Notule van die sitting)
24. Ibid. bl. 6.

Op 10 Mei, die eerste dag waarop sir H.Robinson die sitting bygewoon het, is besluit dat die saak deur die gewone geregshowe van die land verhoor sou word.[25)]

Daar is egter bygevoeg dat die verhoor moes plaasvind voordat die Britse beheer oor Transvaal opgehef sou word.[26)]

Die saak is in die hande van die Prokureur-Generaal geplaas en met die hulp van die Boere is twee van die beskuldigdes in die saak nl. R.J. Janse van Nieuwenhuyzen en P.J.Deyzel opgespoor en weens beweerde moord voor die hof gedaag.[27)]

Op 18 Julie het die saak in die hooggeregshof in Pretoria in aanvang geneem.[28)]

Die saak het omtrent geheel en al op die getuienis van kapt. Lambart berus en tereg ook, want die advokaat vir die verdediging het aangevoer dat indien die twee beskuldigdes skuldig gevind sou word, kon dit alleen op die getuienis van Lambart geskied.[29)]

Mnr. Hollard, advokaat vir die verdediging, het egter onteenseglik bewys dat Lambart se getuienis in baie gevalle vals was. In die eerste plek het Lambart gesê dat Joubert se opdrag aan die eskort was om hulle na Parson se drif te neem terwyl Joubert se opdrag alleen gelui het dat hulle na die naaste drif geneem moes word. Joubert het later selfs erken dat hy nie eers geweet het waar Parson se drif was nie.[30)]

In die tweede plek het Weilbach en Heunis onder eed verklaar dat hulle aan die twee kapteins versorging belowe het, terwyl Lambart dit herhaalde male ontken het. Verder het Lombaard getuig dat die twee kapteins by hom kom verneem het waar Standerton geleë is en nie hoe om by 'n bepaalde drif uit te kom nie.[31)]

---

25. Dit het 'n verhoor deur n regter en 'n jurie beteken.

26. C. 3219, bl. 18.

27. C. 3098, bl. 56. Die ander twee beskuldigdes het intussen Transvaal verlaat en kon nie opgespoor word nie.

28. Ibid. bl. 52.

29. De Volksstem, d.d. 30 Julie 1881.

30. Ibid.

31. Ibid. Vgl. ook Leyds: a.w., bl. 349.

Die belangrikste getuienis was egter 'n verklaring wat Lambart later in 'n pamflet[32] te Pietermaritzburg gemaak het: „The murder of captain Elliot, I feel now cofident, was owing to the treachery of a few scoundrils, who's object, I believe was loot, viz my carriage and horses, and with shame, I must say, I believe, and am credibly informed, this foul and treacherous deed was planned and headed by a Scotchman, called Grahame of New Scotland, Transvaal!"

Die advokaat vir die verdediging kon dus nie anders as tot die slotsom te geraak dat die twee kapteins wel deur die eskort oor die grens gehelp is nie, maar dat hulle later weer terug moes gekom het en dat Elliot toe op die een of ander wyse gedood is.

Hoewel dit baie duidelik blyk dat die regter geneig was om die getuienis van Lambart nl. dat Elliot deur die eskort gedood is, te glo, het die jurie anders besluit en op 22 Julie 'n uitspraak van „onskuldig" gegee.[33]

Die Koninklike Kommissie het dus nadat die saak afgehandel is, aan die Koloniale Kantoor berig dat twee van die beweerde moordenaars met behulp van die Boere opgespoor is, voor die hooggeregshof gedaag maar vrygespreek is.[34]

Die moord op dr. Barber.

Na die Elliot-saak het die moord op dr. Barber[35] die meeste aandag geniet en word daar ook spesiaal na die saak in Kimberley se opdrag aan die Koninklike Kommissie verwys.[36]

Volgens die „Natal Witness"[37] het dr. Barber en dr. Dyas op 22 Februarie 1881 by die Boerekamp te Laing's Nek aangekom en na komdt-genl. Joubert verneem.[38] Onder geleide is die twee persone na Joubert se kamp geneem maar is kort daarna weer teruggestuur

---

32. Die pamflet was getiteld „Life among the Boers" en is aangehaal by De Volksstem, d.d. 3 Julie 1881. Vgl. ook De Volksstem, d.d. 14 Mei 1881 ; Leyds: a.w., bl. 349.

33. De Volksstem, d.d. 30 Julie 1881. Vgl. ook Van Oordt: a.w., bl. 351.

34. C. 3114, bl. 24.

35. Volgens die verslag van die Koninklike Kommissie blyk dit dat hy in werklikheid nie n dokter was nie. (C. 3114)

36. C. 3114, Bl. 9. Sien hierbo, bl. 46.

37. Natal Witness, d.d. 5 Oktober 1881.

38. Volgens 'n verslag van Wood aan Kimberley op 7 April blyk dit dat Barber en Dyas op 'n advertensie, waarin Joubert om geneeshere gevra het, gehandel het. (C 2950, Bl. 155.)

met die opdrag dat hulle vir die nag in die kamp gevange gehou moes word.

Omdat hulle van spioenasie verdink is, het kommandant Nic Smit die volgende oggend beveel dat die twee persone onder 'n geleide van twee vertroubare burgers oor die Vrystaatse grens geplaas, en dat hulle perde, saals en tooms terug gebring moes word.[39]

Onder begeleiding van Ignatius Michael van Rooyen en Gerrit Reinier van Rooyen het die twee verdagte spioene die kamp in die rigting van die Vaalrivier verlaat.

Ongeveer vier uur later het die eskort met een perd,[40] twee saals en twee tooms in die kamp aangekom.

Teen die aand van 23 Februarie het die gewonde dr. Dyas by 'n sekere mnr. Eksteen, op wie se plaas die beweerde moord gepleeg sou gewees het, aangekom en hom meegedeel dat sy vriend deur die eskort doodgeskiet en hyself deur hulle gewond is.[41]

Op 7 April het sir E. Wood die saak by die Driemanskap aanhangig gemaak en van hulle geëis dat daar teen die vermeende moordenaars opgetree moes word.[42]

Omdat die moord op Vrystaatse bodem plaasgevind het, is alle getuienis deur die Transvaalse owerhede in die hande van die Vrystaatse Staats-prokureur geplaas en is aan hom opgedra om die saak verder te ondersoek.[43]

Die voorlopige ondersoek sou reeds op 5 Julie in Harrysmith gehou gewees het, maar omdat dr. Dyas nog nie genoegsaam herstel het nie, is die saak tot 9 Augustus uitgestel en is die beskuldigdes op 'n borgtog van £5000 vrygelaat. Dit was egter nie voor die begin van Oktober dat die Rondgaandehof 'n finale uitspraak in die saak kon gee nie.[44]

---

39. Natal Witness, d.d. 5 Oktober 1881.
40. Een perd het langs die pad ingegee.
41. Natal Witness, d.d. 5 Oktober 1881.
42. C. 3098, No. 2, bl. 6.
43. Ibid. bl. 52. Vgl. ook C. 3114, bl. 97.
44. Ibid.

Soos in die geval van die Elliot-saak, waar die hele saak op die getuienis van kaptein Lambart berus het, het dit in hierdie geval enkel en alleen van die getuienis van dr. Dyas afgehang of die beskuldigdes skuldig gevind sou word aldan nie. Ook in hierdie geval egter was die getuienis onvoldoende en in sommige gevalle onjuis. Dr. Rutherford wat namens die Britse regering die saak bygewoon het, het die volgende van Dyas se getuienis gesê: "....dat de getuigenis van den heer Dyas lang, onzeker en tegenstrijdig was en dat, wat wettelijke kracht betreft, er by kruisverhoor niet weel van over bleef".[45]

By die voorlopige ondersoek was Dyas nie in staat om een van die twee beskuldigdes te identifiseer nie terwyl hy aan die openbare aanklaer erken het dat hy kortsigtig was, maar tog effens later beweer het dat hy op 'n afstand van 80 tree gesien het dat een van die aanvallers 'n wit patroon in sy geweer sou gesteek het.[46]

Verder sou 'n mens verwag dat hy baie gretig sou gewees het om getuienis teen die beweerde moordenaar van sy vriend af te lê, maar in plaas daarvan het hy eers £30 geëis voordat hy enige getuienis sou aflê terwyl die twee beskuldigdes by twee geleenthede vrywillig na Harrysmith afgereis het om op die aanklag teen hulle te antwoord.[47] Tengunste van die twee beskuldigdes was ook die feit dat Gerrit van Rooyen onder eed verklaar het dat hulle met Martini-Henry gewere gewapen was terwyl dit bewys is dat Barber met 'n Westley-Richards gedood is.[48]

Die jurie het uit twee Engelse en sewe Boere bestaan. Binne vyf minute nadat die regter, wat Dyas se getuienis in twyfel getrek het, sy opsomming oor die saak gegee het, het die jurie eenparig besluit dat die twee beskuldigdes onskuldig was.[49]

---

45. Aangehaal by Leyds: a.w., bl. 351. Vgl. ook C. 3098, bl. 78.
46. Natal Witness, d.d. 5 Oktober 1881.
47. Leyds: a.w., bl. 351.
48. Natal Witness, d.d. 5 Oktober 1881.
49. Leyds: a.w., bl. 351.

Die Koninklike Kommissie het in hulle rappert aan die Koloniale Kantoor erken dat mnr. Barber sonder enige twyfel vermoor is, maar dat die Vrystaatse howe nie die beskuldigdes in die saak skuldig kon vind nie.[50)]

b. Gevalle waar die Koninklike Kommissie 'n strydige optrede beweer het, maar waar die Boere-afvaardiging dit ontken, en beweer het dat daar nie strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering gehandel is nie.

In die gevalle van Woite, Van der Linden en Carolus, het die Boere nie ontken dat hulle tereggestel is nie, maar het ter regverdiging vir hulle optrede, aangevoer dat die tereggesteldes weens verraad gevange geneem en wettiglik deur 'n krygshof ter dood veroordeel is. Vandaar hulle skrywe op 8 Mei aan die Koninklike Kommissie: „Hierdie persone is deur 'n wettige krygshof verhoor. Hulle gevalle kan nie as strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering beskou word nie. Hulle is verhoor en op 'n wettige wyse as spioene en verraaiers veroordeel."[51)]

Hier het die netelige kwessie, wat reeds by die erkenning van die Boereverteenwoordigers, die aandag in beslag geneem het, weer op die voorgrond getree. Indien die vegtende Boere nog steeds as rebelle gebrandmerk sou staan, sou hulle krygshof as onwettig beskou kon word en sou die voltrekking van 'n doodvonnis op bevel van so 'n hof as strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering beskou kon word. Indien egter aanvaar word dat die Boere in 'n wettige staat van oorlog met Engeland verkeer het, was die krygshof gewettig en was daar geen sprake dat daar strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering gehandel is nie.

Die Prokureur-Generaal het aangevoer dat die Boere deur die vredesverdrag tot wettige oorlogvoerendes verhef is en dat die persone wat vir die dood van Woite, Van der Linden en Carolus, verantwoordelik was, deur die algemene amnestie beskerm sou word.[52)]

---

50. C. 3114, bl. 24.

51. Ibid. bl. 96. (Deur my vertaal)

52. Ibid. bl. 25. Vgl. ook C. 2837, bl. 23; Leyds: a.w., bl. 360.

Sir H. de Villiers was geneig om met die Boere saam te stem en het aangevoer dat die teregstelling op bevel van 'n wettige gekonstitueerde krygshof geskied het en derhalwe nie onder die jurisdiksie van die Kommissie geval het nie.[53]

Die ander twee kommissarisse het egter 'n ander sienswyse gehuldig. Hulle het die teregstelling van die drie beweerde spioene as strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering beskou en as rede aangevoer dat hulle nie met die Prokureur- Generaal kon saamstem dat die vredesverdrag, die Boere tot wettige oorlogvoerendes verhef het nie. Volgens hulle was die Boere rebelle en dus nie by magte om 'n wettige krygshof saam te stel nie.[54]

Hoewel Findlay ook deur 'n krygshof verhoor is,[55] het die twee kommissarisse eienaardig genoeg, nie teen sy verhoor beswaar gemaak nie, maar alleen die wyse waarop hy aan sy einde gekom het afgekeur as sou dit strydig wees met die gebruike van beskaafde oorlogvoering.[56]

Ten spyte van die feit dat die meerderheid van die Kommissie beslis het dat die genoemde gevalle wel teen die gebruike van beskaafde oorlogvoering ingedruis het, moes hulle egter tog uiteindelik beslis dat dit onmoontlik sou wees om die persone wat verantwoordelik was vir die dood van Woite, Van der Linden, Findlay en Carolus, te straf. Hulle kom dan ook tot die slotsom:

---

53. C. 3114, bl. 24.

54. Ibid. Die oorspronklike woorde in die Blouboek is die volgende: The majority of your Commissioners were not prepare to adopt the view of the Attorney-General as to the status of belligerency acquired by the Boers."

55. Findlay is weens 'n daad van geweld teen die Republiek deur 'n krygshof tot hardepad veroordeel. Saam met ander gevangenes is hy deur die Boere verplig om in die loopgrawe te werk. Terwyl die gavangenes met hierdie werk besig was, is Findlay per ongeluk deur die Engelse getref en is hy aan sy wond oorlede.

56. Sir J.H. de Villiers het ook in hierdie geval van die ander twee kommissarisse verskil. Dit is eienaardig dat De Villiers en die Prokureur-Generaal, albei regsgeleerdes, dieselfde sienswyse gehuldig het en dat die ander twee kommissarisse nogtans van hulle verskil het.

„The extent of the absolution contained in the grant of amnesty appeared at any rate to be a matter for argument ; and it was quite certain that, whatever weight of authority might be invoked on one side or the other to determine the legal question at issue, the moral and political question was so regarded by the Boers that no conviction would, under any circumstances, have been attained. Any trial, indeed, instituted upon any of these cases, would have halted for lack of evidence."[57]

Die saak in verband met die ernstige verwonding van 'n naturel, ganaamd Andries, hoewel van effens ander aard, sou ook onder dieselfde kategorie as die vorige kon sorteer. Ook in hierdie geval het die Boere beslis ontken dat daar strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering gehandel is terwyl die Kommissie tog uiteindelik die teenoorgestelde besluit het.

Op 5 Januarie 1881 het komdt-genl. P.J.Joubert 'n kennisgewing[58] uitgevaardig wat kortliks op die volgende neergekom het: Omdat sekere persone hulle vryheid van beweging misbruik het deur die land te verraai, sal enige persoon in die toekoms, afgesien van sy stand of status 'n skriftelike toestemming van die Kommandant-Generaal of by 'n wettige verteenwoordiger moet kry alvorens hy van een plek na 'n ander kan beweeg.[59] Indien 'n persoon betrap sou word dat hy hierdie bevel nie gehoorsaam nie, sou hy as 'n spioen beskou word en sou dit die plig van enige burger van die land wees om so 'n oortreder gevange te neem.

Dit blyk baie duidelik uit bogenoemde kennisgewing dat enige burger die reg sou hê om enige reisiger, behalwe 'n Vrystaatse onderdaan, om 'n verlofbrief te vra en indien so 'n persoon nie 'n skriftelike volmag om op reis te mag wees kon toon nie, sou die burger by magte wees om hom of haar te arresteer.

Die Boere het aangevoer dat die beskuldigde in die saak, 'n sekere Hermanus Botha, nie strydig met die gebruike van beskaafde oorlogvoering gehandel het toe hy Andries wou arresteer en by ontsnapping verwond het nie. Hulle(die Boere) was van mening dat

---

57. C. 3114, bl. 25.

58. C. 3219, bl. 84.(hier word die hele kennisgewing gepubliseer)

59. Slegs Vrystaters is van hierdie beperking uitgesluit.

Botha in hierdie geval slegs die bevele van sy owerhede gehoorsaam het.

Toe die Kommissie wou aantoon dat Andries nie van die bepaalde kennisgewing geweet het nie,[60] het Jorissen geantwoord dat die kennisgewing eers in die Staatskoerant gepubliseer is en daarna aan alle kommandante vir bekendstelling aan hulle burgers gestuur is.[61] Kruger het selfs aangetoon dat die eienaar van die plaas vir Andries gewaarsku het om nie die plaasgrense sonder 'n verlofbrief te verlaat nie.[62]

Tenspyte van 'n baie knap verdediging van die saak voor die Koninklike Kommissie deur Jorissen en Kruger,[63] het die Kommissie tog uiteindelik besluit dat daar in hierdie geval nie volgens die gebruike van beskaafde oorlogvoering gehandel is nie. Terselfdertyd het hulle egter besluit dat die politieke omstandighede in Transvaal 'n vervolging nie wenslik sou maak nie.[64]

c. Gevalle waar die Koninklike Kommissie 'n strydige optrede vermoed het, maar later saam met die Boere-verteenwoordigers moes erken dat dit nie die geval was nie.

Die belangrikste saak in hierdie katagorie het in verband gestaan met 'n sekere mnr. Green wat tydens die beleg van Lydenburg aldaar deur die Boere doodgeskiet is.

Hoewel hierdie saak tydens hulle sitting op die 14de Mei reeds ter sprake gekom het, was dit nie voor die 6de Julie dat dit in besonderhede deur die Koninklike Kommissie behandel is nie.[65]

Uit getuienis van die kant van Jorissen het die volgende duidelik geword: Mnr Green en 'n naturel het van die bevelvoerder van die Boeremag te Lydenburg toestemming verkry om na die goudvelde te gaan. Hoewel die naturel volgens die ooreenkoms gehandel het, het Green na die Engelse kamp gegaan. By sy terugkeer is hy gevang en om 'n verduideliking gevra. Hy het egter geweier om 'n verduideliking te gee, van sy perd afgespring en in die rigting van die

---

60. Hierdie argument is interessant want die regsreël is juis dat alle persone geag word te weet wat die reg is.

61. C. 3219, bl. 86.

62. Ibid.

63. Ibid.

64. C. 3114, bl. 24.

65. C. 3219, bl. 90. vgl. ook Staats-Courant, d.d. 29 Sept. 1881.

Engelse kamp probeer ontsnap. Op bevel van die Boere-bevelvoerder is daar op hom gevuur en is hy dodelik verwond.[66]

Die Koninklike Kommissie was egter nie heeltemal tevrede met die getuienis nie en het gevra dat kommandant Steyn, wat in bevel was toe die skietery plaasgevind het, persoonlik aan hulle verslag moes kom doen.[67] Op 30 Julie, tydens die laaste sitting van die Kommissie, het kommandant Steyn en veldkornet F.J.Marais, wat mede in bevel was, voor die Kommissie verskyn.[68]

Nadat 'n skriftelike verslag van veldkornet Marais, wat presies met die getuienis van Jorissen (6 Julie 1881) ooreengekom het, voorgelees is, het die Kommissie vir kommandant Steyn ondervra. Sy getuienis het nie alleen met dié van die ander ooreengestem nie, maar hy het ook nog bygevoeg dat die geld en die perd wat aan Green behoort het, onmiddellik deur hom aan die weduwee gestuur is.[69]

Die Koninklike Kommissie kon dus nie anders as tot die slotsom te geraak dat daar in hierdie geval geen daad gepleeg is wat strydig was met die gebruike van beskaafde oorlogvoering nie. Volgens hulle is Green gedood terwyl hy aktiewe steun aan die Britse magte probeer verleen het deurdat hy 'n poging aangewend het om 'n boodskap deur die Boerelinies na Delagoabaai te smokkel.[70]

Ook in die geval van die nege naturelle, wat volgens bewering op pad van Kimberley na Potchefstroom deur Boere gedood sou gewees het, het die Kommissie aanvanklik 'n oortreding van die gebruike van beskaafde oorlogvoering vermoed. By nadere ondersoek is egter gevind dat die beskuldigings van alle waarheid ontbloot was.

Op 8 Mei het die Boere-afvaardiging aan die Kommissie geskryf dat hulle absoluut niks van die beweerde moorde weet nie en dat hulle niemand kon vind wat iets van die moorde verneem het nie.[71]

---

66. C. 3219, bl. 9. Vgl. ook Leyds: a.w., bl. 345.
67. Ibid.
68. Ibid, bl. 119-120.
69. Ibid. bl. 120.
70. C. 3114, bl. 25.
71. Ibid. bl. 97.

Aangesien die Kommissie self ook geen verdere informasie in verband met die saak kon inwin nie, het hulle in hulle algemene verslag as volg na die saak verwys: „ The case of the Kafirs shot upon the Kimberley Road was not in the opinion of the Attorney-General,covered, as the other cases were, by the grant of amnesty ; and your Commissioners expressed to the Attorney-General their desire that proceedings should be commended for purpose of bringing the perpetrators of the act to justice. The Attorney-General however,reported, after an attempt to procure evidence, that his information was incomplete."[72]

d. Gevalle waar 'n vermoede bestaan het dat die gebruike vir beskaafde oorlogvoering oortree is, maar by verdere ondersoek geblyk het dat dit 'n gewone misdaad was.

In die geval van die Malcolm-saak[73] het dit baie gou, nadat daar met die ondersoek begin is, geblyk dat dit 'n gewone misdaad was, sonder enige politieke of militêre motiewe. As sodanig het dit buite die jurisdiksie van die Koninklike Kommissie geval en dien dit nie verder hier behandel te word nie.

Nixon, 'n skrywer wat die Boere nie goedgesind was nie, het die volgende uitlating in dié verband gemaak: „The Commissioners had to report a series of mock trials, and failures to secure convictions and even arrests. They concluded their report on this head by saying, Your Commissioners were unable to discern any means by which the guilty persons could be brought to justice."[74]

---

72. Ibid. bl. 25.

73. Volgens getuienis van 'n sekere Anderson, winkelier van Rietspruit, in die Pretoriadistrik, is Andrew Malcolm op die aand van 20 Desember in so 'n mate aangerand dat hy die volgende dag aan sy wonde beswyk het.
Die beskuldigdes in die saak was J.J. Smit, J.M. Cornelius J.H. Scheepers, J.J. Scheepers en B.J. Vorster. (Na bewering was daar 'n sesde persoon, Hendrik Pretorius, ook by die saak betrokke, maar hy is tydens die oorlog op die Natalse grens gedood.
Die saak het op 25 Julie in die hooggeregshof te Pretoria gedien, maar weens onvoldoende en teensprekende getuienis, kon die jurie op 27 Julie, nie anders as om die beskuldigdes vry te spreek nie. (De Volksstem, d.d. 13 Augustus 1881.)

74. Nixon : a.w., bl. 278. Vgl. ook C. 3114, bl. 25.

Die Koninklike Kommissie het hulle verslag oor die bepaalde onderwerp inderdaad met daardie woorde afgesluit, maar na die behandeling van elke saak afsonderlik, kan die uitlating van Nixon alleen as 'n kwaadwillige beswaddering van die Kommissie en 'n lelike insinuasie teen die destydse regspraak beskou word. Dat daar wel sekere onreëlmatighede tydens die oorlog voorgekom het, sou nie betwyfel kon word nie, maar geen hof ter wêreld sou in die betrokke sake die beskuldigdes skuldig kon vind nie.

Die slotwoorde: „ Your Commission were unable to discern any means by which the guilty persons could be brought to justice" is miskien 'n bietjie dubbelsinnig gestel want daardeur kan die indruk geskep word dat hulle persoonlik glo dat die beskuldigdes wel skuldig was en dat hulle net nie genoegsaam getuienis teen hulle kon inwin nie, terwyl dit niks meer as reg sou wees dat die beskuldigdes van alle blaam onthef moes word nie.[75]

Hoewel hierdie onderwerp soms baie interessante besprekings uitgelok het, is kosbare tyd in beslag geneem deur besprekings van beuselagtighede wat soms aan haarklowery gegrens het.

---

75. In die meeste gevalle het die beskuldigdes hulle vrywillig vir verhoor aangemeld.

HOOFSTUK V.

BRITSE SOESEREINITEIT EN NATURELLEAANGELEENTHEDE.

(i) Wat Britse soesereiniteit beteken het.

Omdat die soesereine regte wat Brittanje hom toegeëien het, so 'n belangrike rol in die naturelleaangeleenthede van die Republiek gespeel het, is dit feitlik onmoontlik om die twee sake van mekaar te skei en word hulle derhalwe in een hoofstuk opgeneem.

Na die slag van Majuba was Gladstone beslis in 'n baie onbenydenswaardige posisie. Die Koningin, gesteun deur die meerderheid in die parlement, het reeds te kenne gegee dat sy haar gesag wou handhaaf terwyl Gladstone maar alte bewus was dat die terugtrekking van Britse gesag op daardie tydstip 'n geweldige slag vir die Britse prestige in die oë van sowel wit as swart sou beteken.[1)]

Aan die anderkant het hy en sy party, weens beloftes wat hy voor die verkiesing gemaak het,[2)] 'n geweldige morele verpligting teenoor die Transvaalse Boere gehad terwyl hy, miskien omdat hy beter as sy teenstanders ingelig was, baie goed besef dat 'n voortsetting van die stryd nie langer net 'n oorlog teen Transvaal sou wees nie, maar 'n oorlog teen die ganse Boeredom van Suid-Afrika.[3)]

Die enigste uitweg vir Gladstone sou 'n kompromie wees wat albei partye sou bevredig. Dit was vir hom duidelik dat dit vir Engeland in die eerste plek 'n saak van eer was en indien hy dit sou kon regkry om die onafhanklikheid van Transvaal op 'n eerbare wyse vir Engeland te herstel, sou nie alleen die teenkanting tuis afneem nie, maar sou hy andermaal die steun in die parlement herwin. Brand het die situasie pragtig opgesom: „ De kwestie is hoe komt Engeland uit de moeite op eene wijze waardig en beta-

---

1. Morley: a.w., bl. 37-38.
2. Sien hierbo, bl. 3.
3. Walker: a.w., bl. 154. Vgl. ook Scholtz: a.w., bl. 241-243.

melijk van zijn positie. Kan nu iemand aan de Transvalers influisteren dat zij zich nieuw tot onderhandelen bereid verklaren, zoodat zij ook na hunne overwinningin de minsten zou willen zijn, dan twijfel ik niet of de strijd neemt een einde, en men geeft de Transvaal de onafhankelijkheid onder zekere voorwaarden."[4]

Op 28 Januarie 1881 het die Driemanskap aan Colley geskryf dat "...wij genegen zijn om toe te treden tot enige wenschen van eene Zuid-Afrikaansche Confederatie. En ten einde dit aanbod van onze zijde zo duidelijk en ondubbelzinnig mogelijk te maken.... verklaren wij tevreden te zijn met eene opheffing der annexatie, het herstel van de Zuid-Afrikaansche Republiek onder de beschermheerschappy van H.M. de Koningin, zoodat eens per jaar de Britsche vlag zal geheschen worden."[5]

Vir Gladstone het hierdie aanbod van Boere-kant 'n wonderlike oplossing gebied. Hamdig, op 'n byna slinkse wyse, het hy hierdie aanbod verwerk om die eer van Engeland te red en sy neerlaag te verbloem. Op 12 Maart 1881 het hy die grootmoedige aanbod gemaak: "Complete self government under British Suzerainty with a British Resident at Pretoria."[6]

Die oorspronklike idee van 'n Britse Soesereiniteit het dus eintlik van die Boere self gekom, maar die Soesereiniteit deur die Boere voorgestel en die Soesereiniteit waarop die Gladstone-regering uiteindelik besluit het, het hemelsbreed van mekaar verskil.

Die term "Suzerainty" sou volgens Wood beteken "that the country has entire selfgovernment as regards its own affairs, but that it cannot take action against or with an outside power without the permission of the Suzerain."[7] Dit sou egter aan die Koninklike Kommissie oorgelaat word om die skema verder uit te werk.[8]

---

4. B.V. 7. Brief van president Brand aan die Driemanskap, d.d. 3 Maart 1881.

5. Staats-Courant van de Z.A. Republiek gedurende den Vryheidsoorlog van 1881, d.d. 23 Februarie 1881.

6. C. 3114, bl. 48-49. Vgl. ook C. 2837, bl. 23.

7. C. 2950, bl. 125.

8. C. 2837, bl. 24-25.

By die vredesberaad is die „Resident at Pretoria" effens omskryf en is bepaal dat hy die Britse aangeleenthede in Transvaal sou beskerm en dat hy as skakel tussen die Republiek en die Soeserein sou dien.[9]

In sy opdrag aan die Koninklike Kommissie nadat vrede gesluit is, het Kimberley die idee van 'n Britse Soesereiniteit nog breedvoeriger uitgewerk: „ The term Suzerainty, has been chosen as most conveniently describing superiority over a state possessing independent rights of Government subject to reservations with reference to certain specified matters."[10]
Vervolgens gaan hy verder om hierdie „spesified matters" te omskryf. „The most material of these reserved rights is the control of the external relations of the future Transvaal State, which will be vested in the British Government, including of course, the conclusion of treaties and the conduct of diplomatic intercourse with Foreign Powers.

As regards communication with Foreign Governments, it will probably be found most convenient that the Transvaal Government should correspond on such matters with Her Majesty's Government, through the Resident and the High Commissioner.

There remains for consideration under this head the manner in which the relations with the independent native tribes beyond the frontier should be conducted. The general superintendence of these relations would seem naturally to fall within the functions of the British Resident under the direction of the High Commissioner."[11]

Dit sou dus die taak van die Koninklike Kommissie wees - gaan Kimberley se opdrag verder - om te bepaal watter magte die Resident in hierdie belangrike saak sou hê terwyl hulle altyd in gedagte moes hou dat die vernaamste motief nog steeds die verkryging van vrede op die grens was.[12]

---

9. Staats-Courant, d.d. 30 Maart 1881. Vgl. ook C. 2950, bl. 126. Ook Jorissen: a.w., bl. 103-104.

10. C. 3114, bl. 7. Vgl. ook C.2892, bl. 3. Ook Pieterse: a.w., bl. 28.

11. C.3114, bl. 7. Vgl. ook Pieterse: a.w., bl. 28.

12. Ibid. Vgl. ook C. 2892, bl. 4.

(ii) Die Resident.

Die aandag moet nou eers by die Britse Resident bepaal word: Die Boere het die aanstelling van 'n Britse Resident heelhartig ondersteun, want, so het hulle geredeneer, indien daar in Transvaal, soos dit die geval in die Vrystaat sedert 1854 was, 'n Britse Resident aangestel was, sou daar nie die algehele onkunde in Engeland aangaande toestande in Transvaal bestaan het nie en kon die Vryheidsoorlog moontlik vermy gewees het. Ook sou daar nie in Engeland nog steeds die idee bestaan het dat Transvaal slawerny toegelaat het nie.[13)]

Tydens 'n vergadering van die Koninklike Kommissie, gehou op 2 Mei 1881, het 'n gesprek tussen Robinson, Kruger en Jorissen plaasgevind wat meer lig op die saak gewerp het. In antwoord op Robinson se vraag aangaande die funksies van die Resident het vise-president Kruger baie duidelik laat verstaan dat dit die wens van die Boere was dat die Resident 'n gewone Konsul met gewone konsulêre magte moes wees en dat hy alleen as verteenwoordiger van die Britse regering moes optree. Jorissen het die Bloemfontein-konvensie as voorbeeld geneem en daarop gewys dat artikel nege van die genoemde Konvensie 'n baie mooi uiteensetting gee van die magte van 'n konsul soos deur hulle verlang.[14)]

Hoewel hulle dus die aanstelling van 'n Resident verwelkom, het hulle dit baie duidelik gestel dat so 'n verteenwoordiger hom nie sou inmeng in die binnelandse aangeleenthede van die land nie.

Die Koninklike Kommissie het egter uitgebreide magte aan die Resident wat die Soeserein sou verteenwoordig, toegeken. Hierdie magte het hulle onder drie hoofpunte saamgevat:

1. beheer oor die buitelandse aangeleenthede van die staat;
2. beheer oor sake, rakende die grense van die staat;
3. beskerming van naturelle-belange in die staat.[15)]

---

13. B.Y. 10.

14. Die artikel lui as volg: „For the purpose of fostering mutual facilities and liberties both for traders and for travellers, as well in British territory as in the territory of the Orange Free State, while it is the ardent wish of Her Majesty's Government that the Friendly relations which exist between the two territories should be fostered by every wise arrangement, an agent or consul shall be placed on the part of the British Government within the colony close to the borders, to whom shall been trusted specially the care of these important interests, by being always accessible to the inhabitants on both sides of the Orange River for advice and information whom circumstances shall require it."

15. C. 3114, bl. 28. (Deur my vertaal.)

1. Beheer oor buitelandse aangeleenthede van die staat.

In verband met die eerste taak wat aan die Resident opgedra sou word, het die Koninklike Kommissie op 25 Julie 'n telegram van Kimberley ontvang waarin hy kennis gegee het dat die buitelandse aangeleenthede van Transvaal deur Haar Majesteit se diplomatieke en konsulêre amptenare in die buiteland behartig sou word.[16]

Hier het die Koninklike Kommissie dus eintlik geen keuse gehad nie en het hulle die bepaalde funksie alleen in hulle eie woorde omskryf: "...reserving to Your Majesty, your heirs and successors, the right to appoint a Resident in the Transvaal, and the right to control the external relations of the State."[17] Hulle het egter verder voorsiening gemaak dat die kommunikasie met die buiteland deur Haar Majesteit se diplomatieke en konsulêre beampte beheer sou word.

2. Beheer oor sake rakende die grense van die staat.

Volgens Brittanje was die vernaamste oorweging vir die voorgestelde afskeiding van die oostelike distrikte[18], die verkryging van rus en orde op die grens. Die Koninklike Kommissie het dit egter nie gerade geag om die genoemde distrikte as Britse gebiede te behou nie en het belowe om op 'n ander wyse die beoogde rus en vrede te verseker.

Volgens die Kommissie was insypeling van die kant van die Boere die vernaamste oorsaak vir die grensmoeilikhede wat in die verlede bestaan het. Om hierdie moeilikheid uit die weg te ruim, het die meerderheid[19] van die Kommissie besluit dat dit in die toekoms die taak van die Resident sou wees om enige dergelike oortredings aan die Hoë Kommissaris te rapporteer en indien daar 'n meningsverskil tussen die Transvaalse regering en die Resident sou ontstaan, sou die beslissing van die Soeserein as finaal beskou

---

16. C. 3114, bl. 10.

17. Ibid. bl. 28.

18. Sien hieronder, hoofstuk VI, bl. 86.

19. C. 3114, bl. 29. Wood was teen die voorstel gekant want hy het steeds die standpunt gehuldig dat die moeilikheid alleen opgelos sou kon word indien die oostelike distrikte as Britse gebiede behou sou word.

word. Verder sou die Resident in alle geskille tussen Boere en naturelle as arbiter optree en sou hy die medium wees waardeur die kommunikasie met naturellehoofde gevoer sou word terwyl hy terselfdertyd sulke verdrae en ooreenkomste sou kontroleer.[20]

3. Beskerming van naturellebelange in die staat.

Dit was die derde funksie van die Resident nl. „the protection of the interests of the natives in the state" wat soveel hoofbrekens aan die Koninklike Kommissie besorg het.

Die nuus dat Transvaal se onafhanklikheid herstel sou word, het soos 'n veldbrand deur die land getrek en het veral onder die naturellebevolking groot beroering veroorsaak. Vir hulle was dit 'n onverwagte en onaangename ontnugtering, want nooit het hulle kon droom, veral as gevolg van herhaalde versekerings van die kant van die Britse amptenare, dat die Boere daarin sou slaag om 'n suksesvolle oorlog teen die magtige Brittanje te voer nie. Vandaar dat die naturelle tydens die oorlog nie alleen hulle morele steun aan Brittanje toegesê het nie, maar in baie gevalle ook daadwerklik aan die Engelse kant aan die stryd deelgeneem het.[21]

Toe die naturelle verneem het dat Transvaal sy onafhanklikheid sou herwin, het die klagtes, verwyte en selfs dreigemente van hulle kant letterlik ingestroom. Daagliks moes die Kommissie verneem dat die een of ander kaptein of naturellehoofman 'n klagte wou indien,[22] en elke keer het die klagte min of meer op die volgende neergekom: „ I have come here to see the Commission and to tell them that the Boers are plagueing me very much. I pay my taxes, but when I trek into the bushveldt for the winter, the Boers ask me for taxes again. I want to know why the English Government cast me off. I do not want to be under the Boers. I have many

---

20. Ibid. bl. 29.
21. De Volksstem, d.d. 21 Mei 1881. Volgens uittreksels uit „News of the Camp" in Pretoria tydens die oorlog uitgegee.: In No. 22 van 12 Feb. lees ons: „Lieut. Commeline R.E. and his black Dragoons were also with the Column", No. 23 van 15 Feb:...the black scouts are better in their own particular department than as prominent stormers of positions held by an enemy who knows how to shoot" No. 27 van 24 Feb:...the Boers did migtate evidently being scared by the black dragoons who fired several shots at their nocturnal visitors."
Die naturellekommissaris wat tydens die oorlog in Zeerust gevange gehou is, erken dat die Bahurutsi hulp aan die Engelse verleen het. (C. 2950, bl. 51.)
22. C. 2950, bl. 145; C. 2950, bl. 176-177; C. 3098, bl. 1; C. 3098, bl. 63. Vgl. ook De Volksstem, d.d. 1 Junie 1881.

people under me and they do not wish to be under the Boers. I have come here with all my captains to settle the matter, because I do not wish to remain under the Boers. Andries Mogaan is one of my captains, Zambok another, Salaam another, Gamabili another, Makapan, Coos Magat, F, Magat and old Magat .....I have come all the way from Pretoria expressly for that purpose. I want to ask why the Government has given over the territory to the Boers. I have come to ask now for powder and lead."[23]

Berigte van onmenslike mishandeling en ongekende wreedhede teenoor die naturelle gepleeg, is daagliks deur die Kommissie ontvang[24]. Gedurig maar het die naturelle probeer om die Britse owerhede en die Koninklike Kommissie te oortuig dat slawerny en onderdrukking op hulle sou wag indien die onafhanklikheid van Transvaal herstel sou word.[25]

Tog was dit net blote verdagmakery, want by verskeie geleenthede, selfs voordat die oorlog uitgebreek het, het die Boere dit pertinent gestel dat hulle die naturelleregte sou handhaaf en beskerm. Reeds by die byeenkoms te Wonderfontein in 1879 is 'n proklamasie uitgevaardig wat die volgende bevat het :

a. Dat geschillen over grenslijnen van naturellen-stammen aan arbitrage zullen onderworpen worden;

b. Dat voor de inboorlingen- politiek de Regeering bereid is algemeene regelen aan te nemen in overleg met de Koloniën en staten van Zuid-Afrika."[26]

Hierdie waarborge is by Paardekraal herhaal en is selfs bygevoeg dat alle onderdane (bedoelende wit of swart) wat die landswette sou gehoorsaam en onderdanigheid sou betoon die beskerming van die wet sou geniet.[27]

---

23. C. 3219, bl. 54. (Notule van onderhoud met naturellekapteins d.d. 27 Mei 1881.

24. By nadere ondersoek het dit geblyk dat die klagtes in die meeste gevalle ongegrond en byna altyd oordryf was.

25. C. 2950, bl. 173.

26. Van Oordt, a.w., bl. 288. Vgl. ook C. 3098, bl. 47.

27. Ibid. bl. 311.

Sedert die vrede gesluit is, het die Boereleiers selfs uit hulle pad gegaan om rus en orde te verseker. By die opening van die Volksraad op 16 April 1881 het vise-president Kruger die volgende beroep op sy onderdane gemaak: „ Intusschen geloof ik, dat ik geheel handel overeenkomstig het vredestractaat als ik in uwe tegenwoordigheid de hoop uitspreek, dat alle inwoners van de Transvaal zich in den tuschentijd zullen onthouden van alle woorden of daden, die kunnen leiden tot den voortduur van dat gevoel van vijandigheid, dat thans en voor goed geheel en al moet worden uitgeroeid."[28] Hoewel die Boere dus verbitterd was oor die rol wat die naturelle tydens die oorlog gespeel het, was hulle bereid om 'n konsiliasiebeleid te volg.

Die klagtes en dreigemente moes die Kommissie noodwendig in 'n mate beïnvloed het, maar gelukkig het die meerderheid van die Kommissie steeds 'n gesonde oordeel aan die dag gelê.

Die Resident sou alleen 'n algemene toesig oor naturelleaangeleenthede verkry en daar sou geen magte aan hom verleen word, wat hom instaat sou stel om in die regterlike en administratiewe regeringsmasjien van die staat in te meng nie. Die Kommissie het die standpunt gehuldig dat, „....any authority vested in any one, to interpose between the natives and the executive officers of the country, or between the natives and the judiciary, could not but have an effect tending to disorder and anarchy, and, even when held in the most cautious hands, to perpetual friction between the British Government and the Government of the new state."[29] Hulle (die Kommissie) was daarvan oortuig dat indien so 'n toestand toegelaat sou word, dit die naturelle sou aanspoor om die wette van die land te oortree en dat dit op sy beurt daartoe sou lei dat private burgers geneig sou wees om die wet in eie hande te neem.[30]

Om so min as moontlik inbraak op die selfregering van die land te maak, het Robinson en De Villiers, anders as Wood, ook aanbeveel dat daar geen onder-residente op die grense van Transvaal

---

28. Ibid. bl. 350. Vgl. ook C. 3098, bl. 47.

29. C. 3114, bl. 29.

30. Ibid.

benoem sou word nie, maar dat, indien grensgeskille sou ontstaan, dit makliker deur 'n Britse amptenaar van buite die grense opgelos sou kon word.[31]

Die besetting van naturellegrondgebied deur Boere is beskou as een van die vernaamste oorsake vir moeilikhede. Om te verseker dat moeilikhede van so 'n aard in die toekoms nie sou voorkom nie, het die Koninklike Kommissie besluit om 'n Lokasie-Kommissie in die lewe te roep.

Die taak van die Kommissie sou wees om bepaalde naturelle-reserwes af te baken waarbinne geen blanke enige besitreg sou verkry nie. Om te verseker dat genoegsaam grondgebied vir sulke reserwes beskikbaar sou wees, is bepaal dat geen verdere toekennings aan blankes in die distrikte Soutpansberg, Waterberg en Lydenburg gedoen sou word tot tyd en wyl die bepaalde reserwes afgebaken is nie.[32]

Die Lokasiekommissie sou bestaan uit die Britse Resident of sy verteenwoordiger, die President van Transvaal of sy verteenwoordiger en 'n derde lid wat deur die eerste twee lede gekies sou word.[33]

Die Boere-afvaardiging was ten gunste van die Lokasiekommissie, maar het heftig beswaar aangeteken teen die voorgestelde samestelling daarvan. Hulle het die mening gehuldig dat die president van 'n staat, of sy verteenwoordiger, nie op 'n ondergeskikte kommissie kon dien nie en daarom het hulle voorgestel dat dit liefs moes bestaan uit die Resident en enige twee Boere-verteenwoordigers. Die Koninklike Kommissie het egter die voorstel van die Boere verwerp en by hulle oorspronklike besluit gebly.[34]

'n Laaste probleem het egter nog die aandag van die Kommissie geverg: Voor die anneksasie is naturelle in Transvaal nie toegelaat om private eiendomsreg op grond te verkry nie. Na die annek-sasie is daar wel in 'n mate eiendomsreg aan die naturelle verleen deurdat toe bepaal is dat die sekretaris vir naturellesake as

---

31. Ibid.

32. Ibid. Vgl. ook Walker: a.w., bl. 161.

33. C. 3114, bl. 154.

34. Ibid. bl. 29. Vgl. ook Walker: a.w., bl. 162.

trustee vir naturelle sou optree. Om te verhoed dat naturelle wat langs hierdie weg grond verkry het van hulle grond beroof sou word, is toe bepaal dat alle oordragte wat tydens die Britse regering gemaak is deur die nuwe regering erken sou word en dat die Lokasie-kommissie in die toekoms as trustee vir sulke naturelle sou optree.[35]

Die bevinding van die Koninklike Kommissie moes egter nog aan die naturelle bekend gemaak word en om latere misverstand uit die weg te ruim, is besluit dat die Kommissie hulle besluite persoonlik aan die verskillende opperhoofde sou oordra. Tydens hulle sitting op 6 Julie het hulle dit derhalwe aan die naturellekommissaris, mnr. Shepstone, opgedra dat hy moes toesien dat al die naturelle-opperhoofde teen die einde van die maand in Pretoria moes wees.[36]

Onder die indruk dat daar aan hulle geleentheid gebied sou word om hulle griewe te lug, het opperhoofde van heinde en verre na die hoofstad gestroom totdat daar op 4 Augustus, 'n dag na die ondertekening van die Konvensie, ongeveer vyftig opperhoofde, elk met sy eie indrukwekkende gevolg, op die Koninklike Kommissie gewag het.[37]

Sir H. Robinson het self erken dat die kort onderhoud met die naturelle-opperhoofde een van sy moeilikste take was. Sonder om die eer en waardigheid van Brittanje aan te tas, moes hy die naturelle aan die verstand bring dat dit nie as gevolg van militêre neerlae was dat hulle die onafhanklikheid van die Republiek herstel het nie, maar wel omdat hulle dit as hulle morele plig beskou het.

Hy het aan hulle voorgehou dat die onafhanklikheid van Transvaal weer herstel is, maar dat Brittanje baie deeglik voorsiening gemaak het dat hulle regte en vryhede beskerm, dat bepaalde woongebiede afgebaken en dat alle naturellewetgewing eers deur die Britse regering goedgekeur sou word.

Hy het egter nie nagelaat om dit baie duidelik onder hulle aandag te bring dat hulle voortaan in die eerste plek Transvaalse

---

35. Ibid.

36. C. 3219, bl. 83.

37. C. 3098, bl. 79. Vgl. ook Nixon: a.w., bl. 272; Walker: a.w., bl. 164.

onderdane is en as sodanig gehoorsaamheid aan die Transvaalse regering verskuldig was nie. Uiteidelik het hy baie beslis te kenne gegee dat die besluite van die Koninklike Kommissie finaal sou wees en dat geen verdere besprekings van die onderwerp toegelaat kon word nie. Walker het die volgende omtrent die gebeurtenis geskryf: „The High Commissioner read the Proclamation to the assembled multitudes and left Hudson, the new Resident, to face the native chiefs, while the Loyalists marched in procession to bury the Union Jack, stopping outside the lodgings of Brand and De Villiers to express their disapproval."[38)]

Selfs aan die naturellegemeenskap, oor wie die Britse gesagvoerders so besorg was, is dus nie tevredenheid gegee nie en het die bepalings van die Koninklike Kommissie slegs gedien om die toekomstige regering van die Republiek te bemoeilik.

---

38. Walker: a.w., bl. 164. Vgl. ook C. 3098, bl. 73; C. 3098, bl. 79; Nixon: a.w., bl. 272.

HOOFSTUK VI.

DIE OOSGRENSVRAAGSTUK.

(i) Voorgestelde verdeling van Transvaal.

Die Britse Liberale party was dit roerend eens dat die onafhanklikheid van Trahsvaal herstel moes word, maar skaars was die vredesverdrag onderteken of 'n baie sterk filantropiese of humanitêre seksie binne die pary het hulle stem verhef. In hulle strewe om die naturelle te beskerm en oorstelp deur die tradisionele gerugte dat die Boere die naturelle mishandel en verslaaf, het hulle dit op hulle geneem om te waak teen 'n al te liberale behandeling van die Boere in Transvaal.[1)]

Vrede moes gesluit word; Transvaal moet sy onafhanklikheid herwin, maar in hulle strewe om die naturelle te beskerm, het hulle nie geskroom om voor te stel dat bykans een-derde van Transvaal - die vrugbaarste deel van die Republiek - afgesny moes word nie.

Hierdie voorgestelde verdeling van Transvaal was dan ook een van die moeilikste en ingewikkeldste vraagstukke waarmee die Koninklike Kommissie te kampe gehad het.[2)]

(ii) Opdrag van Kimberley aan die Koninklike Kommissie.

In sy opdrag aan die Koninklike Kommissie het lord Kimberley die afskeiding van die oostelike distrikte van Transvaal van besondere belang beskou en is dit baie duidelik dat hy persoonlik baie sterk ten gunste van die verdeling van Transvaal was.

Reeds taamlik aan die begin van sy algemene opdrag[3)] meld hy: "The Commission is further to consider whether any portion within certain limits, mentioned in my telegram to sir E. Wood, of March 17, should be severed from the country now included in the Transvaal Province."[4)] Daarmee het hy die saak egter nie afgehandel nie, want in 'n taamlik breedvoerige pleidooi, later in sy opdrag, het hy 'n duidelike poging aangewend om die Kommissie te beïnvloed.

---

1. Statham: a.w., bl. 153-154. Vgl. ook Pieterse: a.w., bl. 30; Walker: a.w., bl. 100.
2. C. 3114, bl. 15.
3. Ibid. bl. 6-10.
4. Ibid. bl. 6.

Onder die voorwendsel dat die naturellebelange dit noodsaak, probeer Kimberley nou om soveel van daardie Transvaal, op wie se onafhanklikheid hulle besluit het, vir die Britse kroon agter te hou. Om sy saak so sterk as moontlik te stel, het Kimberley Transvaal in drie dele verdeel:

1. Distrikte soos Pretoria, Heidelberg, Middelburg en Potchefstroom, waar die getalle van die naturelle nie so groot was nie en waar die Boere hulle gesag reeds voor die anneksasie gehandhaaf het. Kimberley was tevrede dat hierdie distrikte aan die Boere teruggegee sou word.

2. Distrikte soos Lydenburg waar die blankes deur die ontsaglike naturellebevolking omring is en waar die naturelle óf gladnie die baasskap van die blankes aanvaar het nie, óf in 'n mindere mate hulle onderdanigheid betoon het. As voorbeeld het Kimberley na Sekoekoeni verwys en het hy beweer dat Sekoekoeni tot voor sy onderwerping deur Wdseley, prakties gesproke onafhanklik was.

3. Distrikte soos Soutpansberg waar die naturellebevolking nie alleen 'n geweldige getalsoorwig gehad het nie, maar waar volgens Kimberley, die naturelle grootliks daarin geslaag het om die blankes uit hulle gebiede terug te dryf.[5]

Kimberley het uiteindelik tot die volgende slotsom geraak: "The difficulty of dealing satisfactorily with the districts in the two last categories, led Her Majesty's Government to think that it might be found expedient to sever from the Transvaal the eastern portion of the territory now composed within its limits, taking the Vaal River and a line drawn from the Vaal northward near the 30th degree of longitude as the new boundary."[6]

'n Lyn volgens Kimberley se voorstel sou egter ook 'n groot deel van die distrik Middelburg buite die Transvaalse grense laat val en derhalwe het hy (Kimberley) aanbeveel dat die voorgestelde grenslyn in dié geval 'n afwyking sou toon en alleen die distrikte Wakkerstroom, Utrecht, Lydenburg en Soutpansberg van die oorspronklike

---

5. In die geskrif van Kimberley beweer hy dat daar maar ongeveer 800 blankes in Soutpansberg was terwyl 'n bevolkingskaart wat die Koninklike Kommissie laat opstel het, aangetoon het dat daar ongeveer 2000 blankes in die betrokke gebied woonagtig was. Sien Kaart No. 1 op bl. 79.

6. C. 3114, bl. 7. Vgl. ook Kaart No. 1 op bl. 79.

KAART NO 1. BL 79.

POPULATION

DISTRICT	ENGLISH	DUTCH	NATIVES
PRETORIA	2500	4500	13000
POTCHEFSTROOM	900	4900	1500
RUSTENBURG	150	7150	26000
MARICO	320	900	13000
BLOEMHOF	100	300	40000
WATERBURG	20	1120	174000
ZOUTPANSBERG	200	1800	364000
LYDENBURG	160	1160	123000
MIDDELBURG	200	3400	3000
HEIDELBERG	100	4400	1500
STANDERTON	150	2450	7500
WAKKERSTROOM	150	2450	5000
UTRECHT	150	2450	5000
TOTALS	5040	36250	973700

WHITES 41290 COLOURED 57700

SKETCH PLAN OF THE TRANSVAAL

SHOWING THE APPROXIMATE POPULATION OF EACH DISTRICT.

From a drawing by Major Fraser R.E. 1881

Limit of the Intelligence Div. War Office

Republiek sou afsny.

Die afskeiding van so 'n groot gebied van Transvaal, was vir Kimberley om die volgende redes noodsaaklik:[7]

a. Deur Utrecht en Wakkerstroom as Britse gebiede te behou, sou die twee vyandige state, Transvaal en Zoeloeland van mekaar geskei word en sou die grensgeskille, wat voorheen die Zoeloe-oorlog tot gevolg gehad het, uit die weg geruim word. Verder sou die Britse invloed, wat tot dusver so 'n heilsame uitwerking op Zoeloeland gehad het, behoue kon bly.

b. Deur dié deel van Lydenburg wat as Newscotland bekend gestaan het, as Britse gebied te behou, sou daar ewe as in die vorige geval, 'n skeiding gemaak kon word tussen Transvaal en Swaziland en sou ook in dié geval die gevaar van grensgeskille uit die weg geruim kon word.

c. In Lydenburg was daar 'n steeds groeiende getal Britse onderdane, veral op die Goudvelde woonagtig, en volgens Kimberley was dit om dié rede noodsaaklik dat dit as Britse gebied behou moes word.[8]

d. Aangesien dit die Britse regering was wat Sekoekoeni onderwerp het, was hulle 'n regverdige optrede aan hom verskuldig

e. In die geval van Soutpansberg het Kimberley die volgende aanbeveling gemaak: „I incline to the opinion that the most satisfactory arrangement as to this district would be that it should be left to the native tribes."[9]

Nadat Kimberley egter sy aanbevelings gemaak en redes daarvoor verstrek het, moes hy onmiddellik erken dat dit onder omstandighede bykans onmoontlik sou wees om Lydenburg by Natal in te lyf, terwyl dit ewe min as 'n aparte Britse kolonie 'n bestaan kon regverdig.[10]

---

7. C. 3114, bl. 8.

8. Volgens Kaart No. 1.was daar maar 160 Engelse woonagtig.

9. C. 3114, bl. 8.

10. Ibid.

Op 'n verrassende wyse het Kimberley sy aanbevelings in verband met die oostelike gebiede van Transvaal gesluit: „A most important consideration will be the wishes of the settlers themselves and you will be careful to ascertain in the fullest manner whether they would willingly accept the continuance of British rule if it should be determined to retain any of the territory to which I have referred."[11])

Asof hy verwag dat die Boere sy voorstelle sou verwerp, het hy sy opdrag aan die Koninklike Kommissie afgesluit deur die voorwaarde te stel dat indien die Kommissie sou besluit dat geen grondgebied van Transvaal afgesny sou word nie, die Boere verplig sou wees om die Wolseley-grens[12]) van 1879 te aanvaar en dat hulle bereid moes wees om die onafhanklikheid van Swaziland te erken.[13])

Indien die kaart waarop die bevolking vir elke distrik aangedui is noukeurig beskou word en die redes vir die afskeiding van Soutpansberg as geregverdig beskou word, kom die gedagte onwillekeurig by 'n mens op waarom daar nie ook voorgestel is dat Waterberg aan die naturelle gegee moes word nie. Kimberley gee egter in sy eie woorde 'n antwoord hierop. „I should be glad if some similar arrangement could have been made as to Waterberg, but the reasons for leaving the district to the native tribes do not appear to be so strong as in the case of Zoutpansberg, and as the Boers have been informed that it was not the intention of Her Majesty's Government that territory should be severed from the Transvaal, west of the 30th degree of longitude, the question does not stand on the same footing."[14])

(ii) Redes waarom die Boere 'n verdeling van Transvaal teengestaan het.

Reeds op 16 April 1881 het die Volksraad 'n memorie, wat terselfdertyd as opdrag aan die Driemanskap moes dien, aan die Driemanskap oorhandig. Hierin het hulle op ondubbelsinnige wyse hulle

---

11. 'n Mens wonder hoe Kimberley ooit kon verwag dat die Boere sy voorstelle sou aanvaar as dit van hulle sou afhang.
12. Dit is die grens tussen Swaziland en Transvaal soos dit vandag daar uitsien.
13. C. 3114, bl. 8.
14. Ibid.

standpunt aangaande die Oosgrens van Transvaal gestel: „Wij de ondergetekenden, Burgers van de Zuid-Afrikaansche Republiek, kennis gekregen hebbende dat de regeling van een deel der werkzaamheden, bij de vredesonderhandelingen aan eene Koninklijke Commissie (welke op den 23sten April as te New Castle hare zitting beginnen) is overgelaten; en dat een der voorwaarden dier vredesonderhandelingen is, dat de Britsche Regering bij de belofte der teruggawe van ons land, zich het regt heeft voorbehouden om voor de bereiking van zekere politieke oogmerken een strook gronds der Transvaal ten oosten van den 30sten graad lengte, tot Britsch grondgebied te verklaren.

En aangezien wij overtuigd zijn dat zulk eene afsnijding van grond ten hoogste schadelijk zou zijn voor onze bijzondere en algemeene belangen; zoo verzoeken wij met den meesten eerbied u Hoog Edelen om met de hulp des Heeren voor onze dierbaarste regten en belangen te waken en aan de Koninklijke Commissie te doen verstaan dat zulk eene afsnijding van grond niet alleen onrechtvaardig, maar tevens gevaarlijk zou zijn voor onze veiligheid en rust, in strijd met onze dierbaarste belangen, eene verkrachting onzer heiligste regten en niet berekend om het vertrouwen in H. M.s. Regering te herstellen, en den band der verzoening te versterken.....Het is onze ernstige pligt om nu in tyds aan U Hoog-Edelen de verzekering te geven, dat het niet van ons verwacht kan worden dat wij in eenige afsnijding van grondgebied, of verkorting onzer regten of in eenige beslissing der Koninklijke Commissie, tegenstrijdig met ons waarachtig goed regt, kunnen berusten."15)

Die erns waarmee die Koninklike Kommissie hierdie saak bejeen het, blyk uit die feit dat hulle dit reeds op 10 Mei, die eerste dag waarop sir H. Robinson die vergadering bygewoon het, te berde gebring het.

Hierdie saak was vir die Boere egter van nog groter belang want hulle wou onder geen omstandighede 'n onvoorbereide verklaring, wat miskien later teen hulle gebruik kon word, voor die Koninklike Kommissie maak nie en het verkies om liewers by 'n latere geleent-

---

15. De Volksstem, d.d. 27 April 1881. Vgl. ook Nixon: a.w., bl. 264.

heid 'n skriftelike verklaring voor die Kommissie te lê.[16]

Op 11 Mei het hulle die beloofde geskrif voor die Kommissie gelê en op 16 Mei is die saak andermaal breedvoerig in 'n gesamentlike sitting bespreek.

Reeds in sy telegram van 17 Maart[17] het Kimberley dit duidelik gestel dat die Koninklike Kommissie sou moes besluit hoeveel, indien enige, van die gebied oos van die 30ste lengtegraad as Britse gebied behou moes word. Vir die Boere was die woorde „indien enige" van die allergrootste belang en daarom vind ons ook die volgende bewoording in die vredesverdrag wat op 23 Maart onderteken is: „Wij vertrouwen verder dat, indien de Koninklijke Commissie eenige afscheiding van het land ten Oosten van de 30e graad van lengte noodzakelijk acht, zulke Commissie niet zal aanbevelen de afscheiding van meer land dan noodig is voor de doeleinden van de Engelsche politiek, zooals die aangeduid wordt in het telegram van den 17e van Maart,"[18]

Vandaar dan ook dat toe sir H. Robinson op 10 Mei aan hulle gevra het of hulle enige beswaar teen die voorgenome afskeiding het, hulle onmiddellik geantwoord het dat voor en aleer daar op sy vraag geantwoord kon word, eers besluit moes word of so 'n afskeiding nodig was en of daar wel van die gebiede afgesny gaan word.[19] Hierdie standpunt het die Boere-afvaardiging dwarsdeur hulle beraad gehuldig en steeds aangevoer dat die afskeiding nie „noodzakelijk" was nie.

Die Boere het om die volgende redes 'n afskeiding van die distrikte Utrecht, Lydenburg, Wakkerstroom en Soutpansberg teengestaan:[20]

1. Dit is hulle wettige eiendom. Hulle het dit van die natu-

---

16. C. 3219, bl. 18.

17. Joubertversameling, 2545. Telegram van Kimberley aan Wood.

18. Staats-Courant, d.d. 30 Maart 1881. Vgl. ook Leyds: a.w., bl. 363; C. 3114, bl. 55-56. (Deur my onderstreep)

19. C. 3219, bl. 18. Vgl. ook De Volksstem, d.d. 9 Julie 1881.

20. C. 3114, bl. 62.

relle gekoop, betaal en deur harde werk en baie opoffering van hulle kant, onwikkel en bewoonbaar gemaak. Hulle beskou dit as hulle vaderland en is geheg daaraan, miskien selfs meer as ander nasies, amdat baie van hulle wat deelgeneem het aan die verowering daarvan nog gelewe het.[21]

2. Dit sou lei tot groot ontevredenheid, veral onder die Boere wat die oostelike gebiede bewoon, aangesien hulle saam met die res van Transvaal vir hulle onafhanklikheid geveg het en daar dus ook van hulle kant op onafhanklikheid aanspraak gemaak kon word. Omdat die Boere wat daardie gebiede bewoon, afskeiding gevrees het, het hulle reeds petisies teen so 'n afskeiding ingestuur.

3. Die karakter, sedes en gewoontes van die Boerebevolking van die oostelike distrikte is presies dieselfde as dié in die ander distrikte.

4. Die politieke opvatting van die Boere in die oostelike distrikte is presies dieselfde as dié in die ander distrikte en diegene aldaar, wat anneksasie voorstaan is selfs minder as vyf persent.[22]

5. 'n Afskeiding sou in die oostelike distrikte selfs tot groter ontevredenheid as in die ander distrikte aanleiding gegee het, veral aangesien dit juis daardie gebiede is wat eerste beset en bewoon is.[23]

6. 'n afskeiding van die oostelike gebiede sou onteenseglik beteken dat Transvaal van sy beste en vrugbaarste grondgebied sou moes prysgee en derhalwe ook 'n groot deel van die land se nasionale inkomste.[24]

Afgesien van genoemde besware teen die afskeiding van die oostelike distrikte, het die Boere-afvaardiging die afskeiding om die

---

21. C. 3114, bl. 62. Volgens die Boere-afvaardiging het die Koninklike Kommissie op daardie oomblik oor dokumente beskik waaruit duidelik bewys kon word dat hulle die gebiede wettiglik gekoop het.

22. As die syfers op Kaart No. 1 in aanmerking geneem word, sou 15% miskien meer korrek gewees het.

23. Hier word na Ohrigstad, Lydenburg en Soutpansberg verwys.

24. C. 3219, bl. 62. Vgl. ook C. 3114, bl. 17.

volgende redes as onnodig beskou:

1.Die verhouding tussen Transvaal en Swaziland was in die verlede, en is nog steeds van so 'n aard dat 'n skeiding tussen die twee gebiede onnodig is.[25)]

2. Vir meer as veertig jaar het die Boere in vrede met die Zoeloes gelewe en dit nooit nodig gevind om hulle regte op die Zoeloes af te dwing nie.

3. In gevalle waar daar in die toekoms enige grensgeskille sou ontstaan, sou daar ooreenkomstig die vredesverdrag gehandel kon word en sodanige geskille na die Soeserein vir oplossing verwys kon word.

4. Soos tydens die Boerebewind voor die anneksasie, sou daar 'n streng verbod op die verkoop van vuurwapens aan naturelle geplaas kon word.[26)]

5. Die Boere is bereid om dieselfde naturellebeleid te volg as dié wat in die wat in die ander Britse kolonies van toepassing is.

6. Die vredesverdrag en die daaropvolgende Konvensie sou dien as versekering van die goeie verstandhouding wat daar in die toekoms tussen Boer en Brit sou bestaan „.....and hereby the hope for seeking cause of quarrel to create trouble between the two Governments will be futilised."[27)]

7. Die teenwoordigheid van die Britse Resident in Transvaal behoort genoegsaam waarborg te wees dat alle geskille wat sou ontstaan, opgelos sou kon word. „The constant presence in the capital of the country of Her Majesty's representative, his prestige as such, his constant counsil and advice, will, if necessary, remove every difficulty which may arise, but which we as honourable men, are not able to foresee."[28)]

Die Boere-afvaardiging het uiteindelik daarop gewys dat hulle die voorgenome afskeiding nie anders kon vertolk, as sou dit 'n

---

25. C. 3114, bl. 62. Tydens die vergadering op 10 Mei het Kruger beweer dat hy berig ontvang het dat Swaziland verkies om as deel van Transvaal voort te bestaan. Vgl. ook Leyds, dr. W.J: Het Insluiten van de Boeren Republieken II(Allert de Lange, Amsterdam, 1914), bl. 5.
26. Die Boere het die verkoop van vuurwapens as een van die vernaamste oorsake vir grensgeskille beskou.
27. C. 3114, bl. 63.
28. Ibid. 'n Mens kan nie help om die sarkasme hierin te merk nie.

mosie van wantroue in die Republiek se toekomstige regering wees nie en het die feit benadruk dat so 'n stap 'n ewige haat tussen Boer en Brit kon laat ontvlam wat selfs aansteeklik na die ander kolonies in Suid-Afrika kon deurwerk.

Die Boere het soos een man teen die afskeiding van die oostelike gebiede geprotesteer en Joubert, wat by 'n vorige geleentheid deur Kimberley daarvan beskuldig was dat hy homself op een tydstip ten gunste van 'n afskeiding uitgespreek het, het op 10 Mei 1881 kortliks as volg aan die Koninklike Kommissie geskryf: „I feel myself bound to protest most distinctly against the assertion made in Lord Kimberley's telegram of the 17th of March last, that I have declared myself to be in favour of any severance or retention by the British Government of any part of the Transvaal territory."[29)]

(iv) Faktore wat die Koninklike Kommissie ten gunste van afskeiding aangevoer het.

Dit moet ten gunste van die Koninklike Kommissie gesê word dat hulle in geen geval tot 'n oorhaastige besluit geraak het nie. Waar dan later kritiek op hulle werk gelewer is - want daar was baie rede tot kritiek - moet dit altyd in gedagte gehou word dat die Kommissie onder baie moeilike omstandighede en onder groot druk van beide kante gewerk het.

Ook in die geval van die vasstelling van 'n oosgrens, het die Kommissie 'n deeglike ondersoek ingestel voordat hulle tot 'n bevinding geraak het. Waar Wood soms halstarrig geweier het om die redelike standpunt van sy twee kollegas in te sien, kan miskien in sy guns gesê word dat hy by uitstek 'n soldaat was en dat hierdie metode van onderhandeling vir hom nie alleen ongewoond nie, maar effens vernederend was.

Na 'n deeglike ondersoek het die Kommissie aangevoer dat die volgende ten gunste van afskeiding gesê kon word:[30)]

1. Die omstandighede waaronder en die wyse waarop die vroeëre Trekkers Natal in besit geneem en Zoeloeland binnegedring het,

---

29. C. 3114, bl. 63.

30. Ibid. Bl. 17. Rapport van Koninklike Kommissie aan die Koloniale Kantoor.

het by die Boere sowel as by die Zoeloes, 'n gevoel van haat en verbittering teenoor mekaar laat ontstaan. Nadat die Boere hulle in Transvaal gevestig het, het hierdie vyandige houding voortbestaan en het dit tot menige ondergeskikte botsing op die Transvaal-Zoeloegrens gelei. Hierdie gevoel van haat en verbittering is nog verder aangeblaas deur die wyse waarop die Boere inbreuk op Zoeloegrondgebied gemaak het. Volgens die Kommissie het die Boere veral in die wintermaande vanaf die onbeskutte hoëveldgebied van Transvaal Zoeloeland binne gètrek en daar aan die windskadukant van die Drakensberge met hulle vee vertoef totdat toestande in Transvaal 'n terugkeer moontlik gemaak het. Indien die Britse owerhede nou 'n buffer tussen hierdie twee vyandige state skep, sou nie alleen die insypeling stopgesit word nie maar sou grensgeskille ook iets van die verlede wees.

2. Die Kommissie was van mening dat die grensgeskille tussen Transvaal en Zoeloeland 'n nadelige invloed op die ongeveer 400,000 Zoeloes in Natal kon hê en 'n probleem kon skep wat ook die ander kolonies nadelig kon tref.

3. Hoewel Swaziland in 'n mindere mate deur genoemde faktore beinvloed sou word, sou die herstel van 'n swak Boereregering op hulle grense, ook daar tot onrus en spanning lei.

4. Die Kommissie het in soveel woorde erken dat Wolseley se beleid van "verdeel en heers" in Zoeloeland nie die gewenste en verwagte rus en orde geskep het waarop gehoop is nie, en dat onderlinge jaloesie en naywer tot opstand en verspreide onluste kon lei. Dit sou onder omstandighede 'n goeie beleid wees "....to shilt off as far as practicable this ready arena of possible disquiet from intruders who might incite or foment trouble."[31)]

5. Die Kommissie was oortuig daarvan dat indien Britse gesag in die ströok land , grensend aan Zoeloeland en Swaziland behou sou word, dit onteenseglik die binnelandse rus en orde sou verseker, terwyl die algehele onttrekking van Britse gesag uit Transvaal, 'n nadelige invloed op die hele Suid-Afrika se naturellebevolking kon hê.

6. Die morele oorwegings wat die optrede van beskaafde re-

---

31. Ibid.

gerings bepaal, word nie altyd deur die barbaar verstaan nie. Die enigste verklaring wat hulle(die naturelle) aan die onttrekking van die Britse gesag uit Transvaal sou kon gee, was dat die Engelse deur die Boere verslaan is en dat die eens so magtige Brittanje se mag aan die afneem was. So 'n interpretasie kon vir Brittanje wat 'n magtige naturellebevolking regeer, oneindig veel skade berokken.[32]

(v) Redes waarom die Koninklike Kommissie nie ten gunste van afskeiding besluit het nie.

In sy opdrag aan die Koninklike Kommissie het lord Kimberley die volgende gesê: „ A most important consideration will be the wishes of the settlers themselves, and you will be careful to ascertain in the fullest manner whether they would willingly accept the continuance of British rule, if it should be determined to retain any of the territory to which I have referred."[33]

Hierbo is aangetoon dat daar by die Boere nie die minste onsekerheid bestaan het oor wat hulle standpunt in hierdie verband sou wees nie. Soos een man het hulle die idee van afskeiding verwerp[34], en indien die Kommissie in ooreenstemming met die opdrag van Kimberley wou handel, kon hulle nie anders as om die volgende te berig nie: „It was manifest in the opinion of the majority of your Commissioners that should your Majesty's Government determine to retain in their hands any portion of the Transvaal territory, there was a danger that the people of the Transvaal would not acquiesce in the decision. The representatives of the people, though affirming that they in no degree repudiated the agreement on this question made at Laing's Nek, yet confessed that they anticipated difficulty in regard to it, should the decision of your Majesty's Government be adverse to their wishes."[35]

---

32. Die gedagte kom onwillekeurig by 'n mens op of die afskeiding van 'n gedeelte van Transvaal sou verhoed dat die naturelle so 'n gevolgtrekking maak.

33. Sien hierbo, bl. 81.

34. Selfs Brand het die afskeiding van die oostelike gebiede afgekeur en aangevoer dat so 'n afskeiding alleen sou dien om die onderlinge spanning te verhoog. Hy het daarop gewys dat Wodehouse dieselfde wou doen om die Basoetovraagstuk op te los, maar hom gelukkig vroegtydig besin het.(De Volksstem, d.d. 16 Julie 1881.)

35. C. 3114. bl. 17.

Volgens die Kommissie was sentiment die vernaamste oorsaak vir die Boere-opstand en hulle was bevrees dat indien 'n verdeelde Transvaal aan die Boere teruggegee sou word, daardie selfde sentiment tot verdere moeilikhede aanleiding sou gee.[36)]

Indien die Boere, so skryf die Kommissie, nie tot onmiddellike opstand sou oorgaan nie en tog afskeiding aanvaar, sou dit met so 'n mate van wrewel geskied dat dit bykans onmoontlik sou wees om die afgeskeide distrikte te regeer.

Behalwe die afkerige houding van die Boerebevolking, was daar nog ander faktore wat die Kommissie laat besluit het om nie afskeiding voor te staan nie.

Die vernaamste, en volgens Liberaliste, die enigste rede waarom die oostelike distrikte as Britse gebied behou moes word, was om te waak oor die belange en veiligheid van die naturelle aldaar. Sou dit dan nie beter wees, so het die Kommissie geredeneer, om die Britse Resident met soveel mag te beklee dat hy daardie selfde funksie kon vervul nie ? Sou hulle nie daarmee dieselfde doel kon bereik en tog nog die goedgesindheid en lojaliteit van die Boerebevolking behou nie? Die Kommissie was oortuig dat hulle op dié wyse selfs nog meer vir die naturelle sou kon doen as om alleen die oostelike distrikte onder Britse gesag te plaas.

Die meerderheid van die Kommissie[37)] was bevrees dat indien hulle ten gunste van afskeiding sou besluit, hulle onmiddellik die steun en samewerking van die Boere-afvaardiging sou verloor en dan wel in dié gevalle wat nie spesifiek in die vredesverdrag genoem is nie. Hulle was van mening,en tereg ook, dat indien hulle in dié geval streng volgens die vredesverdrag sou handel, die Boere daarop sou aandring dat dit in ander gevalle ook sou moes geskied.[38)]

---

36. Ibid. Vgl.ook Walker: a.w., bl. 160.

37. Wood was teen so 'n standpunt.

38. C. 3114, bl. 18. Vgl. ook Walker: a.w., bl. 161.
Sake wat nie in die vredesverdrag vermeld is nie en waaroor die Kommissie tog moes besluit was o.a. die instelling van 'n Lokasie-kommissie,die veto by naturellewetgewing en die belangrike wesgrensvasstelling.

Een van die belangrikste oorwegings teen afskeiding was egter die feit dat indien genoemde gebiede as Britse kolonies behoue bly, dit nog geen algemene beskermingsmaatreël vir al die naturelle sou wees nie. Die naturellestamme wat op die oosgrens van Transvaal woonagtig was, t.w. die Zoeloes, Swazies, Sekoekoeni se volgelinge en ander, was almal redelike sterk stamme en in die meeste gevalle in sterk vestings verskans. Hierdie stamme wat dus vir hulle eie veiligheid kon sorg, sou die enigste wees wat by die afskeiding sou baat, terwyl die res van die naturellebevolking binne die grense van Transvaal wat omtrent dieselfde getalsterkte as dié op die grens gehad het, heeltemal onbeskermd gelaat sou word. Daarby was die naturelle in Transvaal in klein groepies verdeel en nie instaat om vir hulleself te sorg nie.[39)]

Dit sou dus nog 'n groter dwaasheid wees om net die gebiede suid van die Komatierivier en oos van die Drakensberge, soos deur Wood voorgestel, af te skei, want dan sou net aan 35,000 naturelle beskerming verleen word terwyl ongeveer 950,000 geen aanspraak op beskerming kon maak nie.[40)]

In die vredesverdrag het die Boere belowe om, indien die Koninklike Kommissie dit nodig sou vind, by die afskeiding van Soutpansberg te berus, maar dan as 'n Britse gebied en nie as 'n naturellegebied soos wat Kimberley in sy opdrag aan die Kommissie voorgestel het nie. Soutpansberg is deur 'n groot aantal barbaarse stamme bewoon, waarvan die meeste hoofmanne te swak was om orde in hulle eie gebiede te handhaaf. Indien blanke gesag in hierdie gebied dus opgehef sou word, sou dit volgens die Kommissie 'n „.....Constant annoyance and danger to the Transvaal State" wees. Indien een of meer van hierdie barbare in Transvaal 'n misdaad pleeg sou daar geen bepaalde hoofman wees by wie die Republikeinse regering 'n klag kon lê nie en sou dit bykans onmoontlik wees om die oortreder op te spoor. „The Zoutpansberg district left to the native tribes would have been in effect little better than a black

39. Ibid. bl. 19.

40. Indien die oostelike distrikte as Britse gebied behou sou word, sou dit twyfelagtig wees of die Boere sou toestem dat soveel mag in die hande van die Resident geplaas sou word- 'n mag wat hy tot voordeel van alle naturelle sou kon aanwend. Vgl. ook Walker: a.w., bl. 161; Bevolkingskaart No. 1.

Alsatia running into the side of the Transvaal, dangerous alike to the peace of the Transvaal State and destructive to the welfare of the natives themselves."[41)]

Die voordele wat die afskeiding van die oostelike distrikte en die oordrag van Soutpansberg aan die naturelle vir die naturellebevolking sou meebring, kon dus nie opweeg teen die behoefte van die Boere en die nadele wat dit juis vir die naturelle in die algemeen sou meebring nie en daarom het sir H.Robinson en sir H. de Villiers, gesteun deur pres. Brand, besluit dat die wense van die Boere in dié geval vervul sou word en dat die genoemde distrikte as Transvaalse gebied gerespekteer sou word.[42)]

In die geval van Swaziland is die Boere egter teleurgestel, want dit is bepaal dat Swaziland onafhanklik sou wees en dat die Boere die grens deur Wolseley in 1879 bepaal, sou moes erken.[43)]

Op 22 Mei het die Kommissie hulle bevinding aan die Koloniale Kantoor bekend gemaak[44)] en op 30 Mei het Kimberley 'n telegram aan Robinson gestuur waarin hy hulle aanbeveling goedgekeur het:[45)]

" We have given carefully consideration to the telegrams of the 22nd and 23rd from you and Wood as to the Transvaal boundary, and we agree with you and sir H. de Villiers that, from the reasons stated in your telegram, no part of the Transvaal should be retained as British territory against the will of the Boers."[46)]

Van alle sake wat deur die Koninklike Kommissie behandel is het hulle aanbeveling in verband met die Transvaalse oosgrens seker die meeste tevredenheid onder die Boere gegee.

---

41. C. 3114, bl. 30.

42. Ibid. Vgl. ook Statham: a.w., bl. 156; Walker: a.w., bl. 161.

43. Ibid. Vgl. ook Walker: a.w., bl. 161.

44. C. 3114, bl. 65. SirE. Wood het nie met die ander twee kommissarisse saamgestem nie en dan ook in 'n aparte geskrif("Dissent" C. 3114, bl. 34) sy meningsverskil uitgespreek. Kimberley het sy persoonlike aanbeveling egter verwerp.

45. Ibid.

46. Ibid. Vgl. ook Nathan: a.w., bl. 180.

HOOFSTUK VII.

DIE WESGRENSVRAAGSTUK.

(i) Hoe die wesgrensvraagstuk ontstaan het.

Na die oosgrenskwessie was die vasstelling van 'n westelike grens vir Transvaal seker die moeilikste taak wat aan die Koninklike Kommissie opgedra is.

Hoewel die vredesberaad by Laing's Nek nie oor die vasstelling van 'n wesgrens gevoer is nie, was dit 'n gulde geleentheid om aan die chaotiese toestande[1] op die suidwestelike grens van Transvaal 'n einde te maak deur dit aan die Koninklike Kommissie op te dra om ook toestande aldaar te ondersoek en aanbevelings te maak.

Om die wesgrenskwessie egter in sy hele omvang te verstaan, is dit nodig om vir 'n oomblik eers die aandag aan die voorgeskiedenis van die gebied te wy.

Veral as gevolg van die verwoestende verdelgingsoorloë van die Mantaties en die Matabeles, is die gebiede noord van die Vaalrivier omtrent heeltemal ontvolk en het die oorspronklike bewoners van dié gebiede, óf na die Kalaharie óf na die gebiede suid van Vaalrivier, waar die Boere reeds gesag gevoer het, uitgewyk.

Na die verskyning van die blankes noord van die Vaalrivier en nadat die Matabeles by twee geleenthede[2] verpletterende neerlae toegedien is, is die rus en vrede in hierdie gebiede herstel en het die vlugtelingstamme die een na die ander weer hulle verskyning gemaak. „De aankomst der blanken en de vlucht der Matabele gaven een nieuw leven aan de bewoners der bergen en der woestijnen. Zij konden zich weer in het open veld vertonen en tuinen maken en rustig slapen. De Europeanen waren meesters en bezitters van het land, maar volgens de oude Hollandsche gewoonte, stonden zij toe dat elke kleine Bantu bevolking door haar eigen opperhoofd geregeerd werd in alle zaken die het heerschend ras met aangingen."[3]

---

1. Keate se uitspraak het niemand bevredig nie en is derhalwe ook deur niemand gerespekteer nie.

2. Die slag van Mosega op 8 Februarie 1837 en die slag van Kapain in Oktober van daardie jaar.

3. Theal, G. M^{c} Call: Geschiedenis van Zuid-Afrika, (J.C.Juta & Co., Kaapstad, 1897), bl. 275. Vgl. ook Walker: A History of South Africa, bl. 112-213; Leyds: a.w., bl. 51; Groenboek van Z.A.R. d.d. 1884, bl. 25; Krüger, D.W: Die Republiek Stellaland. (Ongepubliseerde M.A. verhandeling), bl. 5.

Netsoos Silkaats voor hulle, het die Boere deur verowering en okkupasie die grond in besit geneem, dit tot hulle eiendom gemaak[4] en die inkomende stamme as hulle onderdane beskou.[5] Kommandant A.H.Potgieter, erkende leier van die blankes, het, nadat hy in November 1838 die dorpie Potchefstroom aangelê het, verskeie lokasies aan naturelle in die westelike gebiede toegeken ; maar steeds onder die indruk dat hulle aan hom onderdanig sou wees.[6]

Op hierdie tydstip was daar nog geen bepaalde grense vir die Republiek vasgestel nie en in baie gevalle is daar tussen die naturellestamme plase uitgemeet en transporte uitgereik.[7]

---

4. Krüger: a.w., bl. 5. Vgl. ook Leyds: a.w., bl. 100.

5. Krüger: a.w., bl. 6.

6. C. 3219, bl. 39-41. Vise-president Kruger het op 2 Mei 1881 voor die Koninklike Kommissie 'n verklaring gemaak wat daarop neergekom het dat die Barlongs onder Montsioa en Machabi tydens die Matabele-oorloë uit Transvaal gevlug het en hulle suid van die Vaalrivier in die omgewing van Blesberg gaan vestig het. Na die vernietiging van die Matabelemag wat met die hulp van Machabi geskied het, is die Barolongs,wat na die slag van Vegkop aan die Boere aldaar hulp verleen het, toegelaat om hulle andermaal in Wes-Transvaal te vestig en is Polfontein by dié geleentheid as n lokasie aan Machabi toegeken.

7. Krüger: a.w., bl. 6. Vgl. ook C. 3114, bl. 21. Volgens 'n verslag deur die Koninklike Kommissie aan die Koloniale Kantoor, het die uitmeet van plase en die uitreiking van transporte op die volgende wyse geskied; Indien 'n setlaar 'n nuwe plaas wou besit, het hy eenvoudig vir hom 'n nuwe stuk grond in 'n onbewoonde gebied gekies, 'n beskrywing daarvan aan die naaste magistraat of landdros gegee waarop die betrokke amptenaar dan aan hom 'n sertifikaat wat sy eienaarskap sou bevestig het, oorhandig. Die wet het plase tot 3000 morge of min of meer 6000 akker beperk maar ook bepaal dat indien daar by oordrag gevind sou word dat die plaas grooter as die vasgestelde grootte was, die eienaar dit nogtans sou behou maar dat so 'n persoon proporsioneel meer vir so 'n plaas sou betaal.

Wanneer 'n bepaalde aantal persone op so 'n wyse vir hulle plase afgebaken het, is inspeksie- kommissie aangestel om die plase te gaan inspekteer.

Die Kommissie het dan 'n rapport waarin elke plaas beskrywe is aan die Regering gestuur en aan elke eienaar 'n beskrywende memorandum van sy plaas oorhandig. Daarop het die Regering dan 'n kennisgewing volgens die beskrywing van die Kommissie in die staatskoerant geplaas en aanbeveel dat die betrokke plase in die name van die applikante geregistreer moes word.

Indien daar nie binne drie maande teen die applikasie beswaar gemaak is nie, is die plase amptelik as eiendom van die applikant erken en kon so 'n applikant, teen die betaling van 'n vasgestelde fooi, eiendomsreg op sy „plaas" verkry.

Met die Sandrivier-konvensie in 1852 het die Engelse uiteindelik die onafhanklikheid van die gebied noord van die Vaalrivier erken, en volmondig verklaar dat hulle geen verdrae met enige naturellestamme aldaar sou sluit nie. Daar is egter nog steeds geen definitiewe grense vasgestel nie.[8)]

Toe die Trekkers egter hulle invloed oor die naturellestamme in Wes-Transvaal wou laat geld en hulle baasskap wou handhaaf, het hulle in botsing gekom met die sendelinge soos dr. David Livingstone en andere wat dieselfde sienswyse as dr. Philip voor hom en Rhodes na hom gehuldig het,[9)]

Omdat daar geen bepaalde grense deur die Sandrivier-Konvensie vasgestel is nie, het genoemde sendelinge eenvoudig verklaar dat die naturelle buite die grense van Transvaal gewoon het en dat die Transvaalse regering dus geen seggenskap oor hulle gehad het nie.

Toe Sechele in 1852 egter 'n te astrante houding wou inneem, het Potgieter hom tot onderdanigheid gedwing en uit vrees dat hy ook aangetas kon word, het Montsioa gevlug. Nadat M.W.Pretorius egter president van Transvaal geword het, het hy hom andermaal toegelaat om terug te kom.[10)]

Dit was ongeveer in hierdie tyd dat David Arnot, die latere agent van Waterboer, sy stem in Wes-Transvaal laat hoor het. Net soos Livingstone en dr. Philip en later ook Rhodes, het Arnot alles in sy vermoë gedoen om die Boere in Betsjoeanaland teen te werk. In 1862 reeds het hy namens die Korannaopperhoof, Mahura, op 'n sg. Batlapinlyn, wat diep in die reeds bewoonde gebiede van Transvaal ingesny het, aanspraak gemaak.[11)]

Dit was egter die ontdekking van goud teen omstreeks die jare 1867/68 in die Tativallei, en die ontdekking van diamante by die sameloop van die Vaal- en Hartsrivier wat kragdadige veranderings op die wesgrens van Transvaal teweeg gebring het.

---

8. Krüger: a.w., bl. 6.

9. Ibid. bl. 7.

10. Ibid. Vgl. ook Walker: A History of South Africa. Bl. 289-290.

11. Krüger: a.w., bl. 7.

Pretorius het onmiddellik die belangrikheid van 'n vasgestelde wesgrens besef en in April het hy 'n proklamasie uitgevaardig waardeur groot dele ten weste en ten noorde van die Republiek, as Transvaalse grondgebied verklaar is.[12)]

Wodehouse het egter onmiddellik beswaar gemaak en aangevoer dat onafhanklike inboorlingstamme deur die proklamasie onder jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse Republiek gebring is. Pretorius was verplig om sy proklamasie terug te trek.[13)]

Pretorius het die saak egter nie gewonne gegee nie want in 1869, toe die belangstelling in die diamantvelde langs die Vaalrivier opnuut opgevlam het, het hy nie alleen die grense van die Bloemhofdistrik omskryf nie maar ook die veldkornetskap Zeerust geproklameer, met grense wat diep in Betsjoeanaland ingegryp het.[14)]

Skielik het verskillende aanspraakmakers op die diamantvelde na vore getree. Arnot wat voorheen namens Mahura op die gebied aanspraak gemaak het, het intussen van sienswyse verander en namens die Grikwakaptein, Waterboer, op die diamantdraende grondgebied aanspraak gemaak. Ook die Batlapins, Korannas en les bes die Barclongs het die aanspraak van die Zuid-Afrikaanse Republiek betwis en die grond as hulle eie wettige eiendom opgeëis.[15)]

Ten einde finaliteit in die saak te verkry, is uiteindelik besluit om die saak deur 'n arbitrasiehof te laat besleg en indien genoemde hof nie 'n beslissing kon vel nie, sou dit finaal aan die beslissing van luitenant-goewerneur Keate van Natal, onderwerp word.[16)]

Op 5 April 1871 het alle aanspraakmakers hulle saak voor landdroste O'Reilly van Wakkerstroom en John Cambell, magistraat van Klipdrif gestel. Weens die swak verdediging van sy aanspraak deur Pretorius kon geen finaliteit bereik word nie, en is die saak aan

---

12. Staats-Courant, d.d. 29 April 1868. Vgl. ook Walker: a.w., bl. 334-337; Krüger: a.w., bl. 8; Natham, Manfred: South Africa [illegible] (John Murray, London, 1926), bl. 31. Die grens het gestrek van die noord[illegible]punt van die Langeberge tot by die Ngami-meer.

13. Leyds: a.w., bl. 101.

14. Walker: a.w., bl. 9. Vgl. ook Krüger: a.w., bl. 8.

15. Krüger: a.w., bl. 9.

16. Leyds: a.w., bl. 170.

die beslissing van Keate onderwerp. Op 17 Oktober 1871 het Keate sy onpopulêre uitspraak ten gunste van Waterboer gegee.[17]

In 'n blykbare poging om terselfdertyd die wesgrensvraagstuk van Transvaal op te los,[18] het Keate nie alleen die betwiste diamantvelde aan Waterboer toegesê nie, maar ook die hele gebied wes van Mąkwasiespruit as naturellegebied verklaar en aan die Barolongs toegesê. Terselfdertyd het hy ook die wettige hoofde onder die naturellestamme ten weste van die Zuid-Afrikaanse Republiek aangewys. Montsioa is as wettige opperhoof van die Barolongs verklaar terwyl Mąnkoroane as opperhoof van die Batlapins en Korannas aangewys is. Ander opperhoofde soos Massouw en Taaibosch van die Korannas; Gasibone van die Batlapins en Moschette van die Barolongs is heeltemal oor die hoof gesien.[19]

Keate se uitspraak was nie populêr nie en het niemand tevrede gestel nie. Die Boere sou nie aanvaar dat groot gebiede van die distrikte Bloemhof, Potchefstroom en Marico afgesny word nie, terwyl die ander naturelle-opperhoofde nie aan Mankoroane en Montsioa onderhorig wou wees nie. Die Boere het steeds voortgegaan om hulle jurisdiksie oor die betwiste gebiede te handhaaf, want sommige van die Republikeinse onderdane het reeds vir bykans 'n kwarteeu in die gebiede gewoon.[20]

Presideht Pretorius, veral as gevolg van sy swak hantering van die diamantsaak, was verplig om as president van die Zuid-Afrikaanse Republiek te bedank en is deur Burgers opgevolg.[21]

Volgens 'n verklaring wat Kruger op 2 Mei 1881 voor die Koninklike Kommissie gemaak het,[22] blyk dit dat president Burgers, kort na sy diensaanvaarding in November 1876, 'n onderhoud met die naturellekapteins op die wesgrens gehad en dat Burgers in oorleg met die verskillende opperhoofde 'n nuwe grenslyn bepaal het wat

---

17. Ibid. bl. 171-172.
18. C. 3219, bl. 42. Keate is oorspronklik alleen gevra om uitspraak te gee oor gebiede waar diamante ontdek is, maar hy het gebiede wat buite die betwiste area gelê was, aan die naturelle toegeken.
19. Krüger: a.w., bl. 9. Vgl. ook Walker: a.w., bl. 345; Leyds: a.w., bl. 104.
20. C. 3219, bl. 42. Vgl. ook C. 3114, bl. 21-22; Leyds: a.w., bl. 169-172; Krüger: a.w., bl. 10.
21. Leyds: a.w., bl. 172.
22. C. 3219, bl. 39.

algemene tevredenheid aan beide kante sou verseker.het.[23]

Voordat die resultate van Burgers se vasgestelde wesgrens getoets kon word, is die Republiek in April 1877 deur Shepstone geannekseer.

(ii) Die wesgrensvraagstuk tydens die Britse bewind.

Toestande in die Keate-award gebied het van erg tot erger gegaan; en wel in so 'n mate dat sekere Engelsprekende inwoners van Bloemhof op 29 Januarie 1878 in 'n petisie aan sir Bartle Frere 'n dringende beroep gedoen het dat die gebied by Grikwaland-Wes ingelyf moes word.[24]

Kolonel Lanyon, gesteun deur Shepstone, het egter anders oor die saak gedink en daarop aangedring dat die gebied by Transvaal gevoeg moes word. In 'n skrywe aan die Britse owerhede[25] het Shepstone dit baie duidelik gestel dat hy na die anneksasie gevind het dat die distrik Bloemhof deur Keate van Transvaal afgesny is, maar dat die voormalige regering steeds sy jurisdiksie oor die gebied gehandhaaf het. Volgens Shepstone het die Boereregering voortgegaan om belasting te hef en om die wette van die Suid-Afrikaanse Republiek in die gebied toe te pas. Onder omstandighede, volgens hom, was daar geen sprake van 'n goeie en doelmatige regering onder sulke omstandighede nie. En dan sluit Shepstone sy brief op 'n verrassende wyse as volg af: „ The only remedy, as far as I can judge, is that the country should be included in one or other of the two British territories (Transvaal en Grikwaland-Wes).

White occupation has become too deeply rooted, and native complications promise to involve consequences too serious to both the Cape Colony and the Transvaal, to render any other course prudent or even possible, in the interests of all parties concerned.

---

23. Hierdie aangeleentheid word behandel deur Engelbrecht, dr. S.P: Thomas Francois Burgers,(J.H. de Bussy, Pretoria, 1933), bl. 246.

24. Krüger: a.w., bl. 10.

25. C. 2144, bl. 150-151.

The country belongs, naturally to the Transvaal"[26]

Ander inwoners van Bloemhof het selfs 'n teenmemorie aan Frere gestuur en by hom aangedring om nie toe te laat dat die gebied by Grikwaland-Wes ingelyf word nie, terwyl hulle dit baie duidelik gestel het dat die Batlapinaanspraak op die gebied vals was.[27]

Dit is toe aan Warren opgedra om die gebied te besoek en 'n rapport oor die algemene toestande aldaar uit te bring.[28]

Shepstone het in 1878 vir die tweede keer die inlywing van die „Keate-award"gebied by Transvaal baie sterk bepleit. Volgens hom het Keate se poging om vrede te bewerkstellig misluk. Hy het die vrees uitgespreek dat onderlinge twis die binnelandse handel sou benadeel en sterk aanbeveel dat Transvaal weer sy verlore gebied terug sou ontvang.[29] Hy het selfs so ver gegaan om te sê dat hy dit as enigste oplossing vir die moeilikhede op die Wesgrens beskou.[30]

Warren, wat intussen sy ondersoek afgehandel het, het onomwonde verklaar dat Mankoroane nie sy gesag as „paramount Chief" kon handhaaf nie en aanbeveel dat die gebied onder Britse bestuur geplaas moes word: „I have had several interviews with the chief Mankoroane and he has come to the conclusion that he is quite unable to control and govern the native chiefs or other tribes or even the people of his own tribe, and that the direct rule of the British Government is required."[31] Volgens Warren was daar dus geen wet en orde op die wesgrens nie.

Onmiddellik na die anneksasie van Transvaal het die Sekoekoeni-opstand en die Zoeloeoorlog die aandag van die Britse owerhede so in beslag geneem, dat hulle nie nog aandag aan die wesgrensvraagstuk ook kon wy nie en dit was eers na die aanstelling van Colley as goewerneur van Natal en Transvaal, dat die saak

---

26. Dit is tog eienaardig dat die gebied nie „naturally" aan Transvaal behoort het toe dit onder Boereregering gestaan het nie.

27. C. 2144, bl. 151-152.

28. Krüger: a.w., bl. 12.

29. Hy erken dus dat die gebied voorheen aan Transvaal behoort het.

30. Krüger: a.w., bl. 13.

31. C.2220, bl. 109-110.

weer aandag geniet het.[32] Colley het nl. vir luitenant-kolonel Moysey na die wesgrens gestuur om toestande aldaar te ondersoek en 'n rapport uit te bring.[33]

Hierdie verslag[34] wat uiteindelik na 'n ondersoek van veertien maande op 18 Desember 1880 aan die Britse gesagvoerders voorgelê is, was 'n besonder fyn uitgewerkte en deeglik beredeneerde stukkie werk en dit skep die indruk dat Moysey werklik probeer het om deur sy aanbevelings rus en vrede op die wesgrens te verseker.

'n Interessante feit wat al dadelik deur die ondersoek van Moysey aan die lig gekom het, was dat Keate in sy uitspraak van 1871 selfs meer grond aan die naturelle-aanspraakmakers toegeken het as dié waarop hulle aanspraak gemaak het.[35] Maar van nog groter belang was dit dat Moysey heel gou tot die oortuiging geraak het dat die Keate-grens[36] heeltemal ondoeltreffend was en dat vrede op die wesgrens alleen verseker kon word as 'n nuwe wesgrens vir Transvaal bepaal sou word. Hy skryf: " I had in mind at the same time the possibility of some western boundary for the Transvaal other than that defined by the Keate Award being ultimately decided on, and directed my attention more particularly to that part of the territory through which it seemed probable such boundary line might eventualy pass."[37]

Nadat Moysey 'n deeglike studie van die toestande van die Keate-award gebied gemaak het, het hy 'n grenslyn voorgestel wat volgens hom die meeste tevredenheid aan beide kante sou gee.[38]

Om sy nuwe grenslyn te verdedig, het Moysey aangevoer dat nie alleen die Boere en die naturelle die Keate-grens betwis het nie, maar dat ook die Engelse, na die anneksasie, die Keate-

---

32. C. 3II4, bl. 22.


33. Ibid.

34. Ibid. bl. 73-92.

35. Vergelyk kaart No.3, bl.101 Daar kan duidelik gesien word dat Keate meer aan die naturelle geskenk het as waarop hulle aanspraak gemaak het.

36. Sien kaart No. 5. Bl. 103.


37. C. 3II4, bl. 73. (Verslag van Moysey.)


MAP No. 1.
THE KEATE AWARD TERRITORY.
BANGOAKETSE
MOLOPO RIVER
MARISZANI RIVER
BETLAGOLI RIVER
KLEIN HART RIVER
BEAR SPRUIT
MARAIS SPRUIT
HART RIVER
Full of Transvaal farms
TRANSVAAL
ORANGE FREE STATE
BLOEMHOF
GRIQUALAND WEST.
To accompany my Report made this Day.
Chas J Mosley Lieut. RE
Dept Commr.
Christiana 16th December 1880.
NOTE. The whole of the Transvaal and White resident occupation, westward of the Black Road and intervening portions of River, is, herein, shewn.
EXPLANATION.
Transvaal Registered Farm.
Ditto Transferred since British Rule
Transvaal Inspected Farm
Claim upon a Native Grant
Ditto Eclipsed by a Transvaal Farm
Ditto Eclipsed by Transvaal occupation
Native Kraals and Posts
Scale of English Miles.

KAART No.3

KAART. No.3. Bl. 101.

In Appendix B c




KAART No. 4. Bl. 102.

RT No. 4


In Appendix 8.

~~No 3.~~



KAART No.S. Bl. 103.


KAART No 5
~~KAAR~~ No 4.



KAART No. 6. Bl. 104.

In Appendix N. b

KAART 1.6



Chief Surveyor.
Lydenburg

20 Oct. 1881

KAART. No. 7. Bl. 105.

In Appendix 8. b

SKETCH MAP

to illustrate the

S.W. BOUNDARY

of the

RANSVAAL STATE

BEACONED FROM


RAMATHLABAMA TO GRIQUALAND WEST.

in accordance with

THE PRETORIA CONVENTION


OF

3RD August 1881.



Gen. Smuts.
Dept. of R.L.

20 Oct 1881


SHOWING THE BOUNDARIES OF THE
TRANSVAAL STATE
AS DEFINED BY THE CONVERTION OF 3RD AUGUST 1881
MADE BY THE TRANSVAAL ROYAL COMMISSION
WITH MESSRS S.J.P. KRUGER M.W. PRETORIUS AND P.J. JOUBERT.
Scale: each inch = 15 miles to 1 inch
SECHELI
BANGWAKETSI
BAROLONG
MAPOCHS
MAGATO
MALAPIN
BECHUANALAND WEST
ORANGE FREE STATE
NATAL
ZULU LAND
SWAZI LAND
PORTUGUESE POSSESSIONS
PRETORIA
Middelburg
Heidelburg
Potchefstroom
Klerksdorp
Standerton
Utrecht
Christiana
Zoutpansberg
Lichtenburg
KAART N.8 Bl. 106

award oor die hoof gesien het en normaalweg in die gebied plase toegeken en transporte uitgereik het. Volgens hom was daar in die gebied Boere wat vir baie jare reeds hulle plase bewoon, aansienlike verbeterings daarop aangebring het en nooit tevrede sou wees dat hulle onder die jurisdiksie van naturelleopperhoofde geplaas sou word nie. Die Keate-grens sou dus steeds verdere moeilikhede in die hand werk.

Om aan die chaotiese toestande 'n einde te bring en om verdere moeilikhede te bekamp, het Moysey voorgestel dat 'n grens getrek sou word wat alle bewoonde plase sou insluit, maar op so 'n wyse dat sekere waterbronne buite Transvaal sou val.[38]

Indien die voorgestelde grens aanvaar sou word, het Moysey alleen van die kant van die Barolongs wat in so 'n geval aansienlike grondgebied sou verloor, teenkanting verwag,[39] maar hy was oortuig dat indien daar genoegsaam water tot hulle beskikking gestel sou word, hulle ontevredenheid grootliks sou verdwyn. Die Boereplase wat in die naturellegebied sou val, sou in alle geval ombewoonde plase wees.

Die Vryheidsoorlog het intussen egter uitgebreek en vir 'n paar maande kon daar geen verdere aandag aan die Moysey-verslag geskenk word nie.

(iii) Die Koninklike Kommissie en die Wesgrens.

Na die vredesluiting het Kimberley in sy opdrag aan die Koninklike Kommissie hom as volg oor die aangeleentheid uitgelaat: "You will find the question of the territory, known as the Keate Award, somewhat fully discussed in my Dispatch of the 27th May last[40] to the late sir Pomeroy Colley. It was my intention on receiving his report, to instruct him to determine such a new boundary as might in present circumstances appear to be the fairest to all parties, and best calculated to preserve the peace on the western frontier of the Transvaal. Sir George Colley had unfortunately not made any official report on the result of his visit to

---

38. Ibid. bl. 73-92. Vgl. ook Kaarte No. 3 en 4.

39. Volgens Kaart No. 3. sou die Batlapins en Korannas nie veel van die grond waarop hulle aanspraak gemaak het verloor nie.

40. C. 2586 (die hele Blouboek word hieraan gewy.)

this territory but I have reason to believe that he was not to maintain the line laid down in 1871 by Lieutenant Governor Keate and that he would have recommended a new line, leaving a considerable part of the territory to the Transvaal. It will be for you to consider what line should be adopted, and you will, I have no doubt, derive valuable information and assistance from Lieut. Colonel Moysey R.E., the special Commissioner in the Keate Award district.

It may be found desireable to annex some part of this territory to Griqualand-West or the Orange Free State, but this must depend upon considerations which I am unable from want of local knowledge fully to appreciate. I will only add that this border has been so long in an unsettled condition that it was urgently necessary that the frontier line should be definitely fixed with as little delay as possible."[41])

Asof, om groter krag aan sy woorde te verleen, moes die Koninklike Kommissie op 11 Mei verneem dat daar inderdaad gevegte tussen Montsioa en Machabi uitgebreek het en moes hulle dadelik vir generaal Buller en komdt-genl. P.J. Joubert na die wesgrens stuur om vrede te bewerkstellig.[42])

In hulle besluit oor die suid-westelike grens van Transvaal, het die Koninklike Kommissie veral staatgemaak op die verslag en persoonlike getuienis van Moysey, en na deeglike oorweging het hulle ook besluit om sy voorgestelde wesgrens, ongeag die veranderde omstandighede, te aanvaar.[43])

Netsoos Moysey het hulle tot die slotsom geraak dat dit onmoontlik sou wees om die Boere wat reeds plase besit en bewerk het, te beveel om hulle binne die bestaande grense (soos deur Keate bepaal) te vestig. „These settlers whatever may be the moral ground of their early position, have for years held their properties upon a title, at any rate no worse than that of most of

---

41. C. 3114, bl. 9. Kimberley gee dus aan die Koninklike Kommissie volle geleentheid om die grenskwessie op te los. Geen beperkings is gestel nie.

42. C. 3098, bl. 3. Vgl.ook C. 3098, bl. 9; C. 3098, bl. 60. C. 3219, bl. 28.

43. C. 3114, bl. 22.

the native races of South Africa - the title of the strongest. They themselves claim that the land has been lawfully acquired by them, either by cession for a cosideration or in return for protection afforded to the weak Bechuana tribes against the powerful Zulu emigrant Moselikatze."[44]

Netsoos Moysey het die Koninklike Kommissie van die standpunt uitgegaan dat die groot aantal onbewoonde plase, wat in die meeste gevalle deur naturelle bewoon is, aan die naturelle toegesê moes word.[45]

Die Boereleiers het egter heftig beswaar gemaak teen die besluite van die Koninklike Kommissie en aangevoer dat die Barolongs (Hulle het Moschette as opperhoof erken)steeds gewillig was om die jurisdiksie van die Boere te aanvaar en dat dit nie nodig was om daardie gebiede buite die grense van Transvaal te laat nie.

Die Koninklike Kommissie wat geneig was om die opperhoofskap van Montsioa te erken, het egter hierdie beswaar van die Boere weerlê deur aan te voer dat Montsioa en sy volgelinge in so 'n geval gedurig moeilikheid sou veroorsaak.[46]

Omdat die grens, soos deur Moysey voorgestel en deur die Koninklike Kommissie aanvaar, die Barolongs veral in die noordelike gebiede sonder genoegsaam watervoorrade sou laat, is besluit om die grens aldaar effens te wysig. Gedeeltes van die plase Grootfontein en Valleifontein sou voortaan met die helfte van hulle waterbronne binne die naturellegebied val. Sodoende sou die Barolongs oor genoegsaam water beskik en sou die probleem dus opgelos wees.[47]

Op 4 Julie het die Koninklike Kommissie hulle aanbevelings in verband met die wesgrens aan Kimberley gestuur[48] en op 5 Julie het Kimberley sy goedkeuring daaraan geheg.[49].

---

44. Ibid.

45. Ibid. Vgl. ook Kaarte No's. 2,3,4,5.

46. Ibid. bl. 23. Hulle het natuurlik nog die argument gehad dat Engeland, nog voordat daar sprake van teruggawe was, self bereid was om die voorgestelde grens te aanvaar.

47. Sien Kaarte No's. 3,4,5 en 6.

48. C. 3114, bl. 65.

49. Ibid.

Na die ondertekening van die Konvensie is dit aan Moysey opgedra om die vasgestelde grens af te baken[50] n taak wat hy nie voor 11 Oktober 1881 afgehandel het nie.[51]

Hiermee het die sluier oor die wesgrens egter nie finaal gesak nie want kort na die ondertekening van die Pretoria-konvensie het herhaalde opstande in dié gebied getoon dat die Koninklike Kommissie se grensbeleid nie suksesvol was nie.

---

50. Ibid. bl. 66.

51. Sien Kaarte No's. 6,7 en 8.

HOOFSTUK VIII.

FINANSIES.

(i) Skadevergoeding.

Reeds tydens die vredesberaad van 23 Maart te Laing's Nek het die kwessie in verband met die betaling van skadevergoeding 'n warm bespreking uitgelok.[1]

Wood was die mening toegedaan dat alle sake betreffende skadevergoeding en die uitbetaling daarvan aan die beslissing van die Koninklike Kommissie onderwerp moes word en dat hulle dan moes besluit in watter gevalle daar uiteindelik skadevergoeding betaal moes word. Die Boereleiers daarenteen was nie bereid om die aangeleentheid sonder meer aan die willekeur van 'n eensydige Kommissie oor te laat nie en was van mening dat alleen verliese wat nie deur beskaafde oorlogvoering genoodsaak was nie, vir oorweging aan die Koninklike Kommissie voorgelê behoort te word.[2] Kruger was heeltemaal gewillig dat die Kommissie sou besluit oor eise om kompensasie, voortvloeiende uit die oorlogvoering, maar nie oor alle sake rakende die oorlog nie. Hy was bang dat die Kommissie nie onpartydig sou wees in gevalle van Britsgesinde Transvaalse onderdane wat geweier het om aan die opkommandering van die Boere gehoor te gee en gevolglik deur hulle beboet is nie. Sy beswaar was dat indien sodanige eise toegestaan sou word, die toekomstige Transvaalse regering die finansiële las nie sou kon dra nie en dat dit as 'n moontlike voorwendsel vir 'n heranneksasie kon dien.[3]

Uiteindelik is die volgende bewoording aanvaar: "To the Royal Commission, be remitted all questions of compensation for damage, or other proceedings on either side, so far as in the

---

1. C. 2950, bl. 120. Vgl. ook De Volksstem: d.d. 13 April 1881.

2. Ibid.

3. Die vraag ontstaan wat Kruger met die Britsgesinde Transvaalse onderdane bedoel het. Indien hy hiermee net blankes bedoel het, sou die bewering dat daar 'n bykans eenparige blanke opstand teen die Britse bewind was in twyfel getrek kon word. Dit wil egter voorkom asof Kruger in dié geval ook naturelle ingesluit het want ook naturelle, van wie eiendom gedurende die oorlog geëis is, was geregtig op skadevergoeding.

judgement of the Commission, these acts were not justified by the neccessities of war and are fairly subjects for compensation."[4]

Tydens die sitting van die Koninklike Kommissie op 12 Mei het die kwessie oor die uitbetaling van skadevergoeding weer ter sprake gekom en het dit geblyk dat die Boere 'n ander interpretasie aan die woorde „justified by the neccessities of war" geheg het as die Koninklike Kommissie.[5] Die Boere was die mening toegedaan dat indien oorlog die gebruikmaking van private eiendom genoodsaak het, die saak deur die noodwendigheid daarvan gewettig sou wees en dat in so 'n geval daar geen reg tot skadevergoeding sou bestaan nie. Volgens die Boere afvaardiging het Transvaalse wette bepaal dat gekommandeerde eiendomme nie terugbetaalbaar is nie.

Die Boereleiers het aangevoer dat dit onregverdig sou wees indien persone wat hulle nie goedgesind was nie op skadevergoeding aanspraak sou kon maak, terwyl die burgers wat die oorlogspoging gesteun het geen kompensasie vir gekommandeerde eiendomme sou ontvang nie.

Die meerderheid van die Koninklike Kommissie het egter in hierdie opsig van die Boereleiers verskil. Vir hulle was die opvatting van die Boere nóg wettig nóg regverdig. Volgens hulle het die vredesverdrag dit aan die Koninklike Kommissie oorgelaat om te besluit in welke gevalle verliese wat gely is deur die oorlog genoodsaak was, en in welke gevalle skadevergoeding betaal moes word. Hulle was van mening dat kommandering van private eiendom, sonder om daarvoor te betaal, nie deur oorlogvoering genoodsaak was nie en dat die oorspronklike eienaars geregtig sou wees om kompensasie vir hulle verliese te eis. Dit was verder, volgens hulle, nie billik dat Britsgesinde onderdane gedwing sou word om met hulle eiendom 'n oorlog te ondersteun waarvan die afloop hulle gegrief het nie.[6]

Sir Henry de Villiers was dit met die ander kommissarisse eens dat daar vir gekommandeerde eiendom betaal moes word, maar het beweer dat die vredesverdrag alle reg tot skadevergoeding

---

5. C. 3114, bl. 27.

6. Ibid.

ongedaan gemaak het.[7]

Na baie oorweging en ten spyte van besware van die Boere se kant, het die Kommissie besluit dat daar in die volgende gevalle skadevergoeding betaal sou word: verliese gely in gevalle waar eiendom tydens die oorlog gekommandeer is, beslagleggings, verbeurdverklarings, verwoesting en beskadiging van eiendom óf deur geweldpleging óf deur bedreiging deur gewapende persone.[8] Daarna is 'n kennisgewing in die pers gepubliseer waarin alle voornemende eisers vermaan word om hulle eise om skadevergoeding voor 1 Julie 1881 aan die sekretaris van die Koninklike Kommissie te stuur.[9]

Uit die aard van die saak was dit onmoontlik dat die Kommissie self die eise om skadevergoeding sou kon behandel en is met die goedkeuring van die kant van die Boereleiers besluit dat 'n sub-kommissie bestaande uit twee regters en 'n derde persoon benoem sou word om die eise aan te hoor en skadevergoeding vas te stel.[10] Daar is egter vooraf bepaal dat geen eise om indirekte verliese, soos waardevermindering van eiendom as gevolg van regeringsverandering, toegestaan sou word nie.[11]

In gevalle waar een of meer lede van die sub-kommissie nie in staat of onwillig sou wees om op die kommissie te dien, sou die orige lid of lede, in oorleg met die Boeregering en onderhewig aan die goedkeuring van die Hoë Kommissaris, een of meer persone kies om die vakatures te vul.[12]

---

7. „De Villiers held that payments for goods commandeered was fair, but inadmissible under the peace terms, which had only mentioned losses due to unjustifiable acts." (Walker: a.w., bl. 163) Vgl. ook C. 3114, bl. 27.

8. C. 3114, bl. 27. Vgl. ook Walker: a.w., bl. 163.

9. By. die in De Volksstem, d.d. 15 Junie 1881.

10. C. 3114, bl. 152-153. Op 5 Julie het Kimberley die aanbeveling goedgekeur maar daarop aangedring dat die derde persoon Engels moes wees. Regters J. de Wet, J.G. Kotze en Mnr. G. Hudson is as lede van die onder-kommissie benoem. (Walker: a.w., bl. 163) vgl. ook Leyds: a.w., bl. 370.

11. C. 3114, bl. 27. Vgl. ook Walker: a.w., bl. 163.

12. Leyds: a.w., bl. 370. Vgl. ook C. 3219, bl. 108.

Om sake te bespoedig is ooreengekom dat die twee regerings in alle gevalle eers sal probeer om eise wat teen hulle uitgewys word onderling met die eisers te skik en alleen in gevalle waar hulle nie tot 'n ooreenkoms kan geraak nie, die saak na die sub-kommissie te verwys.[13] Alle onkoste verbonde aan die sub-kommissie sou deur die twee regerings, in verhouding met die skadevergoeding teen hulle uitgewys, gedra word.[14]

Die Britse regering was in staat om alle eise wat teen hulle uitgewys is onmiddellik te betaal. Daar het egter 'n moontlikheid bestaan dat die Boere regering nie in staat sou wees om die skade-vergoeding wat hulle ten laste gelê kon word onmiddellik te betaal nie. Om hierdie rede het die Kommissie op 29 Julie 'n voorstel aan die Koloniale Kantoor gedoen dat die hele bedrag deur die Britse regering aan die Boere geleen moes word teen 'n rentekoers van 4½%. Daar is egter die voorwaarde gestel dat die Boere-regering jaarliks 'n terugbetaling van 6½% sou doen, wat dan voldoende sou wees om die skuld binne 25 jaar te delg.[15]

Op 5 Julie het Kimberley getelegrafeer dat hy die aanbevelings van die Koninklike Kommissie aanvaar, maar dat hy van mening was dat in alle gevalle waar die sub-kommissie nie eenparigheid oor 'n saak kon bereik nie, die saak na die Geheime Raad in Engeland verwys moes word.[16]

Hierdie voorstel van Kimberley kon egter nie deur die Koninklike Kommissie aanvaar word nie want, afgesien van die geweldige onkoste wat sulke appelle sou meebring en die baie tyd wat dit in beslag sou neem, sou dit onbillik wees teenoor arm mense wat tog nie hulle reg tot appél sou kon gebruik nie. Dit sou selfs onbillik wees teenoor persone wie se eise om skadevergoeding eenparig deur die Kommissie verwerp is.

„Your Commission, therefore, advised Lord Kimberley that in their opinion the objections to an appeal in these cases were insuperable, and Your Majesty's Government did not further press the point."[17]

---

13. C. 3114, bl. 27.
14. Ibid.
15. Ibid. Vgl. ook C.3114, bl. 152.
16. Ibid. bl. 28.
17. Ibid.

(ii) Staatsskuld.

Die skuldelas van die Republiek tydens die anneksasie is deur die Koninklike Kommissie op £301,727 vasgestel[18] en het die volgende bedrae ingesluit.

Lenings by die Kaapse Handelsbank....£63,000.[19]

Spoorweglening.....£93,000.[20]

Skulde aan die Weeskamer.....£16,000.

Lopende skuld.....£128,000.[21]

Tydens die Britse bewind is die lopende skuld afbetaal[22] asook £15,000 van die verskuldigde bedrag by die Kaapse Handelsbank en £8,000 van die spoorwegskuld.

Die Republikeinse skuld wat in 1877 aan die Britse bewindhebbers oorgedra is, is dus tydens die Britse bewind met £150,000 verminder.[23]

---

18. C. 3114, bl. 31. Vgl. ook Leyds: a.w., bl. 255. Dit is interessant dat verskillende persone, verskillende bedrae genoem het. 'n „Finansiële adviseur" het dit op £156,833 vasgestel(C.2114, bl. 279.) Sir H.Robinson het die Republikeinse skuld op £164,000 beraam(C.3144, bl. 248.) terwyl die Boereleiers dit op £255,000 vasgestel het.(C. 3219, bl. 114-115.)

19. Hierdie lening is in 1872-73 aangegaan om die papiergeld af te los.(C. 3114, bl. 31. Ook C. 3114, bl. 44)

20. Hierdie lening is in 1874 aangegaan en sou aangewend word om die Pretoria-Delagoabaai spoorweg te bou.(C. 3114, bl. 31. Ook C. 3114, bl. 44.)

21. Dit het die volgende skulde ingesluit: Onbetaalde rekenings in verband met die ekspedisie teen Sekoekoeni in 1875/6 ; agterstallige salarisse van staatsamptenare; ander uitstaande administratiewe onkoste; eise ten opsigte van die Delagoabaai-spoorwegskema en voorskotte van banke en ander instansies. (C. 3114, bl. 44.)

22. Volgens C.3114, bl. 44, is die skulde as volg afbetaal.

1877.....	£101,456 - 14 - 5.
1878.....	£ 11,381 - 19 - 2.
1879.....	£ 10,902 - 0 - 5.
1880.....	£ 3,762 - 9 - 0.
1881.....	£ 848 - 8 - 4.
Totaal.....	£128,351 - 11 - 4.

23. C. 3114, bl. 31. Vgl. ook C.3114, bl. 44.

Intussen was daar bykans geen sprake van 'n staatsinkomste nie, want die Boere was onwillig om hulle belastings te betaal terwyl dit eers na die onderwerping van Sekoekoeni teen die einde van 1879 moontlik geword het om belastings van die naturelle in te vorder. Hoewel die Britse regering dus meer as die helfte van die Republikeinse skuld afbetaal het, was die Britse bewindhebbers in Transvaal genoodsaak om nuwe skulde aan te gaan.[24]

In 1878 het die Transvaalse bewindhebbers van die Imperiale 'n parlementêre staatskas 'n skenking van £100,000 ontvang en moes groot lenings by die Standard Bank en by die Kroonagente vir Kolonies gemaak word, met die gevolg dat die skuldelas van Transvaal op 31 Desember 1880 as volg daar uitgesien het:[25]

Lenings van die Kaapse Handelsbank.....£ 48,000.

Spoorweglening.....£ 77,916.

Lenings van die Weeskamer.....£ 23,000.

Lenings van die Standard Bank.....£122,914.

Lenings van Kroonagente.....£ 7,867.

Parlementêre Skenkings.....£100,000.

Sedert die aanvang van die Vryheidsoorlog is die Transvaalse regering omtrent geheel en al geadministreer met fondse wat van die Imperiale staatskas ontvang is, want vam inkomste uit belastings was daar omtrent geen sprake nie. Groot somme geld is onder die pos "Koloniale Verdediging" bestee; nie alleen vir werklike oorlogsuitgawes nie, maar ook vir die onderhoud van die siviele bevolking in die beleerde dorpe.[26]

Die gevolg was dat verdere lenings by die Standard Bank en die Britse Staatskas gemaak moes word, en het die skuldelas van Transvaal na die Vryheidsoorlog as volg daar uitgesien:[27]

---

24. Op 16 Desember 1880 het die Boere 'n proklamasie uitgevaardig waarin hulle belowe het "De wettige uitgaven, wettig gedaan voor de noodzakelijke uitgaven des lands door de tusschenregering zullen erkend worden." (Aangehaal by Leyds: a.w., bl. 325.) Handelende op hierdie belofte, het die Koninklike Kommissie verskillende uitgawes wat deur die Tussenregering gemaak is, die Boere ten laste gelê. (C. 3219, bl. 15)

25. C. 3114, bl. 32 en 45.

26. C. 3114, bl. 45-48. Hierdie feite kom uit 'n verslag van W.B. Gurden, wat na Transvaal gestuur is spesiaal met die doel om die finansiële toestand alhier na te vors.

27. Ibid. bl. 32.

Lenings by die Kaapse Handelsbank.....£ 48,000.

Spoorweglening.....£ 85,667.

Lening by die Weeskamer.....£ 27,226.

£160,893.

Lening by die Standard Bank.....£150,000.

Lening by Kroonagente.....£ 16,500.

Lening by die Britse Staatskas.....£ 30,000.

Parlementêre Skenking.....£100,000.

£296,500.

Totaal.....£457,393.

Afgesien van bogenoemde skuld was daar nog ander uitgawes wat die nuwe Republikeinse regering ten laste gelê kon word.[28] In die eerste plek was daar 'n groot uitgawe wat tydens die onsuksesvolle ekspedisie in 1878 teen Sekoekoeni gemaak is, sowel as 'n som van £383,000 wat die onkoste tydens die suksesvolle ekspedisie teen Sekoekoeni in 1879 gedek het. Verder was daar die skadevergoeding aan amptenare wie se dienste nie deur die Boereregering benodig sou word nie sowel as skadevergoeding aan persone wat verliese as gevolg van oorlog gely het, en wat min of meer 'n bedrag van £200,000 bedra het.

Indien die uitgawe ten opsigte van die onsuksesvolle ekspedisie teen Sekoekoeni buite rekening gelaat sou word, sou daar nog 'n som van min of meer £100,000 deur die Republiek verskuldig wees.[29]

Die Koninklike Kommissie het onmiddellik tot die slotsom geraak dat dit nie alleen onbillik nie, maar ook heeltemal onmoontlik vir die nuwe regering sou wees om so 'n geweldige skuldelas te dra. "The new Government will have no balance in hand with which to commence and will scarcely be able to borrow any large sum until have given some proof of stability."[30]

---

28. Ibid, bl. 32. Vgl. ook C. 3114, bl. 45-48.

29. Dit kan dus gesien word dat die dikwels herhaalde bewering, dat die Britse regering slegs 2/6 in die skatkis van Transvaal gevind het, en dit in 'n welvarende toestand gelaat het, heeltemal onjuis was.
Gurden, die onder-kommissaris vir Finansies het in sy verslag aan die Koloniale Kantoor gesê dat dit te betreur was dat bewerings, soos hierbo genoem, gemaak moes word deur diegene (verwys hier na Shepstone) wie se amptelike posisie hulle in staat gestel het om juiste inligting aangaande die finansies van die land te kon bekom.(C. 3114, bl. 45.

30. C. 3114, bl. 248.

Op 1 Julie en later weer op 4 Julie het hulle aan die Koloniale Kantoor voorgestel dat die bedrag wat vir skadevergoeding nodig was, aan die Boereregering teen 'n rentekoers van 4½% geleen moes word, op voorwaarde dat die skuld binne 25 jaar afbetaal sou word. Verder het hulle aanbeveel dat die Boere heeltemal onthef moes word van die onkoste wat aan die suksesvolle ekspedisie teen Sekoekoeni verbonde was.[31]

Daar het dus nog 'n bedrag van £457,393 die Republiek ten laste gelê. Van hierdie bedrag was £160,893 verskuldig aan die Kaapse Handelsbank, die krediteure van die spoorweglening en aan die weeskamer. Omdat dit skuld was wat reeds voor die anneksasie uitstaande was, het die Kommissie besluit dat hierdie bedrag as eerste eis teen die staatsbelasting sou tel.

Na oorweging het die Koninklike Kommissie aanbeveel dat van die orige skuld,(£296,500) die onkoste verbonde aan die anneksasie, die uitgawe deur die Transvaalse regering(Brits) tydens die oorlog en 'n paar ander items waarteen die Boereregering beswaar kon maak,[32] afgetrek sou word.

Hierdie aftrekkings het dié deel van die skuld na ongeveer £260,000 verminder. Nadat besluit is om die bedrag nog verder na £250,000 te verminder, is aanbeveel dat daardie bedrag dan beskou moes word as die bedrag wat wettiglik tot voordeel van Transvaal tydens die Britse regering bestee is.[33]

Daar is toe uiteindelik deur die Koninklike Kommissie aanbeveel dat hierdie £250,000 tesame met die beraamde bedrae vir pensioene en skadevergoeding aan lojaliste tydens die oorlog,[34] gekonsolideer sou word en dat die Britse regering 'n bedrag van £500,000 aan die Republikeinse regering sou leen.

---

31. Ibid.Die Kommissie het daarop gewys dat die rente op die bestaande skuld, die delgingsfonds, pensioene en die salaris van die Resident, jaarliks 'n bedrag van £52,000 sou bedra. Indien die administrasiekoste van Transvaal wat voor die anneksasie reeds £6,000 beloop het, daarby gevoeg word, sou dit beteken dat die normale uitgawe van Transvaal reeds £112,000 sou wees - 'n bedrag wat moeilik deur belasting byeen gebring sou kon word.
32. Onder hierdie items het o.a. getel: 'n taamlike buitensporige bedrag vir die herstel van die telegraaflyn tussen Newcastle en Pretoria en onkoste in verband met 'n finansiële ondersoek deur ene mnr.Sargeant in 1877 (C.3114, bl. 46)
33. "..voor het privilege van geannekeerd geweest te Zijn." Leyds: a.w., bl. 257)
34. Pensioene het ongeveer £15,000 bedra en skadevergoeding 'n verdere £200,000. (C. 3114, bl. 33)

Op 23 Julie het lord Kimberley hierdie voorgestelde skema van die Koninklike Kommissie goedgekeur op voorwaarde dat die Boereregering 'n rentekoers van 3½% sou betaal en £2 - 10 - 9 per jaar in 'n delgingsfonds sou stort sodat die totale skuld oor 'n tydperk van 25 jaar afbetaal sou kom word.[35]

Transvaal sou dan sy skuld in die volgende volgorde van prioriteit aan sy krediteure terugbetaal.[36]

Eerste eis teen Staat	:	Kaapse Handelsbank. £ 48,000.
	:	Spoorweglening.....£ 85,000
	:	Weeskamerfonds.....£ 27,000
Tweede eis teen Staat	:	Britse Staatskas....£265,000
	:	plus die volle bedrag vir skadevergoeding
	:	aan lojaliste uitbetaal.[37]

As die finansiële toestande in Transvaal voor die anneksasie vergelyk word met die toestande by die herstel van onafhanklikheid, kan enigsins verstaan word waarom die Boere so heftig beswaar gemaak het teen die feit dat hulle , behalwe die verhoogde staatskuld, ook nog 'n aansienlike bedrag aan skadevergoeding moes betaal. Hoewel Engeland in 1884 besluit het om hierdie bedrag aansienlik te verminder, het daar tog nog bo en behalwe die oorspronklike skuld, 'n bedrag van £131,000 op die kerfstok van die Boere gebly „ als vergoeding voor de Britsche bemoeiingen."[38]

---

35. C. 3114, bl. 249. Vgl. ook C. 3114, bl. 33.

36. C. 3114, bl. 33.

37. Hierdie bedrag het uiteindelik op £137,000 te staan gekom. (Leyds: a.w., bl. 257.)

38. Leyds: a.w., bl. 257.

HOOFSTUK IX.

BEKRAGTIGING VAN DIE PRETORIA-KONVENSIE.

(i) Die Driemanskap onderteken die Pretoria-konvensie onder protes.

Op 3 Augustus 1881 het die Driemanskap uiteindelik die Pretoria-konvensie onderteken. Dat dit egter alleen onder die uiterste druk van omstandighede geskied het, blyk duidelik uit 'n brief wat hulle kort voor die ondertekening van die Konvensie, aan die Koninklike Kommissie gerig het: "Leden der Koninklijke Commissie wij willen een ernstig verklaring afleggen voordat wij de Conventie teekenen.

Wij hopen van gancher harte dat deze Conventie het einde zal zijn van alle tweedracht die helaas meer dan 46 jaar bestaan heeft.

Wij tekenen deze Conventie met een zwaar hart, maar wij wenschen voor zooveel in ons is een oorlog te voorkomen die aan de eene zijde onrechtvaardig, aan de andere kant zelfmoord zou wezen.

Wij betreuren het diep dat onze verschillen de ontmoetingen met de Koninklijke Commissie bijna nooit werkelijk conferenties zijn geweest en dat zelfs vele bepalingen en artiekelen der Conventie zonder overleg met ons zijn voorgesteld, en vele anderen niet slechts rechtstreeks tegen onze zin maar in strijd met de vredesovereenkomst."[1]

In 'n onderhoud met lede van die Uitvoerende Raad op 2 Augustus 1881 was die Driemanskap selfs nog meer uitgesproke. Hier het hulle nie alleen beweer dat hulle die Konvensie onderteken het om verdere bloedvergieting te voorkom nie, maar ook die volgende openbaring gemaak:[2] " Wij hebbem aan de Koninklijke Commissie punt voor punt onze ernstige bezwaren voorgelegd.[3] Wij zeggen dat de bepalingen van de betrekkingen met het buitenland, die verplichtingen van den Resident, de schadevergoedingen voor verliesen gedurende den oorlog, tegen de vredesovereenkomst zijn; dat verder de afsnijding van gronden , en de compensatie daarvoor onbillijk is; dat met de Kaffers te veel wordt toegegeven aan den Resident."

---

1. Aangehaal by Pieterse: a.w., bl. 37.
2. B.V, 2.No.21, d.d. 2 Augustus 1881.
3. Hulle het hierdie besware teen die konsep-konvensie wat op 8 Julie aan hulle voorgelê is, ingebring.(C.3219, bl. 96.)

Hoewel die Konvensie op 3 Augustus deur die Driemanskap onderteken is, is die landsregering nie voor 8 Augustus aan die Boereleiers oorhandig nie.[4] Byna op dieselfde plek waar die heer Melmoth Osborn in 1877 die anneksasie-proklamasie afgelees het, het die Koninklike Kommissie met sy indrukwekkende gevolg vergader om die anneksasie formeel op te hef.

Dr Jorissen het hom as volg oor hierdie verrigtinge uitgelaat: „Hier was het te doen om eene machtsvertooning. In diepe minachting van den Engelschman voor alle andere volken, bedoelde hij den indruk te geven, dat de herstelde Transvaalsche Republiek eene vrije genadegift was van de absolute Souvereine der aarde.

Voor ons kwam de ernst der historische rechtvaardigheid aan het licht, Engeland dat in 1877 het volkenrecht schond, moest op de plaats zelve van het onrecht, bekentenis van zijn onrecht doen en geschonden eer herstellen."[5]

Op 10 Augustus het die ou Volksraad vir die laaste keer vergader[6] en is besluit dat die nuwe volksraad, wat intussen verkies sou word,[7] op 21 September byeen sou kom om die Konvensie te bekragtig.

(ii) Besware van die Volksraad teen die Konvensie.

Vise-president Paul Kruger en die ander lede van die Driemanskap het 21 September met huiwering sien nader. Eers dan sou beslis kon word of die ondertekening van die Konvensie blywende vrede sou bring. Hulle was ook maar al te bewus dat hulle 'n byna onaanneembare dokument vir bekragtiging aan die Volksraad sou moes voorlê.

In sy openingsrede het die Vise-president dan ook dadelik 'n verdedigende houding ingeneem en die Volksraad tot versigtigheid

---

4. C. 3098, bl. 79. Vgl. ook De Volksstem, d.d. 6 Augustus 1881; Nathan: a.w., bl. 184; Pieterse: a.w., bl. 39.

5. Jorissen: a.w., bl. 119-120. Vgl. ook Pieterse: a.w., bl. 40. 'n Volledige verslag van die gebeure op dié dag verskyn in De Volksstem d.d. 10 Aug. 1881. Vgl. ook Van Oordt: a.w., bl. 356-358.

6. De Volksstem d.d. 3 Aug 1881. (Dit was die Volksraad van vóór 1877.)

7. Die verkiesing sou tussen 2-10 September plaasvind en die veldkornette en lede van die ontbonde Volksraad sou as kiesbeamptes optree. De Volksstem d.d. 13 Aug. 1881.

gemaan. Hy het ruiterlik erken dat die lede van die Driemanskap vir geen oomblik kon verwag dat die Konvensie tevredenheid sou bied nie, maar andermaal daarop gewys dat dit juis hulle liefde vir hulle Vaderland en hulle belangstelling in die welvaart van Suid-Afrika was, wat hulle genoodsaak het om die Konvensie te onderteken. Hy het daarop gewys dat daar in menige gevalle direk teen die aanbevelings van die Driemanskap gehandel is, maar verder opgemerk: „Wij hebben echter de overtuiging dat vele, zoo niet alle, van onze gemaakte aanmerkingen later zullen blijken gegrond te zijn geweest, en dat de Britsche Regeering zelve voorstellen tot wijzigingen en veranderingen in de Conventie zal moeten indien."[8]

Elke verteenwoordiger van die Volksraad was diep onder die indruk van die belangrike beslissing wat deur hulle gevel sou moes word. Die voorsitter het hulle telkemale tot geduldigheid en versigtigheid gemaan[9] terwyl die Vise-president die saak so duidelik moontlik probeer stel het deur te sê: „Gij hebt tusschen twee dingen te kiezen, óf de Conventie goed te keuren, óf naar Laing's Nek terug te gaan." [10] Dit was duidelik dat 'n groot aantal Volksraadslede lg. verkies het.

In wanhoop het een van die lede, F.G.Roos, gevra of die Konvensie nou moes verdelg wat kanonne en bomme nie kon doen nie,[11] terwyl die here Preller, Spies en van Heerden heftig te velde getrek het teen die uitgebreide magte van die Soeserein wat die onafhanklikheid van die Staat in sy kern aangeraak het.[12]

„Als het volk geweten had dat die Conventie aan hen zoude worden voorgelegd 't zou liever gevochten hebben tot op den laatsten man toe; want het heeft gevochten voor vrijheid: En wat zou het onder deze Conventie hebben?" [13]

---

8. EVR 14. Volksraadsnotule, art. 1. d.d. 22 September 1881. Vgl. ook Van Oordt: a.w., bl. 364. Pieterse: a.w., bl. 41.
9. Ibid.
10. Aangehaal by Van Oordt: a.w., bl. 366. (Deur my onderstreep).
11. E.V.R. 14. Volksraadsnotule, art. 4, d.d. 24 September 1881.
12. Ibid. Vgl. ook Pieterse: a.w., bl. 42.
13. Ibid., art. 40, d.d. 28 Sept. 1881. Vgl. ook Pieterse: a.w., bl. 42. (Deur my onderstreep.)

Hierdie woorde is deur een van die lede gebesig, maar daarmee het hy die gevoel van bykans die hele vergadering vertolk.

Dit was ongetwyfeld 'n kritieke tyd. Die lojaliste het gehoop dat die Konvensie nie bekragtig sou word nie en dat die oorlog hervat sou word. [14] In Natal was daar groot bedrywigheid onder die Britse troepe en Wood, wat steeds daarna uitgesien het om Transvaal te onderwerp, se bewegings na die Transvaalse grense was van so 'n aard dat die Britse regering hom genoodsaak gevoel het om Wood te waarsku dat geen troepebewegings sonder toestemming van Sir H. Robinson gemaak moes word nie. [15]

Nadat die Volksraad vir bykans twee weke die Konvensie - soms agter geslote deure - bespreek het, het hulle uiteindelik besluit om Paul Kruger se raad om "....nog ander dingen (te) beproeven" te aanvaar en is besluit om die Engelse regering te versoek om op vriendskaplike wyse 'n paar veranderings in die Konvensie aan te bring. [16]

Op 3 Oktober 1881 het die Driemanskap aan Gladstone berig [17] dat die Volksraad die mening toegedaan is dat die Konvensie in die eerste plek strydig is met die Sandrivier-Konvensie van 1852 en dat dit in die tweede plek nie ooreenkomstig is met die vredestraktaat wat met Sir E. Wood aangegaan en deur Lord Kimberley onderteken is nie. Voordat die Konvensie dus bekragtig kon word, vra die Volksraad dat die volgende wysigings aangebring moes word:

1. Die Soevereiniteit het geen reg om die buitelandse beleid vir sy onderhorige staat te voer nie, maar sou alleen 'n mate van kontrole daaroor uitoefen; derhalwe moes art. 2 en 18 dienooreenkomstig verander word.

2. Volgens die vredestraktaat wat met Wood gesluit is, sou die Staat wat binnelandse aangeleenthede betref, volkome self-bestuur ontvang en daarom sou die Volksraad, indien hulle art. 3,

---

14. In die verwagting natuurlik dat Engeland so 'n oorlog moes wen.

15. Van Oordt: a.w., bl. 366.

16. E.V.R. 14. Volksraadsnotule, art. 40, d.d. 28 Sept. 1881. Vgl. ook Pieterse: a.w., bl. 43.

17. C. 3098, bl. 87. 92. Vgl. ook S.S. 2159; Leyds: a.w., bl. 381-82; Van Oordt: a.w., bl. 366; Pieterse: a.w., bl. 44.

13 en 26 onveranderd aanvaar, die plegtige verbintenis met Wood verbreek. Die Soeserein het geen reg om hom met die wetgewing van die Staat te bemoei nie en die Resident as vreemdeling kon nie as trustee vir eiendomme van Republiekeinse onderdane optree nie. Dit sou verder benede die waardigheid van die Resident wees om as lid van 'n kommissie op te tree.[18]

3. Die skulde wat die Republiek ten laste gelê is, is sonder 'n behoorlike ondersoek aan beide kante vasgestel en daarom word gevra dat art. 10 gewysig moes word. Die bepaling betreffende kompensasie is nie in ooreenstemming met die vredesverdrag nie en by art.8 moes die woord ,kommandering' weggelaat word.[19]

4. Aangesien die Britse regering sekere Transvaalse onderdane van hulle grond beroof het, sou dit hulle plig, en nie die van die Boereregering wees om kompensasie aan die betrokke persone uit te betaal nie.[20] Art. 20 moes dus gewysig word.

5. Aangesien artikels 15, 16, 26 en 27 oorbodig was en alleen 'n bron van aanstoot kon wees, word aanbeveel dat genoemde artikels wegelaat moes word.[21]

Dit is baie duidelik dat die Soesereine regte wat Engeland hom in die Konvensie van Pretoria voorbehou het, die vernaamste oorsaak vir die ontevredenheid by die Boere was. Die Volksraad was oortuig dat die selfstandige ontwikkeling van die Republiek baie ernstig deur die Soeserein gedwarsboom sou word.

Op 10 Oktober 1881 het Gladstone in die Britse Laerhuis aangekondig dat hoewel die toekoms mag leer dat daar sekere veranderings in die Transvaalse skikkings aangebring sou moes word, die

---

18. Hier word na die Lokasiekommissie verwys.

19. Die Boere het altyd die standpunt gehuldig dat skadevergoeding nie vir gekommandeerde goedere betaal kon word nie.

20. By die vasstelling van die oostelike en westelike grense vir Transvaal, is sekere persone se plase aan naturelle gegee aangesien dit buite die vasgestelde grense geval het. Volgens art. 20 was dit die plig van die Transvaalse regering om hierdie kompensasie te betaal.

21. Art. 15 het slawerny belet; art. 16 het die Godsdiensvryheid beklemtoon; art. 26 het vryheid aan alle onderdane gewaarborg en art. 27 het vrye toegang tot geregshowe aan alle persone belowe.

waardigheid van Engeland vereis dat die belange van die inboorlinge in Transvaal beskerm moes word.[22]

Op 13 Oktober het hy aan die Transvaalse regering getelegrafeer dat aangesien die Driemanskap die Konvensie onderteken en belowe het om dit binne drie maande te laat bekragtig, die Britse regering geen wysigingsvoorstelle kon oorweeg alvorens dit nie bekragtig en aan praktiese toetse onderwerp is nie.[23]

Op 15 Oktober het die Volksraad sy spyt oor die teleurstellende antwoord van Engeland te kenne gegee dog 'n laaste poging aangewend om sekere bepalings gewysig te kry. Aangesien hulle besware betreffende die skuld en skadevergoeding tog nie aan praktiese toetse onderwerp kon word nie, het hulle by Engeland aangedring om in dié opsig aan hulle eise te voldoen, maar die Britse regering was onbeweeglik en het by sy vorige antwoord gebly.[24]

„Goedkeuring of Langesnek" was vise-president Kruger se waarskuwende woorde aan die Volksraad.[25] Dog om Laing's Nek te herbeset sou tans nie meer so 'n maklike taak wees nie. Die Engelse magte in Natal is intussen aansienlik versterk [26] en by die minste aanduiding van vyandelikheid aan die kant van die Boere sou die Britse magte, wat gereed gelê het, al die strategiese punte beset en was die stryd vir Transvaal verlore.

Bewoë onder die druk van omstandighede en magteloos om hulle daarteen te verset, was die Volksraad, netsoos dit die geval met die Driemanskap voor hulle was, uiteindelik verplig om die Konvensie te bekragtig en is C.B.Otto, N.J.Smit en C.Neethling gekies om 'n konsepbesluit oor die Konvensie uit te bring.[27]

Op 25 Oktober 1881 is die konsepbesluit voor die Volksraad

---

22. Dit, tenspyte van die feit dat die Boere herhaaldelik verseker het dat die naturelle se belange wel beskerm sou word. (Van Oordt: a.w., bl. 367.)

23. C. 3098, bl. 91. Vgl. ook Leyds: a.w., bl.382; Pieterse: a.w., bl.46; Van Oordt: a.w., bl. 367.

24. V.R.R. 57/81. by. R. 5666/81, in S.S. 218. Vgl. ook Pieterse: a.w., bl. 46.

25. Sien bl. 193.

26. Ibid.

27. E.V.R. 15. Volksraadsnotule, art. 173, d.d. 22 Okt. 1881.

gelê en is dit as ratifikasiebesluit van die Volksraad aanvaar.[28] Hierin het die Volksraad dit benadruk dat daar in werklikheid net twee beweegredes was wat hulle genoodsaak het om die Konvensie te bekragtig. Die eerste was 'n vrees vir hernieude bloedvergieting tussen volke wie se plig dit is om mekaar te eer en te verdra, en die tweede is 'n vrees vir hernieude verdeeldheid tussen die vernaamste verteenwoordigers van die blanke rasse in Suid-Afrika, wat tot gevolg kon hê dat die welvaart van alle State en Kolonies in Suid-Afrika nadelig getref word.[29]

Hierna het die Volksraad weer hulle besware teen die Konvensie punt vir punt uiteengesit.

1.In plaas van om leiding te neem in die buitelandse aangeleenthede van die Republiek, verlang die Volksraad dat daar alleen 'n mate van kontrole deur die Soeserein uitgeoefen moes word.

2.Die Soeserein moes nie die reg hê om hom met die wetgewing van die land te bemoei nie.

3.Die Resident moes alleen as verteenwoordiger van die Soeserei dien.

4.Aangesien Engeland daarvoor verantwoordelik was dat sekere burgers hulle eiendomme ten ooste en ten weste van Transvaal verloor het, was dit Engeland en nie die Transvaalse regering se plig om die betrokke burgers daarvoor te vergoed nie.

5.Landskulde moes alleen betaal word in gevalle waar dit wettig bewys kon word dat sulke skulde wel aangegaan is, en dan wel alleen in gevalle waar die behoeftes van die land dit geregverdig het.

6.Skadevergoeding moes alleen betaal word in gevalle waar verliese nie deur oorlogvoering genoodsaak was nie.[30]

Treffend is die slotwoorde van die ratifikasiebesluit: „Het is daarom dat de Volksraad besluit gelijk hij besluit bij dezen, niet verder over de Conventie te discussiëren en alle

---

28. Ibid. art. 173, d.d. 22 Okt. 1881.

29. Ibid.

30. E.V.R. 15. Volksraadsnotule, art. 186. d.d. 25 Okt. 1881.

bezwaren handhavende tegen de Conventie zooals die in de zittingen der Koninklijke Commissie zijn aangegeven of in den Volksraad zijn opgesomd en ten einde voor allen en een ieder te toonen dat liefde voor vrede en eendragt hem bezielt.

Vooralsnog en voorlopig de artikelen den Conventie aan een practische toets onderwerpende hiermede voldoende aan het verzoek van de Engelsche Regering in het telegram van 13 Oct. 1881 er toe overgaat de Conventie van den 3 den Augustus 1881..... te ratificeeren." 31)

Op 19 Desember het Kimberley die Ratifikasie-akte van die Pretoria-Konvensie erken 32) en op 7 Februarie 1882 het hy aan Robinson 'n skrywe gerig waarin hy aan hom meegedeel het dat die werk van die Koninklike Kommissie onder die aandag van die Koningin gebring is en dat sy haar persoonlike waardering en dank teenoor al die lede van die Kommissie uitgespreek het. 33)

Daarmee het die gordyne gesak oor 'n gebeurtenis wat deur die "Times" beskryf is as „(the) most motiveless quarrel into which we have been plunged." 34) Dit het niemand tevrede gestel nie en dit is dan ook heeltemaal geregverdig as die "Times" opmerk: „It is a settlement which settles nothing, which gives rights of interference we have no means to excercising, and which thus lays us under obligations which we may find it far from easy to discharge." 35)

Dit het 'n einde gebring aan dié, vir Engeland, mees nodelose oorloë wat op Suid-Afrikaanse bodem gevoer is, maar tog die deur wawyd oopgelaat vir verdere botsings wat in die toekoms sou ontstaan.

Die soesereine regte wat Engeland vir haarself toegeëin het, moes uiteindelik tot verbittering en verdere botsings lei, terwyl haar reg op inmenging in die naturelle-aangeleenthede van Transvaal 'n onhoudbare posisie kon skep, wat wanorde en wetsverbreking tot gevolg kon hê.

---

31. Ibid.
32. C. 3098, bl. 161.
33. Ibid.
34. Aangehaal by De Volksstem, d.d. 17 Sept. 1881.
35. Ibid.

Die Konvensie moet nie alleen veroordeel word oor wat dit self was nie, maar moet gesien word in die lig van veel meer doeltreffende maatreëls wat in die plek van baie bepalings getref kon word.

Die Konvensie mag vir Engeland 'n gerieflike uitkoms uit 'n netelige posisie gewees het, maar kon die feit wat „The Standard" pragtig openbaar, nie verberg nie:

„As it is, our Government has not the courage of its opinions and it has added to the bitterness of defeat the sting of attempted imposture." 36)

Nooit voorheen is 'n Konvensie en sy opstellers met so min geesdrif begroet nie.

---

36. Aangehaal by De Volksstem, d.d. 22 Nov. 1881.

SLOT.

In 1879 is Shepstone deur Lanyon as administrateur van Transvaal opgevolg. Sy taktlose en uitdagende optrede het uit die staanspoor die reeds bestaande ontevredenheid onder die Boere vererger. Wolseley se besoek aan Transvaal het toestande nie juis verbeter nie. Daar sou egter miskien nog daarin geslaag kon word om openlike botsings af te wend as dit nie was dat die semi-militêre regering van die land vir die Boere op die lange duur te veel geword het nie.

Volksvergaderings is op verskillende plekke gehou en algaande het dit duidelik geword dat die lydelike verset van die Boere tot gewapende opstand sou oorgaan. Vanaf 8 tot 13 Desember 1880 is 'n groot volksvergadering te Paardekraal gehou, 'n Driemanskap gekies en het die Boere besluit om hulle vryheid met geweld te herstel. Op 16 Desember 1880 is die Republikeinse vlag andermaal gehys en reeds op 20 Desember het die Boere bewys dat die saak vir hulle erns was, toe hulle vir kolonel Anstruther by Bronkhorstspruit oorrompel het. Die Britse garnisoene by Potchefstroom, Pretoria en Standerton is lamgelê terwyl komdt-genl. P.J.Joubert na die Natalse grens opgeruk het om te verhoed dat die Engelse magte Transvaal vandaar binneval.

Die slae van Laing's Nek en Ingogo, maar veral die slag van Majuba het Engeland uit sy sluimerslaap laat ontwaak.

Die Gladstone-regering wat ten gunste van Transvaalse onafhanklikheid was, het hulle verplig gevoel om vrede te sluit. Op 6 Maart is 'n wapenstilstand gesluit en is daar met vredesonderhandelings begin.

Stormagtige besprekings waartydens hoop en vertwyfeling mekaar snel opgevolg het, was 'n kenmerk van die onderhandelings wat gevolg het. Die Boere was nie met 'n halwe vryheid tevrede nie terwyl Engeland, na die reeks verpletterende neerlae, nie bereid was om meer toegewings te maak nie.

Op 21 Maart is die vredesverdrag by Laings Nek onderteken en is dit aan 'n Koninklike Kommissie opgedra om die vredesbepalings nader te omskryf en dit in 'n konvensie te formuleer.

Die Koninklike Kommissie bestaande uit sir H.Robinson,

president, sir E.Wood en sir H.de Villiers het met hulle werksaamhede op 29 April 'n aanvang geneem.[1)]

Die Kommissie het tot 31 Mei in Newcastle vergader. Die opdrag van Kimberley het groot probleme vir die Kommissie geskep. In sommige gevalle het die Boere aangevoer dat Kimberley se opdrag aan die Koninklike Kommissie nie ooreenkomstig die vredesverdrag was nie; 'n argument wat deur De Villiers gesteun is. Kimberley se versoek dat 'n wesgrens vir Transvaal vasgestel moes word, dat voorsiening vir staatsskuld gemaak moes word en die aanstelling van 'n lokasie-kommissie was wel nie ooreenkomstig die vredesverdrag nie maar tog redelike versoeke. Dit was egter sy interpretasie van "Britse soesereiniteit" wat byna tot gevolg gehad het dat die Konvensie deur die Volksraad verwerp is.

Die sake wat die meeste aandag van die Koninklike Kommissie in beslag geneem het was die verhoor van beweerde oorlogsmisdadigers, vasstelling van 'n oostelike en westelike grens vir Transvaal, kompensasie en die soesereine regte wat deur Engeland gereserveer is.

Teen die middel van Junie het die Koninklike Kommissie sy samesprekings in Pretoria hervat en is die 36 klousules van die Konvensie uiteindelik voltooi. Twintig van die klousules is onmiddellik deur die Boere-afvaardiging aanvaar, dog oor die res het daar hewige meningsverskille ontstaan. Veral in die geval van die herinstelling van Britse outoriteit, ingeval die Volksraad sou weier om die Konvensie te bekragtig, het groot ontevredenheid tot gevolg gehad. Beide partye het tot die gevolgtrekking gekom dat dit makliker is om 'n staat te annekseer as om 'n anneksasie ongedaan te maak.

Die ou Volksraad is ongeldig verklaar en die idee van die van die verkiesing van 'n nuwe Volksraad voordat Britse bestuur opgehef is, is verwerp. Derhalwe is besluit dat die regering van die land aan die Driemanskap oorhandig sou word sodra die Konvensie onderteken is maar onder voorwaarde dat die Konvensie bekragtig moes word deur 'n nuwe volksraad,wat binne drie maande vanaf daardie datum verkies moes word.

---

1. Robinson het eers later opgedaag.Sien hierbo bl. 36.

Op 25 Oktober is die Pretoria-konvensie onder protes geratifiseer en het daar 'n tydelike verposing gekom in die stryd tussen Boere-nasionalisme en Britse imperialisme wat met die ontdekking van goud in Transvaal, hewiger as ooit sou opvlam.

GERAADPLEEGDE BRONNE.

I Argivale Bronne.

A. Onuitgegewe stukke in die Staatsargief te Pretoria.

1. Argief-afdeling Boere-Voormanne(aangedui B.V.)

2. Argief-afdeling Staatssekretaris,S.A.Republiek 1877-1881. (aangedui S.S.)
   a. Inkomende stukke.(aangedui R.)

3. Argief-afdeling Uitvoerende Raad S.A.Republiek,1880-1881.)
   a. Besluite of notule van die Uitvoerende Raad.(aangedui U.R.)

4. Argief-afdeling Eerste Volksraadsnotule.(aangedui E.V.R.)
   a.Argief-afdeling Eerste Volksraadsnotule Inkomende stukke. (aangedui V.R.R.)

5. Joubert-versameling.

6. Leyds-versameling.

B. Uitgegewe Stukke.

1. Britse Blouboeke (aangedui C.)

2. Groenboek van die Suid-Afrikaanse Republiek,1884.

3. Eybers, G.W.: Select Constitutional Documents illustrating South African History 1795-1910. second impression; George Routledge & Sons,Ltd., London, 1918.

II. Koerante.

1. De Volksstem, 1878-1884.

2. Transvaalsche Gouvernements Courant.

3. Staats-Courant van de Zuid-Afrikaansche Republiek gedurende den Vrijheidsoorlog, 1881.

III. Sekondêre bronne.

A. Ongepubliseerd.

1. Heyns, dr.M: Die Eerste Vryheidsoorlog 1877-1881. (D.Litt-proefskrif,Universiteit van Pretoria, 1944)

2. Krüger,D.W.: Die Republiek Stellaland.(M.A-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1932)

3. Pieterse, D.J: Transvaal en Britse Soesereiniteit, 1881-1884.(M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1932)

B. Gepubliseerd.

1. Bellairs, Lady: The Transvaal War, 1880-1881; Blackwood & Sons, London, 1885.

2. Botha, dr. Philip R: Die Staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds, 1844-1899; Swets & Reitlinger, Amsterdam, 1926.

3. Butler, sir William: An Outobiogrphy by Lieut.General The Rt.Hon.sir W.F. Butler,G.C.B; Constable & CO. Ltd. London 1911.

4. Cambridge History of the British Empire ; Vol. VIII, South Africa; Cambridge Universety Press, 1936.

5. Carter, Thomas Fortescue: A Narrative of the Boer War; its causes and results; J.C.Juta & Co., London,1899.

6. Engelbrecht, dr. S.P: Thomas Francois Burgers; 'n Lewenskets; J.H. de Bussy,Pretoria,1933.

7. Gardiner, Samuel R: Students History of England; Longmans Green & Co., London, 1902.

8. Haggard,Rider H: The Last Boer War; Kegan,Paul,French, Trübner & Co., Ltd., Paternoster House, Charing Cross Road, London, 1899.

9. Hofmeyr,dr.S: Die Boere-Republieke en die Volkereg; Kemink en Zoon, N.V.-Over den Dom, Utrecht, 1933.

10. Jorissen, dr. E.J.P.:Transvaalsche Herinneringen 1876-1896; J.H. de Bussy,Amsterdam-Pretoria,1897.

11. Jorissen, dr. E.J.P: De Vredesonderhandelingen op Langenek, Maart 1881; Herinneringen en waarschuwingen door J.F.Celliers; Gouvernementsdrukker, Pretoria,1885.

12. Kotzé, sir John: Biographical Memoirs and Reminiscences; Maskew Miller, Ltd., Cape Town, 1934.

13. Leyds, dr. W.J.: De Eerste Annexatie van de Transvaal; Allert de Lange, Amsterdam, 1906.

14. Leyds, dr. W.J.: Het insluiten van de Boeren-Republieken, Deel 1; Allert de Lange, Amsterdam, 1914.

15. Lovell, B.R.I.:The Struggle for South Africa; A study in Economic Imperialism, 1875-1899; The Macmillan Company, New York(ongedateerd.)

16. Meicklejohn,J.M.D.: A New History of England and Great Britain; Alfred M. Holden,London, 1897.

17. Morley, J.: The Life of William Ewart Gladstone; Macmillan and Co., Ltd., London, 1903.

18. Nathan, Manfred:South Africa from Within; John Murray, Albemarle Street, London, 1926.

19. Nixon, John: The Complete Story of the Transvaal from the Great Trek to the Convention of London; Sampson Law, Marston, Searle and Rivington, Crown Buildings, 1885.

20. Scholtz, dr. G.D.: President Johannes Henricus Brand, 1823-1888; Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1957.

21. Statham, Reginald F.: Paul Kruger and his Times; T. Fisher Urwin, London, 1898.

22. Theal, George Mc Call: History of South Africa from 1873 to 1884; George Allen & Urwin Ltd., London, 1919.

23. Vander Walt, dr. A.J.H.,Wiid,dr. J.A. en Geyer,dr. A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika(Twee dele),Kaapstad, 1951.

24. Van Jaarsveld, dr. F.A.: Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners Deel I; Pioniershartstogte 1836-1864, Johannesburg, 1951.

25. Van Jaarsveld, dr. F.A.:Die Ontwaking van die Afrikaanse nasionale Bewussyn; Voortrekkerpers,Johannesburg, 1957.

26. Van Oordt,J.F.: Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek; Jaques Dusseau & Co., Kaapstad, 1898.

27. Walker, Eric A.:A History of South Africa; Longmans Green & Co.,Ltd., London, 1928.

28. Walker, Eric A.: Lord de Villiers and his Times; South Africa 1842-1914; Constable & Co.,Ltd., London, 1925.

29. Weilbach, Kommandant J.D. en Du Plessis C.N.J.: Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog, St.George'sstraat, Kaapstad, 1882.
